ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA
Vrye Weekblad
10 Augustus 1990
Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

# Wat kan die nuwe Suid-Afrika nou nog keer?



Umkhonto se 30 jaar

FW se 180 dae

Gesprek met Dick Tracy

Irak: die wêreld is magteloos

Wie het Lubowski vermoor?

## *Die Kerk en die weermag:*

# 'Demilitariseer die kapelaandiens'

**In die jongste uitgawe van Die Kerkblad verskyn 'n brief, onderteken deur 16 dienspligkapelane, waarin gevra word dat die Suid-Afrikaanse Weermag se kapelaandiens gedemilitariseer moet word. INA VAN DER LINDE berig**

DEMILITARISEER die Weermag se kapelaansdiens, want dit het in 'n soort militêre staatskerk ontwikkel! Dit is die strekking van briewe en artikels wat die afgelope tyd in Die Kerkbode, amptelike blad van die NG Kerk, verskyn het.

In die jongste uitgawe van dié blad verskyn 'n brief wat onderteken is deur 16 dienspligkapelane wat so pas uitgeklaar het. Die kapelane sê die brief is gerig aan die NG Kerk en nie aan die kapelaansdiens as sodanig nie. Hulle wil by die Kerk pleit om die standpunt oor betrokkenheid by die kapelaansdiens in heroorweging te neem. Daar moet weer besin word oor die wyse waarop NGK-lidmate in die weermag pastoraal versorg kan en moet word, sê die kapelane.

In 'n teologiese argument voer hulle aan dat die kerk as 'n "unieke herskeppingswonder van God" op verskillende maniere deur die kapelaansdienste in gedrang gebring word. Van die punte wat hulle noem is:

* Kapelane dra rangtekens, wat daarop neerkom "dat van kerklike bedienaars verwag word om 'n rang te dra wat hom of haar bo andere stel". Die kapelaan word deel van 'n offisierskorps en bemoeilik die opbou van 'n vertrouensverhouding met manskappe;
* Die feit dat kapelane finansieel van die weermag afhanklik is, en onder die dissipline van die weermag staan, smoor die profetiese stem van die kapelaan;
* Die strukturele verbondenheid van die Kerk met die weermag belemmer die vredes- en versoeningstaak
* Daar vind 'n verskraling in die verkondiging van die Evangelie plaas omdat nie oor sosiale, ekonomiese en politieke dimensies gepraat mag word nie. Hierdie a-politieke profiel hou die gevaar in dat dit kan neerkom op 'n legitimisering van die politieke status quo.

Die polemiek het in Junie begin toe twee dominees, wat pas uitgeklaar het, in 'n lang artikel emstige beswaar gemaak teen die struktuur van die kapelaansdiens, wat "'n strukturele en teologiese probleem" geword het.

Dominees Marius Maree van Betlehem en Lourens Erasmus van Welkom sê dis die reg en verantwoordelikheid van die Kerk om sy lidmate in die weermag te bedien.

Soos die kapelaansdiens egter nou daar uitsien, volgens hulle, het die "kritiese afstand tussen kerk en die kapelaansdiens tot 'n selfstandige bedieningsinstansie ontwikkel wat volledig die terrein van die kerk betree het". Kapelane word volledig ingeskakel by die beleid van die Kapelaan-Generaal ten opsigte van geloofstoerusting, sê hulle.

Hulle pleit vir die afskaffing van die Staandemag-kapelane en vir die instelling van 'n deeltydse kapelaansbediening wat onder regstreekse toesig van die plaaslike kerkraad en ring werk.

Voorts sê hulle behoort kapelane nie uniform of weermagrange te dra nie en gedemilitariseer word, onder meer om "die diensknegestalte van die amp" bo verdenking te plaas.

* In sy antwoord op die besware beklemtoon kapelaan-generaal Chris Naudé dat die rangstruktuur van die weermagkapelaan naas die gewone militêre rangstrukture staan, wat hom toegang gee tot ander range. Hy vra geen verskoning omdat die kapelaansdiens a-polities is nie, want dan kan mense nie die Evangelie en die kerk misbruik tot voordeel van politieke standpunte nie.

Terwyl die kapelane die verwydering wat die uniform en range tussen hulle en die troepe bring, beklemtoon, beweer Naudé dat die "uniform vir my baie deure oopgemaak het by mense".

Naudé sê dit sal die NG Kerk meer as R9 miljoen per jaar kos, en ander lidkerke van die NG-kerkfamilie 'n verdere R1 miljoen, om dié diens wat deur die weermag betaal word, op hulle te neem.

* Navraag toon dat kapelane net soos ander offisiers, eers moet kwalifiseer om as offisier aanvaar te word, en ook deur dieselfde rangstruktuur van kolonel, brigadier, ensovoorts gaan.

Daar word ook van kapelane verwag om diegene in hoër range eerste te salueer.

Daar is ook vasgestel dat dit heelwat minder as R10 miljoen sal beloop vir die NG Kerk om self sy kapelane te betaal, omrede die Kerk nie 'n Staandemag-struktuur sal hoef te help onderhou nie.



Dr Andries Treurnicht

# KP steeds onwrikbaar oor ANC

**HENNIE SERFONTEIN**

DIE Konserwatiewe Party staan nog steeds onwrikbaar by sy standpunt om onder geen omstandighede met die ANC te onderhandel of te praat nie.

Daarom sal die KP nie die voorgestelde konferensie van politieke partye later vanjaar of vroeg volgende jaar bywoon nie. Dié veelparty-konferensie is 'n uitvloeisel van die besluite in terme van die Pretoria-minuut dié week deur die ANC en die regering geneem.

Fanie Jacobs, KP-LP vir Losberg, het hom ook om dié rede aan 'n simposium volgende week by die Universiteit van Stellenbosch oor die toekoms van die Afrikaner onttrek. Dit is deur die Stellebosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) georganiseer, en hy sou saam met 'n ANC-spreker optree.

Die KP sal wel 'n spreker na die simposium die einde van die maand, wat deur die Five Freedoms Forum (FFF) gereël is, stuur. Die uitdruklike voorwaarde is egter dat die KP-spreker alleen optree en nie op 'n paneel of in 'n groepsbespreking saam met die ANC nie.

Die leier van die KP, Andries Treurnicht, het die Pretoria-minuut veroordeel as 'n onwettige ooreenkoms.

Koos Van Der Merwe, die hoof-inligtingsbeampte van die KP verduidelik: "Ons aanvaar of erken nie die ANC as 'n alternatiewe moontheid of mag om mee te onderhandel oor die politieke mag in die land nie.

"Ook het die ANC nog nie geweld ondubbelsinnig afgesweer as politieke instrument nie. Dit het slegs die gewapende stryd voorlopig opgeskort en behou nog steeds die geweld-opsie as 'n moontlike vorm van optrede."

Van Der Merwe is die KP-spreker by die FFF-byeenkoms. Hy sê: "Maar ek het dit duidelik gemaak dat ek slegs op my eie sal optree en vrae beantwoord, sonder die teenwoordigheid van die ANC. Sou daar op bedekte wyse verleentheid vir my geskep word, sal ek nie deelneem nie.

"Sou daar vrae deur ANC-ondersteuners vanuit die gehoor gestel word, sal ek weier om dit te beantwoord as ek weet die vraesteller is 'n ANC-lid."

By die Stellenbosch-byeenkoms van SAAK het die KP 'n dubbele probleem gehad. Want Jacobs het eers geweier om met die ver-regse Robert van Tonder op 'n verhoog te verskyn.

"Ek wil nie in die publiek met hom verskil of saamstem nie," het Jacobs die organiseerders meegedeel.

Sy versoek om aan die paneel oor 'n nuwe grondwet deel te neem ten einde met die regerings-verteenwoordiger te kan argumenteer, is toegestaan. Maar toe hy hoor Albie Sachs van die ANC is op die paneel, het hy hom weer onttrek.

Die KP se stem in 'n belangrike bespreking oor die toekoms van die Afrikaner word dus nou glad nie gehoor nie.



Koos van der Merwe

# Waterkrisis in die Krugerwildtuin

**PEARLIE JOUBERT**

DIE Krugerwildtuin staan op die rand van 'n omgewingskrisis as gevolg van 'n watertekort en die opdroog van riviere wat in die wildtuin invloei.

Die hoof van die Departement Landskap-argitektuur aan die Universiteit van Pretoria, prof Willem van Riet, sê die Letaba-, Levubu- en Shingwidzi-rivier vloei nie meer in die winter nie, terwyl die Olifantsrivier byna tot stilstand kom in die winter. Volgens hom kan die Sabie- en Krokodilrivier in die toekoms met dieselfde probleem sit.

Die redes vir die opdroog van die riviere en die hoë besoedelingsvlakke van die water, kan aan verskeie faktore toegeskryf word.

Veranderende weerpatrone, grootskaalse en intensiewe gebruik van dié riviere buitekant die Krugerwildtuin en opvangsgebied speel 'n rol, maar, volgens Van Riet, is dit veral omdat "mense van die omgewing dié water gebruik om onder meer in te was en die water dan net so besoedeld terug in die riviere vloei." Veral beesboerdery buite die opvangsgebiede van die riviere, en besproeiing van landerye veroorsaak 'n groot watertekort in die wildtuin.

Van Riet meen die tuislandbeleid, wat tot gevolg gehad het dat groot getalle mense in die "tuislande ingepomp is", het ook 'n baie nadelige invloed op die omgewing.

"Die afgelope tyd is daar groot industriële ontwikkeling in die tuislande en op Phalaborwa, wat tot gevolg het dat die riviere in die omgewing erg besoedel word.

"'n Oor-konsentrasie van mense het erosie en oorbewyding veroorsaak - buite die hekke van Orphen en Numbi woon miljoene mense. Die meeste bome is uitgekap wat oorbewyding en grootskaalse erosie veroorsaak het."

Volgens Van Riet het die Departement van Bosbou en verskillende private ondernemers duisende hektaar uitheemse bome teen die berge van die opvangsgebied aangeplant. "Dié bome verminder die beskikbare water seker met ongeveer 'n kwart."

Landbou-ontwikkeling langs die riviere het die afgelope tyd só toegeneem dat die besproeiing, van veral sitrusplase, heeltemal te hoog is volgens die kapasiteit van die riviere. "Die landerye gebruik ongelooflike groot hoeveelhede water en indien almal soveel water uit die riviere pomp, gaan die wildtuin geen water kry nie," sê hy.

Al dié faktore hou geweldige implikasies vir die wildtuin in.

* Daar is minder water vir die diere om te drink,
* die geomorfologie en die ekologie van die waterbaan verander deurdat die rivier vemou en meer eilande ontstaan,
* riete aan die oewer word meer,
* die oewerbos is besig om te degenereer omdat die watertafel daal,
* kuile slik toe totdat daar net 'n klein stroompie vloei wat in die sand wegraak.

Dié faktore het ook tot gevolg dat die omgewing waarin verskillende vissoorte en ander dierspesies woon, in so 'n mate verander dat dié spesies uitsterf.

Die bedrag van R580 000 wat die Watervoorsingskommissie (WNK) aan die Departement van Landskapsargitektuur geskenk het, sal hulle in staat stel om studies in die opvangsgebied te doen.

Die verskillende grondgebruike, ekologiese kennis en plantegroei van die Sabierivier-opvangsgebied, wat strek vanaf Lydenburg na Skukuza tot by Komatipoort, sal oor die volgende drie jaar bestudeer word om sodoende die invloed van toekomstige veranderinge van dié gebied - soos die bou van damme, totstandkoming van dorpe, veranderinge in grondgebruike namate die landbousektor verander - te ondersoek.

Die Departement van Waterwese het saam met die WNK dié studie begin om dié probleme aan te spreek en te bepaal hoeveel water die wildtuin moet kry om sy ekologiese sisteme aan die gang te hou.

## Vordering met geweld-probleme

# SAP-offisiere skakel met ANC

HENNIE SERFONTEIN

DIE minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het 96 polisie-offisiere landwyd aangestel met wie die ANC oor probleemsituasies kan skakel.

Dit is een van die belangrike besluite wat dié week geneem is tydens die ANC-regeringsberaad oor praktiese stappe hoe om die landswye geweld te bekamp.

In die Pretoria-minuut wat deur die twee partye aanvaar is, word in algemene terme verwys na die dringendheid om onmiddellike aandag aan dié saak te gee.

Ingeligte bronne na aan die onderhandelings sê dat die praktiese voorstelle veral drie apekte aanspreek: die uitbarsing van geweld om politieke redes; protesaksies van mense of gemeenskappe wat spesifieke griewe het oor sake soos behuising, huishuur en ligte; en die situasie in Natal.

Die 96 polisie-offisiere is op 'n 24-uur grondslag toeganklik en 'n lys met name is aan die ANC oorhandig. Die onus is nou op die ANC om onmiddellik te reageer en 96 skakelkomitees aan te stel om met dié skakeloffisiere in verbinding te tree. Dit beteken, byvoorbeeld, dat as ANC-ondersteuners in Mamelodi die volgende dag 'n protesmars of vergadering gaan hou, die bepaalde polisie-offisier ten volle daaroor ingelig moet word, het 'n senior bron gister gesê.

Die name van die organiseerders moet aan die offisier gegee word saam met alle ander besonderhede en hy kan versoek word dat die polisie 'n lae profiel moet handhaaf. Die doel is dat deur noue ANC/polisiesamewerking op grondvlak te bewerkstellig, daar gepoog word om die potensieel ontvlambare situasies van polisie-konfrontasie met vreedsame betogers te voorkom, sê die bron. Tweedens skep die regering skakelbeamptes en strukture wat regstreeks deur gegriefde individue en gemeenskappe genader kan word. Die doel is om 'n kanaal te kry verby talle burokratiese regulasies waaragter 'n meesal konserwatiewe amptenary dikwels skuil as hulle nie vinnig wil optree in byvoorbeeld 'n krisis oor plakkery nie.

Derdens meen die ANC dat die regering na die Pretoria-gesprek 'n veel beter begrip van die situasie in Natal het. Daar word blykbaar besef dat onmiddellike wet en orde-aksie nodig is om op grondvlak die gevegte ingrypend te verminder.

In dié verband sal die ANC nie meer enige eise stel dat hoofman Mangosuthu Buthelezi beheer oor die KwaZulu-polisie ontneem moet word nie en ook nie dat dit moet ontbind nie. Blykbaar is daar nou 'n sterk moontlikheid dat al die veiligheidsmagte in Natal saamgesnoer gaan word as 'n eenheid onder een bevel. Dit sluit die SA Weermag, die SA Polisie en die KwaZulu-polisie in. Die bevelstruktuur van dié spesiale eenheid sal dan ook insluit senior verteenwoordigers van die ANC en die UDF vanweë die politieke teenwoordigheid van die KwaZulu-regering.

Die ANC glo dat as die gevegte eers op grondvlak verminder is, dit dan polities baie makliker sal wees vir ANC-leiers om regstreeks met Buthelezi te onderhandel.

# Mbeki, Viljoen ontmoet gou

HENNIE SERFONTEIN

DIE ink op die Pretoria-minuut was skaars droog of die eerste stappe word gedoen in die uitgerekte proses om 'n nuwe grondwet vir 'n nuwe nie-rassige Suid-Afrika op te stel.

Die eerste belangrike stap is 'n informele ontmoeting tussen dr Gerrit Viljoen, minister van Staatkundige Ontwikkeling, en Thabo Mbeki, die hoof van die buitelandse seksie van die ANC, wat selfs al voor die naweek kan plaasvind.

ANC-bronne het gister bevestig dat Mbeki, wat dié week met vakansie na die buiteland sou vertrek, sy planne gekanselleer het.

Die gesprek is 'n regstreekse uitvloeisel van die Pretoria-minuut wat Dinsdagoggend vroeg na 'n 15-uur lange gesprek tussen die ANC en die regering aanvaar is.

Daar is ooreengekom dat politieke gevangenes vanaf 1 September vrygelaat sal word en politieke uitgewekenes vanaf 1 Oktober sal begin terugkeer.



Dr Gerrit Viljoen

Die ANC weer het in 'n dramatiese gebaar aangekondig dat hulle die gewapende stryd onmiddellik opskort.

Die Pretoria-minuut verklaar dan ook dat met dié besluite "die pad oop lê na onderhandelings oor 'n nuwe grondwet. Verkennende gesprekke in die verband sal voor die volgende vergadering - wat binnekort gehou sal word - plaasvind."

Viljoen en Mbeki sal die regering en die ANC respektiewelik by dié "verkennende gesprekke" verteenwoordig.

Die feit dat die eerste gesprek reeds binne enkele dae na die Pretoria-minuut plaasvind, wys op die erns van albei partye om dié netelige proses met die hoogste spoed aan te pak.

'n Senior kabinetslid het dié week gesê dat die eerste ses maande van die "politieke normaliseringsproses" vinniger die probleme oorkom het, as wat verwag is.

Viljoen en Mbeki staan voor verskeie probleme oor die proses vir die *opstel van 'n nuwe grondwet.*

Dit behels sake soos: Wie moet 'n nuwe grondwet opstel? Wie moet daardie persone aanstel? Hoe word die liggaam wat dié belangrike besluite moet neem byeengeroep? Op watter grondslag word die politieke partye by so 'n konferensie verteenwoordig? Hoe verteenwoordigend is elke party werklik?

Sowel die ANC as die regering het reeds verklaar dat dit belangrik is dat alle partye en politieke groeperinge aan so 'n grondwetskrywende proses moet deelneem.

Maar daar is talle probleme oor die werklike gevolg van partye soos Inkatha, die tuislandregerings, swart stadsrade en die Arbeidersparty. Dan weier radikale groepe soos die KP en PAC volstrek om so 'n veelparty grondwetgewende konferensie by te woon.

Daar is dus 'n groot moontlikheid van maandelange redekawelry oor al dié sake voordat met die werklike bespreking oor die opstel van 'n grondwet begin kan word.

'n Ander *moontlikheid* wat geopper *word, is dat die ANC en die* regering kan voortbou op *die huidige* goeie verstandhouding en pragmatiese samewerking wat die afgelope ses maande werklikheid geword het. Hulle kan ooreenkom om gesamentlik 'n konsepgrondwet op te stel as grondslag vir bespreking van 'n toekomstige grondwetlike konferensie.



Thabo Mbeki

Op die wyse kan 'n moontlike *skaakmat-posisie* in die volgende *maande* oorbrug word. Dit beteken ook dat staatsregkenners dadelik aan die werk kan begin spring met hierdie omvattende taak.

Intussen kan die ANC en die regering ver en wyd konsulteer met ander groepe, ook met dié wat weier om so 'n grondwet-konferensie by te woon, word gesê.

# En wanneer word sanksies gelig?

**DIE ANC wil sanksies so gou moontlik gelig hê, maar die besluit wanneer die hervormingsproses "onherroepelik" is, moet die korrekte een wees ná deeglike oorweging, sê die ANC se sekretaris vir buitelandse sake, Thabo Mbeki.**

**In 'n onderhoud met die ANC se tydskrif, Mayibuye, sê Mbeki onder meer:**

**"Die punt moet deurentyd gemaak word dat sanksies ingestel is om druk toe te pas sodat ons van apartheid ontslae kan raak. En dit bly 'n geldige instrument vir die bereiking van dié doelstelling.**

**"Die kwessie word natuurlik deurentyd bespreek. Byvoorbeeld, moet iets nie gebeur om De Klerk se hand te sterk selfs voordat ons 'n demokratiese grondwet het nie?**

**"Almal besef hoe ernstig die regse bedreiging vir die proses is. Niemand weet wat die regtervleuel môre of die dag daarna gaan doen nie.**

**"As ons sê ons sal die kwessie van sanksies aanspreek wanneer ons dié of daai stadium bereik het in ons gesprekke met die regering en die volgende dag is daar 'n militêre ingryping van die regses wat die hele proses omdraai; dan sou dit duidelik verkeerd gewees het om die besluit te geneem het om sanksies te lig.**

**"Daarom moet dit 'n politieke besluit wees wat gegrond is op behoorlike, ernstige oorweging van waar die politieke proses staan. Die ANC self wil graag hê sanksies moet so gou moontlik gelig word. Ons wil geensins die Suid-Afrikaanse ekonomie vernietig nie.**

**"Maar sanksies moet beëindig word as 'n gevolg van vordering wat gemaak is om die apartheidstelsel te beëindig.**

**"Ons wil vinnig beweeg met die beëindiging van apartheid sodat ons vinnig kan beweeg om sanksies te beëindig."**

# 'Lakse ondersoek' na bom

CHRISTELLE TERREBLANCHE

NIEMAND het nog verantwoordelikheid aanvaar vir die fosforbomaanval op die redaksionele kantore van The Namibian, 'n linksgesinde dagblad in Windhoek nie.

Geen ooggetuies van die voorval kon ook tot nog toe opgespoor word nie.

Die feit dat geen regse organisasie nog aanspreeklikheid aanvaar het nie, asook die oënskynlike "lakse ondersoek" deur die polisie van Namibia, strook nie met vorige insidente van dié aard nie.

The Namibian, wat in 1985 onder groot protes uit Suid-Afrikaanse veiligheidskringe tot stand gekom het, was voorheen reeds twee keer die teiken van brandstigting, terwyl daar verskeie kere op die kantoor geskiet is en die redaksie male sonder tal gemolesteer en geïntimideer is.

Gwen Lister, die redakteur van The Namibian, was gister nog baie ontsteld oor die gebrek aan belangstelling wat die polisie in die aanval getoon het.

"In my 16 jaar as joernalis in Namibia is alle bompersele nog afgekordon en mense verbied om daar naby te kom, terwyl intensief ondersoek na die oorsprong ingestel is," sê Lister oor die feit dat die perseel tot vandag toe nie vir moontlike ander toestelle van sabotasie gevee is nie.

Die eerste minister van Namibia, Hage Geingob, het vroeër dié week gespekuleer dat die polisie-optrede die mag self onder verdenking van die voorval kan plaas.

Min aanduidings bestaan oor wie verantwoordelik kan wees, buiten dat die oorsprong van die fosforbomme as Suid-Afrikaans vasgestel kon word.

Lister hoop egter dat "die skuldiges dié slag opgespoor gaan word", aangesien geen vorige aanvalle op The Namibian tot 'n aandadige nagespeur kon word nie. Sy is veral vol hoop nadat die regering self besondere belangstelling getoon het.

Die voorval volg nadat die koerant die week voor die aanval 'n reeks artikels geplaas het aan die hand van 'n dokument wat daarop dui dat 'n destabilisasie-poging teen die regering beplan wod. Lister wil nie aandui hoe die dokument in haar besit gekom het nie, maar is verseker van die outentiekheid daarvan.

Lister is hewig gekritiseer vir die bekendmaking, veral deur die polisie. Dié week het die polisie se skakelbeampte, Ziggy Eimbeck, weer teen Lister uitgevaar oor haar kritiek teen die polisie se ondersoek.

Maar Lister hou vol dat die polisie eers *ná druk van bo die* nodige vingerafdrukke en ondersoek gedoen het.

Lister het Sondagaand, byna 24 uur na die ontploffing, die permanente sekretaris van binnelandse sake, Ndali Kamati, gevra waarom die kantoor nog nie gevee is om dit veilig te maak vir haar personeel nie. Hy het glo vuur onder die polisie gemaak, waarna vingerafdrukke teen Maandagmiddag geneem is.

The Namibian se opposisie dagblad, The Times of Namibia, het die volgende dag aangevoer dat Swapo-veiligheid die kantore gevee het en dat Lister met die getuienis gepeuter het.

Eimbeck het sonder om hom van die waarheid te gewis, in 'n verklaring gesê Lister sou daarvoor in hegtenis geneem kon word. Lister ontken dat sy met enigiets gepeuter het, en sê die polisie se ondersoek het eers aan die gang gekom nadat "honderde lede van die publiek deur die kantore gestroom het.

"Eimbeck is sonder twyfel nie simpatiek teenoor die koerant nie," verduidelik sy en wys daarop dat hy met die totstandkoming van die koerant 'n geswore verklaring aan die destydse Administrateur-generaal voorgelê het sodat die koerant verbied moet word.

*Martelinstrumente in polisiekantoor*

# Strafsaak teen twee SAP-konstabels



**Marteling met elektriese skokke is baie moeilik om te bewys omdat die slagoffers selde letsels oorhou. Maar nou het die Suid-Afrikaanse Polisie ingestem om R13 500 aan 'n beweerde slagoffer van dié soort marteling uit te betaal. CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag**

WALVISBAAI - Die Suid-Afrikaanse Polisie het in 'n skikking buite die hof ingestem om 'n bedrag van R13 500 te betaal aan 'n inwoner van Walvisbaai, ene Nambinga, nadat hy na bewering verlede jaar deur twee polisiemanne op dié hawedorp gemartel is.

Die skikking volg nadat Nambinga se regsverteenwoordiger van die Regshulpsentrum in Windhoek kon bewys dat die martelinstrumente wat deur hom beskryf is, wel in die besit van die stasiebevel was.

Dit is sover vasgestel kon word die eerste keer in Suid-Afrika dat daar beslag op martelinstrumente in 'n polisiekantoor gelê kon word ná aantygings van foltering.

Die regsverteenwoordiger, wat nou as staatsgetuie in 'n strafsaak teen die polisie optree, is op 18 Augustus verlede jaar deur die Kaapse Hoogeregshof 'n aansoek toegestaan om die polisiekantoor te deursoek en beslag te lê op martelinstrumente.

Nambinga, 'n werker van Namibia, sê in sy verklaring dat hy op 26 Julie verlede jaar op die perseel van sy werkgewer, JL Cohen Motors, in Walvisbaai saam met verskeie kollegas in hegtenis geneem is nadat 'n voertuig van die veiligheidspolisie by die vulstasie gesteel is.

Hy beweer hy is deur twee blanke polisiemanne in siviele drag na 'n afgeleë deel van die polisiekantoor geneem waarna 'n wit mus oor sy kop getrek is. "Sy hande is agter sy rug vasgebind en in boeie geslaan, terwyl 'n tou aan die boeie vasgemaak is en hy daarmee opgetrek is sodat sy linkertone net-net die grond geraak het," lui 'n verklaring deur die Regshulpsentrum.

"Nambinga se regterbeen is aan 'n ander voorwerp vasgemaak en 'n swaarwigtige voorwerp oor sy kop gehang om dit na onder en in 'n vooroor posisie te hou."

Volgens Nambinga is hy tussen 'n halfuur en twee uur lank in dié posisie gehou, terwyl elektriese skokke oor verskeie dele van sy liggaam, insluitende sy "testikels en anus", toegedien is.

Na bewering is hy tussendeur gevra oor sy verbintenis met die vermiste voertuig en het hy enige verband ontken.

"Na die foltering is Nambinga losgemaak, maar het lam en baie swak gevoel en kon skaars beweeg," sê die Sentrum. Hy moes sy hande uitsteek en saamklap om vas te stel of daar enige gevoel in is. Hy is verder meegedeel om sy hand uit te steek en aan elektriese punte te vat. Hy het dit gedoen, maar die punte onmiddellik laat val toe 'n stroom weer daardeur gestuur is. Daarna het een van die polisiemanne opgemerk: "Hy is nou weer lewendig."

Nambinga moes na bewering weer gaan lê om te herstel waarna hy oomag in 'n sel aangehou is en die volgende oggend sonder 'n aanklag ontslaan is.

Die klopjag ingevolge die hofbevel is einde Augustus verlede jaar uitgevoer en Nambinga het sekere martelinstrumente uitgewys, wat deur die adjunk-sheriff van die Hoogeregshof gekonfiskeer is. Die Kaapse Prokureur-Generaal het daarna besluit om die twee SAP-lede te vervolg op aanklagte van aanranding met die doel om ernstige liggaamlike skade aan te rig. Die polisiemanne is konstabels FG Horn en JC Goosen.

Dié saak het verlede week, op 2 Augustus voorgekom waar Nambinga in sy getuienis die instrumente uitgewys het.

Die twee polisiemanne is steeds in diens en optrede sal, volgens die bevelvoerder, van die hofbeslissing afhang.

# 'Bring die juriestelsel terug,' vra De Rebus

DIE herinstelling van 'n juriestelsel in Suid-Afrika se howe sal lei tot 'n groter aanvaarding van die regstelsel deur die swart meerderheid, sê die prokureurstydskrif De Rebus in 'n hoofartikel in sy jongste uitgawe.

Die groeiende oproep om die herinstelling van 'n ten volle verteenwoordigende juriestelsel, ten minste vir ernstiger strafsake, behoort dus ernstig oorweeg te word, sê die blad.

Die juriestelsel is in 1969 afgeskaf, hoewel dit toe reeds grootliks in onbruik verval het.

"Ironies genoeg is die oproepe om die herinstelling van die juriestelsel veroorsaak deur presies dieselfde komplekse rasseverhoudings in Suid-Afrika as dié wat oorspronklik gelei het tot die verval van die stelsel." Volgens De Rebus het die regering die stelsel afgeskaf "omdat die vrees ontstaan het dat 'n uitsluitlik wit jurie, waarop die samestelling toe neergekom het, bevooroordeeld sou word, of dan as bevooroordeeld gesien sou kon word, in sake waar die beskuldigde of klaer van 'n ander ras was.

"Nou dat die land se *mores* dermate gevorder het dat dit ondenkbaar is dat juries nie verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaners sal wees nie, word aangevoer dat die herinstelling van juries sou dien om swartmense in die regspleging betrokke te kry.

Dié betrokkenheid van swartmense sal die legitimiteit van die regstelsel in die oë van die meerderheid Suid-Afrikaners herstel, sê die blad. Daar heers dus 'n algemene gevoel dat sodanige herinstelling 'n noodsaaklikheid is, na aanleiding van die opbloei wat sogenaamde volkshowe tans beleef.

Dié verskynsel dien as sprekende voorbeeld van die algemene miskenning van die regstelsel.

"Tans beskik Suid-Afrika oor uitsluitlik wit regters en is die landdroste ook feitlik deur die bank wit. In der waarheid is daar dan ook, as gevolg van histories-diskriminerende faktore, relatief min swartmense beskikbaar én toegerus om op enigeen van die twee regbanke aangestel te word. Met die beste wil van die wêreld sal geen regering met behoud van die huidige regbestel, daartoe in staat wees om binne die afsienbare toekoms die rassewanbalans op die regbank reg te stel nie," sê De Rebus.

Die blad sluit af: "Daar sou geredeneer kon word dat 'n juriestelsel daartoe kan lei dat sekere uitsprake tegnies is. Dat daar 'n mate van waarheid daarin steek, is nie weg te redeneer nie. Maar die gehalte van die regstelsel sal sekerlik meer baat vind by die aanvaarding van die regstelsel deur al die mense, as by die tegniese korrektheid daarvan. Die tyd het inderwaarheid vir ons howe aangebreek om ... inskrywings in die geskiedenisboeke eerder as die hofverslae te maak."


# OPROEP

**Help die ECC en ACTSTOP met alternatiewe gemeenskapsdiens**

**Sluit aan deur te help met die opknapping en opruiming van die stad se woonstelgebied**

DATUM: 11 Augustus 1990

TYD: 1.30nm

PLEK: Central Methodist Church (Pritchardstraat)



**'n Nuwe joernaal deur EDA**

**New Ground**

**'n Joernaal vir Ontwikkeling en die Omgewing**

**'n Opwindende nuwe projek van EDA verskyn eersdaags. Wat beteken bevryding, ontwikkeling en die omgewing vir jou? Die joernaal gaan dié vraagstukke aanspreek met in dieptE-artikels oor die grondkwessie, landelike politiek, stadsomgewings, ontwikkelingstrategieë in ander Afrikalande en vele meer. Ons sal onderhoude voer met leiers in die bevrydingsbewegings om sodoende hul standpunte oor dié belangrike sake onder u aandag te bring. Die joernaal sal kyk hoe dié vraagstukke ons alledaagse lewe beïnvloed en wat ons kan doen om 'n beter toekoms te verseker.**

* Daar sal drie uitgawes dié jaar wees.
* Teen R10 intekengeld ontvang u vanjaar se drie uitgawes én 'n kalender.

Individue: R10; Buurstate: R15; Ander lande: landpos: R25; Seepos: R35.

Enige navrae betreffende intekening, verspreiding of enigiets oor die joernaal, skakel Mthintwa Badumuti of Dick Cloete by (011) 834-1905/6.

*Tientalle dood, honderde beseer*

# Die Oos-Kaap omskep in 'n oorlogsone

**Geweld het die week in die Oos-Kaapse bruin gemeenskap uitgebreek. Huurverhogings, ontevredenheid met sosio-ekonomiese toestande en die Joe Slingers-geval word as redes aangevoer. CHRISTELLE DE JAGER doen verslag**

PORT ELIZABETH se bruin gemeenskap het die week tot geweld oorgegaan wat die bruin gebiede noord van die motorstad soos 'n oorlogsone laat lyk het.

Ten minste 23 mense is in twee dae van geweld reeds dood (18 weens koeëlwonde), honderde is beseer, winkels en ander geboue is afgebrand en skole en besighede gesluit.

Daar is talle bendes in die gebiede en kriminele elemente het die politieke situasie uitgebuit, winkels geplunder, afgebrand en terreurbewind in die strate gevoer.

Die oënskynlike redes vir dié politieke oproer is die huurverhoging deur die Arbeiders-gedomineerde bestuurskomitee, ontevredenheid met sosio-ekonomiese toestande en die Huis van Verteenwoordigers se weiering om Joe Slingers aan te stel as hoof van die Uitenhage Sekondêre Skool.

Die skool se ouer-onderwysersvereniging wat die National Education Crisis Committee (NECC) steun, dring daarop aan dat Slingers onmiddellik in dié pos aangestel word, want "die mense wil hom daar hê".

Die Oos-Kaap is bekend as die laaste vesting van eerw Allan Hendrickse se Arbeidersparty, maar 'n onlangse opname toon dat hy nou slegs op agt persent van die Oos-Kaapse steun kan staat maak.

Sedert 2 Februarie het die ANC ook in dié gebied begin organiseer en die gemeenskap se ou griewe teen die Arbeiders het blykbaar ook dié week tot 'n punt gekom.

Slingers se geval word beskou as die laaste strooi in die Arbeiders se jarelange politieke beheer oor bruin skole, en die huurverhogings dien as bewyse dat die Arbeiders nie in staat is om die griewe op te los nie, maar beloftes vir politieke gewin maak.

Die behuisingstekort in die bruin gebiede is ook kritiek, en die bestuurskomitee is in beheer van die aanwysing van huise. Beweringe van korrupsie en bevoordeling doen lank reeds die ronde.

Die ANC-gesinde Northern Areas Co-ordinating Committee, wat erken dat die situasie weens kriminele elemente hand-uit geruk het, en plaaslike lede van die Arbeidersparty het dié week ontmoet om die situasie te bespreek.

Volgens joernaliste het die jeugdiges geen twyfel oor wat die geweld sal beëindig nie: "Dit sal ophou wanneer Hendrickse verskyn. Die mense wil hom hê. Die bestuurskomittee moet ook bedank. Die noordelike gebiede is nou 'n ANC-sone," het 'n gemeenskapsleier en ANC-lid gesê.

# Regse Tukkies raas, maar FW bly baas

**PEARLIE JOUBERT**




**FW de Klerk word deur 'n groep Nasionaliste verwelkom**

STAATSPRESIDENT FW de Klerk het hom dié week teen 'n rumoerige klompie Tukkies met KP-plakkate en swaaiende Vierkleure vasgeloop - en gewys hy kan nog Boerepolitiek óók pleeg.

Onder uitroepe van "Umlazi", "Kommunis", "Boerestaat" en 'n paar verdwaalde "kafferboeties" het De Klerk gesê hy sal graag 'n paar lesse in protes met die studente wil deel. "Wanneer julle wil protesteer, maak seker dat julle baie is en moenie wys hoe min julle werklik is nie."

Op 'n vraag hoekom hy net drie kinders het, het hy studente onder groot gelag gemaan om nie politici te word nie "omdat 'n mens dan tyd vir niks anders het nie".

"Luister nou mooi," het De Klerk op die raserige vergadering gesê: "Die regering is wel bereid om die mag in Suid-Afrika billik te deel, maar nie om dit oor te gee en apologeties van die toneel te verdwyn nie." 'n Groep regse studente het aan die begin van De Klerk se toespraak opgestaan en Die lied van jong Suid-Afrika, Sarie Marais en ander Afrikaanse liedjies begin sing, terwyl die res van die studente gelag en hulle uitgejou het.

Die meeste studente het De Klerk luidrugtig ondersteun en in die skare is 'n enkele ANC-vlag rondgeswaai.

Hy het ook diegene wat na die nuwe grondwetlike voorstelle as "Das Kapital" verwys het, gerus gestel en gesê die regering het nie die filosofie van die ANC of van enige ander party of beweging skielik omarm nie. "Ons is ook nog net so anti-kommunisties soos altyd."

Oor die vinnige veranderinge die afgelope maande in die Suid-Afrikaanse politiek, het de Klerk gesê: "Ons land moet noodwendig sekere aanpassings doen om uit te breek uit die doodloopstraat waarin ons besig was om vas te val.

"Daar is geweldig baie vermag die afgelope elf maande sedert die algemene verkiesing. In dié kort tydperk het dinge moontlik geword wat 'n jaar of twee gelede nog kwalik denkbaar was. Die atmosfeer van agterdog en vrees wat ons land so lank reeds omhul het, is besig om op te klaar en die legitimiteit van die regering word nie meer bevraagteken soos voorheen nie."

De Klerk het gesê hy wil graag vir die veiligheidsmagte "in die bresse tree wat hul plig met onderskeiding doen. "Hulle verdien meer as om links en regs van partydigheid en laksheid beskuldig te word en in soverre dit waar mag wees dat enkele individue hulle hieraan skuldig maak, word daar opgetree."

# Minister 'betreur' die boeie, ECC die vonnis

**Douglas Torr, 'n Anglikaanse priester en universele pasifis, is verlede week - op die vooraand van die tweede diensplig-inname dié jaar - tot 'n jaar gevangenisstraf gevonnis omdat hy weier om diens in die weermag te doen. AUDREY BROWN doen verslag**

"DIT is ironies in dié tye, terwyl daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat mense wat moord gepleeg en geweld gesaai het, vrygelaat gaan word, dat Douglas Torr, 'n universele pasifis, met handen voetboeie voor 'n hof moet verskyn en tot 'n jaar gevangenisstraf gevonnis word."

Dit is die mening van Roddy Payne van die End Conscription Campaign nadat Torr, 'n Anglikaanse priester, tot 'n jaar gevangenisstraf gevonnis is op die vooraand van die tweede diensplig-inname verlede week omdat hy op morele grond weier om diens in die Suid-Afrikaanse Weermag te doen.

Dié vonnis het 'n vloedgolf van protes uitgelok en die minister van Justisie, Kobie Coetsee, het die polisie skerp aangeval nadat hulle Torr met hand- en voetboeie in die hof laat verskyn het. Coetsee het in 'n verklaring gesê die voorval word "betreur".

Maar die kritiek teen die vonnis strek dieper as die boeie-voorval: ECC-woordvoerders glo die vonnis is daarop gemik om ander gewetensbeswaardes af te skrik, veral omdat dit op die vooraand van die diensplig-inname plaasgevind het. Landdros H Verhoef het ook uitdruklik gesê dié vonnis moet andere afskrik om "nie 'n kans te vat nie".

Die vonnis word ook as 'n tree terug beskou nadat die appèlhof in Maart vanjaar diskresionêre magte aan landdroste verleen het sover dit die vonnisoplegging van gewetensbeswaardes betref. Vroeër was hulle verplig om hulle by die minimum vonnisse van die Verdedigingswet neer te lê. Sedert dié grondliggende uitspraak waarvolgens David Bruce vrygelaat het, is Torr se verhoor die eerste om die mag van die landdros te toets.

As 'n universele pasifis kon Torr aansoek doen om voor die die Raad vir Gewetensbeswaardes sy saak te stel. Hy het verkies om dit nie te doen nie omdat dié raad 'n "oppervlakkige verskil maak tussen mense wat op grond van godsdiens weier, en dié wat morele gronde opper teen diensplig," sê Payne. "Torr grond sy weiering op universele pasifisme, asook sy morele besware teen die rol van die weermag in die instandhouding van apartheid. Die landdros wou weet hoekom hy nie sy saak voor die Raad gestel het nie. Maar dit is nie die punt nie. Hy het sy saak in die hof gemaak en die landdros moes die mag tot sy beskikking gebruik het om 'n gemeenskapsdiens-vonnis uit te spreek. Nou word dié man se vaardighede misken en 'n gevaarlike presedent geskep omdat andere tot dieselfde straf gevonnis mag word."

Chris De Villiers, ECC-voorsitter in Johannesburg, sê sy organisasie is "teleurgesteld" met die uitspraak.

"Ons glo dat die straf meer positief kon wees omdat dit belaglik is om mense te vonnis wat nie gewelddadig is nie. Dus hoop ons dat hy as 'n politieke gevangene beskou sal word. Dit sal belaglik wees as 'n man van vrede in dié stadium nie as sulks beskou sou word nie. Ons praat dan nou van onderhandelinge vir vrede, en dan stuur ons nog iemand tronk toe omdat hy vrede voorstaan."

AGTERGROND

*Uur van waarheid vir Coetzee, Nofomela en Tshikalange*

# Bevelvoerder van 'n moordbende, of 'n haatgevulde, verwronge mens?

**Regter Louis Harms het vandeesweek argumente oor beweerde polisie-moordbendes aangehoor. Nege maande nadat kaptein Dirk Coetzee die land verlaat en die wêreld geskok het met sy onthullings oor sy aandeel in dié moordebendes, het die kommissie vandeesweek aan die een kant gehoor dat hy geloofwaardig en opreg is, en aan die ander kant dat hy 'n verwronge, half-mal mens is wat deur haat en wraak aangespoor word. JACQUES PAUW kyk na die argumente voor Harms.**

DIRK COETZEE: 'n geloofwaardige getuie wat sy land en gesin verlaat en sy plig gedoen het om voor die Harms-kommissie te getuig, of 'n deurdrapte leuenaar en verwronge, haatgevulde mens wat 'n yslike gemors van sy lewe gemaak het?

Dit is een van die vrae wat regter Louis Harms in die volgende weke sal moet beantwoord nadat ses regspanne vandeesweek honderde bladsye se argumente by die kommissie ingedien het oor die beweerde polisie-moordbende wat vanaf 1981 tot 1986 vanaf Vlakplaas geopereer het.

Regspanne vir verskeie menseregte-organi-



David "Spyker" Tshikalange

sasies het die regter gevra om die getuienis van Coetzee, David "Spyker" Tshikalange en die terdoodveroordeelde Almond Nofomela deeglik op te weeg en te bevind dat die polisie inderdaad by verskeie dade van onwettige terreur en moord betrokke was.

Daarteenoor ontken regspanne vir die polisie steeds dat 'n polisie-moordbende ooit bestaan het. Nofomela het 'n bekentenis gemaak om homself van die galg te red, Coetzee vir roem en om sy wraaklus teen die polisie te bevredig en Tshikalange omdat hy deur Coetzee beïnvloed is.

Van die belangrikste argumente wat dié week aangevoer is, is die volgende:

## DIE BEPERKINGS OP DIE KOMMISSIE:

**Regspanne vir Regslui vir Menseregte, wat Coetzee, Nofomela en Tshikalange verteenwoordig het, en die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking:**

Die beperking op die kommissie om buitelandse optrede te ondersoek, is kunsmatig en onlogies gesien teen die rede hoekom die kommissie in die eerste plek aangestel is. Daar is sterk aanduidings dat dade van geweld en heel moontlik moord deur lede van Vlakplaas in die buiteland gepleeg is.

"Hoe kan 'n verslag soos hierdie, wat aan bande gelê word deur geografiese grense, ooit as volledig en bevredigend beskou word? Die kommissaris het 'n beperkte beeld van die omvang van die dade gekry. Dit het dit amper onmoontlik vir hom gemaak om sy taak behoorlik te vervul.

"Die Raad glo dat deur net die dade van moord en terreur te ondersoek en nie na die konteks en redes te kyk wat daartoe aanleiding gegee het nie, 'n simptomatiese en oppervlakkige ondersoek is. Daarsonder gaan dit vir die kommissie baie moeilik wees om aanbevelings te doen hoe sulke dade in die toekoms vermy kan word."

**Die polisie:**

Oor die kritiek dat Harms nie buitelandse optrede mag ondersoek nie, is daar geen manier hoe dié kommissie ondersoek in die buiteland sou kon instel nie. Dokumente en getuies is nie daar beskikbaar nie. Buitelandse polisie-optrede moet op interstaatlike vlak hanteer word.

## BESKIKBAARHEID VAN GETUIENIS:

**Regslui vir Menseregte en die Raad:**

Belangrike getuienis het òf verdwyn, òf is nie ingehandig nie òf die bestaan daarvan is bloot ontken. Die ontkenning van verskeie polisiemanne oor hul betrokkenheid is so voor-die-hand-liggend vals dat dit op minagting neerkom.

Die kommissaris moet nou 'n verslag aan die Staatspresident voorlê ondanks die beperkings, gebrek aan samewerking en by tye opsetlike obstruksies. Die kommissaris word gekonfronteer met 'n massa weersprekende en in sekere gevalle baie onbevredigende getuienis.

Dit is 'n yslike probleem dat die polisie "hulself" moes ondersoek. Daar is geen of bitter min ondersoek gedoen. Min dokumentêre getuienis is deur die polisie voorgelê. Met enkele uitsonderings na het die polisie se ondersoekspan *slegs* getuienis voorgelê wat die polisie se saak steun.

Die Raad het verskeie kere aansoek gedoen om insae te kry in sekere polisie-dokumente, onder meer die lêers van verskeie polisiemanne, dokumente wat betrekking het op sekere slagoffers en inhegtenisnemings wat deur die Vlakplaas-groepe uitgevoer is.

Wat Vlakplaas self betref, bestaan daar geen dokumentasie nie. Geen behoorlike rede kan aangevoer word waarom nie.

**Die polisie:**

"Die moontlikheid dat daar nie getuienis van sodanige wandade, gepleeg deur die SAP, bestaan nie omrede daar geen sodanige wandade gepleeg was nie, kom blykbaar glad nie op as 'n moontlike verklaring vir die gebrek daaraan nie!"

## DIE GETUIENIS VAN COETZEE, TSHIKALANGE EN NOFOMELA

**Regslui vir Menseregte en die Raad:**

Ondanks kritiek wat teen die getuienis van dié drie uitgespreek is, kom hul meer geloofwaardig voor as die blote ontkennings van polisie-getuies. Daarteenoor het die polisie 'n kleed van geheimsinnigheid oor die bedrywighede van Vlakplaas gespan en hulself met 'n laag "wit verf" bedek.

In plaas daarvan dat die drie se getuienis met die respek behandel is wat dit verdien, is hulle blootgestel aan lang, ongenadige en minagtende kruisverhoor. Die regspanne vir die polisie, en by tye die kommissaris, het dit duidelik gemaak dat hulle getuienis nie geglo kan word nie.

"Ons probeer nie voorgee dat Coetzee 'n goeie voorbeeld is van 'n kampvegter vir dit wat goed en reg is nie, ook nie as iemand wie se uitlatings op gesigswaarde aanvaar moet word of wie se getuienis in elke aspek noodwendig waar is nie. Daar is onbevredigende aspekte rondom sy getuienis, maar ons glo die kern daarvan is waar en moet as sodanig aanvaar word.

"Dit is ondenkbaar dat Coetzee met voorbedagte rade en sonder rede vir genl Lothar Neethling valslik sou impliseer indien daar geen rede vir sy bewerings was nie. Hy kon niks wen deur dit te doen nie. Inteendeel, hy het die gevaar gestaan om as leuenaar ontbloot te word.

"Coetzee het die regte ding gedoen deur die bewerings te onthul en voor die kommissie te getuig ondanks die feit dat hy homself blootgestel het aan die soort van aanval wat hy geweet het op hom gedoen sou word."

**Die polisie:**

Nofomela het letterlik voor die deure van die galg gestaan. In die algemeen het hy 'n swak indruk gemaak as 'n getuie en hy het homself bewys as 'n man wat nie sal skroom om leuens te vertel nie.

Coetzee is so ongeloofwaardig dat daar hoegenaamd geen peil op sy getuienis getrek kan word nie. Daar bestaan ernstige twyfel of hy geestelik volkome rasioneel is. Daar word nie gesuggereer dat hy geestelik versteurd is nie, maar daar bestaan 'n vraagteken oor die rasionaliteit van sy optrede.

Hy het 'n geleentheid gesien om persoonlike roem te verwerf, finansiële voordeel vir homself



Lothar Neethling

daaruit te put en om wraak te neem op sekere lede van die SAP.

Die polisie gee toe dat Coetzee en Nofomela moontlik wel verantwoordelik was vir die steel van 'n kombi in Augustus 1981 in Johannesburg, 'n Audi in die Oos-Kaap 'n maand later en "aanvaar vir doeleindes van die argument" dat hulle betrokke was by die moord op die diamanthandelaar in November 1981.

Adv Manny Witz, vir genl Lothar Neethling, het Coetzee se bewerings oor die beweerde vergiftigings van aktiviste verwerp en gesê Coetzee het voor die kommissie erken dat hy 'n "leuenaar, meinedige, motordief, inbreker en moordenaar" is.

## DIE POLISIEMANNE SE GETUIENIS:

**Regslui vir Menseregte en die Raad:**

Daar kon uiteraard nooit van die polisiemanne verwag word om te erken dat hulle by onwettige dade betrokke was nie. Hulle het geweet dat daar benewens die bekentenisse van Coetzee, Tshikalange en Nofomela, geen ander getuienis sou wees wat hul verbind nie.

Die ontkennings van die polisie is simplisties, oneerlik en is daarop gerig om die kommissie te mislei.

Harms moet nooit so naïef wees om te glo dat polisiemanne nooit lieg of onwettige dade pleeg nie. Veral waar terrorisme en die "totale aanslag" bestry word, kan mens verwag dat aanvaarde optrede verruil sal word vir meer drastiese aksie wat in baie gevalle geen perke ken nie.

Daar is genoeg getuienis voor die kommissie wat aandui dat die polisie ook buite landsgrense opgetree het. Tog het talle polisiemanne dit ontken. Dit laat die vraag ontstaan:

"Indien die polisie hieroor gelieg het, waarom moet hulle getuienis oor binnelandse dade enigsins aanvaar word?"

**Die polisie:**

Wat Coetzee se getuienis oor die betrokkenheid van verskeie senior polisie-offisiere betref, sê die polisie dat daar geen getuienis is dat hulle hul na die Coetzee-tydperk by Vlakplaas aan enige wandaad skuldig gemaak het nie.

"Indien Nofomela, Coetzee en Tshikalange geglo moet word, moes die duiwel vir die een of ander onverklaarbare rede in dié persone gevaar het, in hulle gebly het vir vier maande en daarna vir die een of ander onverklaarbare rede sy vertrek geneem het."

## VLAKPLAAS:

**Regslui vir Menseregte en die Raad:**

Vlakplaas moet geheel en al ontbind word. In die huidige politieke atmosfeer is daar geen rol meer vir onopgeleide polisiemanne om "terroriste" te jag nie.

Daar is geen getuienis dat hierdie eenheid hoegenaamd bereik het waarvoor hy amptelik gestig is nie, naamlik die opspoor van ANC-guerrillas. Indien hulle dié funksie verrig het, is dit onverklaarbaar waarom rekords nie gehou is nie. Hulle kon dit nie bekostig het nie omdat hul optrede onwettig was.

So byvoorbeeld het kol Jan Coetzee getuig dat daar in die drie jaar van sy bevel oor Vlakplaas net ses insypelaars gevang is, Brian Nqgulunga het gesê dat hy in ses jaar gesien het hoe een insypelaar gevang word en kapt Paul van Dyk sê in sy sewe jaar is tussen twee en vyf gevang.

## AANBEVELINGS:

**Regslui vir Menseregte en die Raad:**

Of moordbendes dan nou amptelik gestig was of nie, die aard van die operasies wat dié Vlakplaas-groep moes uitvoer, dra die kenmerke van 'n moordbende.

"Wat van die kommissie verwag word, is 'n robuuste en realistiese benadering en 'n erkenning en aanvaarding van die werklikhede van 'n Suid-Afrika in 'n tydperk toe 'n revolusie gewoed en die polisie nie dinge "volgens die boek" gedoen het nie.

Teen dié agtergrond is dit nie moeilik vir die kommissaris om tot die gevolgtrekking te kom dat verskeie lede van die SA Polisie van tyd tot



Dirk Coetzee

tyd by onwettige dade betrokke was nie.

Die Raad beveel aan dat verskeie insidente waaroor die drie getuig het, na die Prokureur-Generaal vir verdere ondersoek en moontlike vervolging verwys moet word. Omdat die polisie reeds gewys het dat hulle nie verdere ondersoek wil doen nie, word aanbeveel dat 'n onafhanklike liggaam dit ondersoek.

**Die polisie:**

Daar bestaan nie 'n greintjie getuienis dat die polisie ooit betrokke was by "moordbendes" van dié aard nie en Coetzee, Tshikalange en Nofomela is só leuenagtig dat geen waarde aan hulle getuienis geheg kan word nie.

*Lubowski-raaisel leef voort*

# Weermag wil nie hê die waarheid moet uit nie



**Adv Anton Lubowski**
*(Foto: John Liebenberg - Afrapix)*

**Die raaisel rondom die beweerde spioenstatus en dood van die Swapo-leier Anton Lubowski gaan waarskynlik onopgelos bly onderwyl prokureurs besig is om sy boedel af te handel en die Harms-kommissie sy laaste stuiptrekkings gee. JACQUES PAUW doen verslag**

DIE moontlikheid dat Anton Lubowski se moordenaars, waarskynlik lede van die geheimsinnige Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), ooit voor die reg gebring gaan word, het dié week verder verskraal met die nuus dat BSB-lede heel moontlik onder die amnestie-ooreenkoms tussen die regering en die ANC gaan val.

Lubowski is reeds deur Harms as spioen gebrandmerk nadat die weermag vroeër vanjaar onder uiters onbevredigende en geheimsinnige omstandighede getuienis aan die kommissie voorgelê het dat hy drie betalings van altesame R100 000 van 'n frontmaatskappy van die weermag ontvang het.

Geen argumentering oor Lubowksi se spioenstatus gaan waarskynlik voor die Harms-kommissie gevoer word nie en klaarblyklik sal Harms by sy bevinding bly dat hy 'n betaalde agent van die weermag was.

Intussen hang daar steeds 'n kleed van geheimsinnigheid oor die Pretoriase maatskappy wat die betalings namens die weermag aan Lubowski gemaak het. Global Capital Investments is amptelik drie weke gelede gederegistreer en geen verdere besonderhede oor die aandeelhouers of direkteure is bekend nie.

Die weermag het die afgelope maande alles in hul vermoë gedoen om die Lubowksi-familie te verhoed om die waarheid uit te vind:

* Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het in Februarie vanjaar gesê dat hy bereid is om saam met amptelike kommissies te werk en dat die bewerings rondom Lubowski vir die waarheid getoets kan word. Die familie het aangeneem dat hulle die geleentheid sou kry om Malan te kruisondervra.

* Staatspresident FW de Klerk het die Harms-kommissie se verwysingsraamwerk uitgebrei om getuienis oor die spioenasiebewerings aan te hoor, maar nie om Lubowksi se dood te ondersoek nie.

* Versoeke aan De Klerk deur die familie en die eerste minister van Namibia, Theo Ben Gurirab, om ook die moord te ondersoek, is afgekeur.

* Harms het 'n aansoek van die hoof van staf inligting van die weermag, genl Witkop Badenhorst, toegestaan dat getuienis oor die spioenasiebewerings agter geslote deure gehou word. Nie eens regsverteenwoordigers vir die familie is toegelaat om die getuienis aan te hoor nie.

* Die familie is verder verhoed om ondersoek na Lubowksi se bankrekening te doen. Die weermag het die bank met vervolging gedreig as hy enige inligting sou bekend maak.

* Geen verdere besonderhede is bekend gemaak oor sy werwing, verhouding met die weermag, die mense wat hom hanteer en betaal het en die beweerde geheime inligting oor Swapo wat hy aan die weermag verskaf het nie.

* Ingevolge die Verdedigingswet is 'n bevel uitgevaardig dat geen inligting oor Global Capital Investments - die identiteit van die nuwe eienaar, sy lede, sy direkteure, sy adres of die soort sake wat bedryf is - openbaar gemaak mag word nie.

Daar bestaan ernstige twyfel of Lubowski ooit geweet het dat hy betalings van die weermag ontvang. Sy prokureur in Windhoek, Chris Steyn, sê daar is geen finale getuienis wat daarop dui dat hy 'n spioen was nie.

Hy het besonderhede van Malan gevra, maar na 'n lang tyd 'n niksseggende antwoord ontvang. Die enigste getuienis wat daarop dui dat Lubowski 'n agent was, is die betalings aan hom.

Dit is bekend dat groot bedrae geld gedurig deur Lubowski se bankrekening gekanaliseer is vir beide Swapo en Namlaw, 'n regsvakbond waarby hy betrokke was.

Daar is getuienis voor die kommissie dat die BSB van talle "onbewuste" lede gebruik gemaak het - operateurs wat nooit geweet het dat hulle in werklikheid vir die weermag gewerk het nie.




**Anton Lubowski se pa tydens 'n protesoptog in Kaapstad**
*(Foto: Shamiel Albertein)*

Pieter Botes, gewese streekskoördineerder van die BSB, het vertel van 'n geval waar die BSB van 'n frontmaatskappy gebruik gemaak het om die Zimbabwiese opposisie-politikus Edgar Tekere te probeer omkoop. 'n Frontmaatskappy is ook gebruik om Mosambiekse regeringsamptenare vir 'n viskwota om te koop.

Daar is dus geen rede hoekom Lubowksi, wat deur sy familie beskryf word as naïef en iemand wat maklik andere vertrou, nie ook kon gedink het dat Global 'n gewone siviele maatskappy is wat niks met die weermag te make het nie.

Indien Lubowksi wel 'n "bewuste" spioen was, is dit twyfelagtig of die weermag hom per tjek, uitgemaak in sy eie naam, sou betaal. "Bewuste" lede word gewoonlik in kontant betaal.

Die ondersoekbeampte na die Lubowksi-moord, kol Jumbo Smith, sê die ondersoek duur steeds voort. 'n Ierse sluipmoordenaar en beweerde lid van die BSB, Donald Acherson, is vir die moord aangehou, maar uiteindelik vrygelaat omdat daar nie genoeg ondersteunende getuienis was nie.

Smith het getuig dat twee BSB-lede, Staal Burger en Chappie Maree, saam met Acherson aangekla moet word en dat Slang van Zyl, Calla Botha en Ferdi Barnard belangrike staatsgetuies is. Die Namibiaanse regering het hul uitlewering versoek, maar dit is twyfelagtig of Suid-Afrika dit ooit sal doen.

Getuienis is voor die Harms-kommissie gelewer dat Burger en sy bende hom kort voor sy dood gemonitor het en elf dae voor hy doodgeskiet is 'n vergadering in 'n Johannesburgse hotel gehou het om te besluit wat om omtrent hom te doen.

# Om 'n regter van moord te oortuig...

**Die moord op Griffith Mxenge is na nege jaar van vergeefse pogings om sy moordenaars vas te trek, ná die drie se onthullings weer opgediep en het die afgelope maande 'n sentrale fokus van die ondersoek na polisie-moordbendes geword. Deur JACQUES PAUW**

DIE wanhopige pogings van 'n uitgewekte polisie-kaptein, sy tuinier en 'n terdoodveroordeelde polisieman om die wêreld te oortuig dat hul moordenaars is, is vandeesweek 'n stappie verder gevoer toe redes voor 'n regter en sy kommissie aangevoer is oor hoekom hul bekentenisse geglo moet word.

Die getuienis van Dirk Coetzee, David "Spyker" Tshikalange en Almond Nofomela draai hoofsaaklik rondom die moord op die Durbanse menseregte-prokureur en ANC-aktivis, Griffith Mxenge. Harms sal uiteindelik moet bevind of hy oor genoeg getuienis beskik om te bevind dat die polisie hom vermoor het.

Al waaroor die regspanne omtrent vandeesweek saamgestem het, is dat Mxenge op 19 November 1981 vermoor is en sy erg verminkte lyk die oggend van 20 November met meer as veertig steek- en snywonde aangetref is.

Regspanne vir Regslui vir Menseregte, wat namens Coetzee, Tshikalange en Nofomela opgetree het, en die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking sê daar is genoeg getuienis wat bewys dat dié drie by die moord op Mxenge betrokke was nadat hulle 'n bevel van hoër op ontvang het.

Daarteenoor sê adv Sam Maritz, namens die veiligheidspolisie en individuele polisiemanne, daar is geen getuienis dat enige van dié drie selferkende moordenaars of enige ander polisieman by dié gruweldaad betrokke was nie.

Hy wys in 'n betoog van 44 bladsye oor die Mxenge-moord op verskeie teenstrydige in hul getuienis oor onder meer die vergiftiging van Mxenge se honde, die verbranding van die motor en die aankoop van messe.

Adv Dennis Kuny, namens Regslui vir Menseregte, sê daar is net drie moontlikhede: dat al drie se weergawes leuens is en al die getuienis opgemaak is, dat dit 'n "private onderneming" tussen hulle was waarvan hul senior offisiere niks geweet het nie of dat hulle weergawes korrek is en dit inderdaad 'n amptelike polisie-daad was.

Kuny sê vir die eerste om waar te wees, moes hulle die getuienis by Mxenge se nadoodse ondersoek deeglik bestudeer het, die gebied van die moord besoek het en 'n geleentheid gehad het om die saak onder mekaar te bespreek.

Vir die tweede om waar te wees, moes hulle vir geen bepaalde rede besluit het om 'n onbekende prokureur in Durban wat vir hul geen betekenis gehad het nie, te vermoor.

"Die derde moontlikheid is die enigste redelike een. Mxenge was 'n politieke aktivis wat 'n doring in die polisie se vlees was," sê Kuny.

Kuny het Harms daarop gewys dat Coetzee, Nofomela, Tshikalange en Brian Ngqulunga volgens die polisie se amptelike werkskaarte ten tye van die moord in Durban was en dat hul twee dae later na Vlakplaas teruggekeer het.

Volgens die getuienis van Coetzee, Nofomela en Tshikalange het hulle Mxenge vermoor nadat hulle 'n amptelike opdrag ontvang het. Al drie het beskryf hoe hulle hom vooraf gemonitor en uiteindelik sy honde vergiftig het.

Al drie stem saam dat hulle opdrag ontvang het om die moord na roof te laat lyk. Nofomela en Tshikalange het beskryf hoe hulle Mxenge ingewag, ontvoer en na 'n afgeleë plek geneem en doodgesteek het.

"Dit is waar dat daar 'n aantal onbevredigende aspekte in die drie se getuienis is, maar dit word verklaar deurdat die moord agt jaar gelede plaasgevind het en die moontlikheid bestaan dat veral Nofomela gebeure gerekonstrueer het waar sy geheue hom in die steek gelaat het," sê Kuny.

Maritz sê die polisie kon geen werklike motief gehad het om Mxenge te vermoor nie. Inteendeel, die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat die ANC hom kon vermoor het omdat hy drie jaar vantevore in 'n hofsaak vir die PAC opgetree het. "Die weergawes van Nofomela, Coetzee en Tshikalange verskil in vele opsigte radikaal van die werklikheid en van mekaar. Dit is nouliks denkbaar dat hierdie radikale verskille kon bestaan het as hulle werklik deel gehad het aan die moord."

Nofomela word daarvan beskuldig dat hy sy bekentenis gemaak het om homself van die galg te red, Coetzee om sy haatlus teen die polisie te bevredig en geld uit sy verhaal te maak en Tshikalange omdat hy diep onder Coetzee se invloed was.

Wat die getuienis van Ngqulunga, Van Dyk en Vermeulen betref, sê Maritz dit was van "hoë gehalte". Brigadiers Jan du Preez, Van der Hoven en Schoon is "baie intelligente en eerbiedwaardige persone" na wie daar nie 'n enkele vinger te wys is nie.

Gewaarborg elke week: sewe giggels; drie hand-voor-die-monde; twee skaam-kwade; vier sjoe!'s; twee haai-is-dit?'s; een ag-nee-magtig-man; 'n enkele sies!; drie kan-jy-nou-meer's; en ook verskeie gedoriewaars, wrinties en dêmmits. Met die gewone voorraad geslagte heilige koeie, katte in duiwehokke en klippe in die bos.



Dis nou as jy elke week inteken op Vrye Weekblad. Op jou voorstoep afgelewer. Vir net R75 vir 'n jaar of R40 vir ses maande (AVB ingesluit).

Tuisaflewerings geld al geruime tyd vir die Witwatersrand, Pretoria, die Vaaldriehoek en Bloemfontein. Lorna by (011) 497 2911 sal graag meer besonderhede verskaf en klagtes hanteer. Vanaf dié week geld dit ook die hele Kaapse Skiereiland, Stellenbosch, Paarl, Somerset-Wes en die Strand. Kaapse intekenare moet 'n tjek of posorder stuur aan Vrye Weekblad, Posbus 171, Paardeneiland 7420. Mev Rossouw by (021) 511 0003 sal navrae beantwoord.

Naam ______________________

Adres ______________________

Poskode ______________________

**Ons is die nuwe Suid-Afrika**

***Vrye* Weekblad**

## New Age in Soweto

# 'Aanvaar jouself as volmaakte wese'

**Baie mense sê die New Age-filosofie is individualisties en selfsugtig, maar nie die klein groepie mense wat elke Sondag in Soweto bymekaar kom om mekaar se menslikheid en vertroue in hulself op te bou nie. Vir hulle is die metafisika 'n Afrika-denkwyse wat 'n mens leer hoe om mens te wees. Die dryfkrag agter dié groep is Thandi Mathibela. AUDREY BROWN stel haar voor**







Thandi Mathibela

HAAR lewendige oë gryp 'n mens eerste aan. Haar stem is sag en goed gemoduleerd. Haar naam is nie regtig Thandi nie; sy het nie van die ander een gehou nie - toe verander sy dit.

Haar ouderdom is moeilik om te bepaal, en Mathibela glo dat dit in elk geval maar net 'n syfer is. Sy weier om dié syfer te verskaf. "Ek het nie 'n ouderdom nie," lag sy.

Dit is net 'n voorbeeld van die innerlike krag wat Mathibela nou besit nadat sy ses jaar gelede besluit het om haar lewe te verander. Nou help sy ander om dieselfde te doen.

Sy vertel hoe sy betrokke geraak het by die New Age-filosofie: "Ses jaar gelede is my man in 'n motorongeluk verlam. Ek het nie 'n huis gehad nie en het net R500 per maand verdien. Met dié geld moes ek na my man en twee kinders omsien. Dit was die laagste punt in my lewe. Tog het ek geweet dat die lewe veel meer bevat as net die stryd om te oorleef.

"Ek is my hele lewe deur op soek na wysheid, maar konvensionele godsdiens het vir my niks ingehou nie. My soektog het my na dié filosofie gebring.

"Ek het by 'n skool ingeskryf, 'n kursus in metafisika gedoen en 'n praktisynslisensie verwerf. Verlede jaar is ek Amerika toe om meer oor New Age te gaan leer. Met my terugkeer het ek die Light of Mind-sentrum in Soweto gestig. My doel was om mense bewus te maak van hul innerlike potensiaal."

Daar was 'n berig in die koerant oor haar en mense wou meer weet. Twaalf mense het opgedaag... "Jy moet onthou dat ons hier van geestelike konsepte praat. Ons vra mense om hul denkwyse te verander. En dit is nie maklik nie. Daarom is die aanvraag nie so groot nie. Jy moet ook in gedagte hou dat net vyf persent van die bevolking die potensiaal besit om leiers te wees. Hulle besit die X-faktor. Daar sal dus nie só baie mense wees wat by die groep sal aansluit nie."

Wat bied die metafisika hulle?

"Dit gee hul selfbeeld 'n hupstootjie sodat hulle meer in hulself kan glo en die wêreld met meer selfvertroue kan aanpak. Dit gee mense 'n sin van identiteit. Dit gee ook rigting, sonder dat dit 'n godsdiens is."

Dié betekenis word geskep deur die New Age-filosowe te bestudeer. Een van hulle is Louise Hayes, 'n Amerikaanse vrou.

Daar word werkwinkels in selfbewussyn, selfbevestiging en meditasie gehou, waar mense net goeie, positiewe gedagtes dink. Selfbevestiging is die belangrikste deel van die leer: "Dit is 'n positiewe verklaring wat elkeen moet maak. Die woorde "ek is" (I am) is baie belangrik. Ons glo die onderbewussyn beeld uit wat 'n mens sê en dink. As jy vir jouself sê: 'Ek is lui, ek is arm, ek kan nie werk kry nie,' sal jy dieselfde van jouself dink. Maar as jy vir jouself sê: 'Ek is gelukkig, ek is volmaak, ek is geestelik,' verander jou siening omtrent jouself heeltemal."

Dis tog seker nie so maklik nie. Wat van die mense wat in situasies vasgevang is wat baie min te doen het met hul selfbeeld, maar meer met die politieke, ekonomiese en gemeenskaplike omstandighede waarin hulle hulself bevind?

"'n Mens kan in dié situasie òf tou *opgooi* òf dinge probeer verander. Ons leer mekaar dat die mens 'n geestelike, *fisieke* en verstandelike eenheid is. Dan weet jy dat jy steeds jou liggaam kan skoon hou en met trots die lewe in die gesig kan staar, al het jy niks nie. Dan kan jy jouself as 'n volmaakte wese aanvaar. Ons leer selfaanvaarding en liefde vir die self, maar ons leer ook vaardighede aan om situasies met vertroue aan te pak."

Mathibela ontken nie die invloed van die politiek op die mens se psige nie, maar vir haar is geestelike vryheid belangriker as politieke vryheid. Sy glo die metafisika het baie gemeen met Swartbewussyn en ander swart gelowe: "Afrika-godsdienste is metafisika, ons noem dit net nie so nie. Net soos die metafisika glo ons nie in die god in die hemel - die Sondagskoolhere - nie. Dit is Westers, maar die metafisika is van Afrika af. Ons glo dat alles wat in die natuur bestaan, in die mens bestaan."

Hoewel die beginsel van die filosofie oor individuele selfverbetering handel, glo Mathibela dat mense in groepe moet werk.

"Ons glo nie in oplossings net vir die individu nie. Ons glo dat jy jouself van binne moet heel, en dit na buite uitdra. Die samelewing se eerste *eenheid is die individu*, en as die individu nie gesond is nie, kan die samelewing nie gesond wees nie. Voordat daar vrede kan wees, moet die individu innerlike vrede smaak. Voordat daar genesing kan wees, moet die individu genees word. Dit is waarom ons nie met die 'masses' werk nie, ons werk met individue."

Dra dié filosofie 'n politieke boodskap?

Mathibela dink so, maar op "'n hoër vlak."

"Steve Biko het jare gelede dié goed gesê, maar ons grond nie ons leer op straatwoede nie, ons werk op 'n hoër vlak."

# 'Ek hoort hier, ek is 'n vreemdeling'

**Gillian "Joe se dogter" Slovo is na 26 jaar weer in Suid-Afrika om reklame vir haar boek, Ties of Blood, te doen. Maar, sê sy, sy praat meer oor die kommunisme en haar pa. AUDREY BROWN het met haar gaan gesels**



Gillian Slovo

GILLIAN SLOVO se vliegtuig - haar eerste huis toe in 26 jaar - was vir 22 uur vertraag. Dit was nie die einde van die storie nie. Toe hulle op Jan Smuts-lughawe begin neerdaal, is die vlieënier versoek om op Louis Botha te gaan land. Slovo glo dit is haar lot in haar geboorteland, en daar is niks wat sy daaraan kan doen nie.

Sy het huis toe gekom om reklame vir haar boek, "Ties of Blood", te doen. Sy is nie seker of sy veel daarvan kan doen nie, want oral waar sy gaan, is sy "Joe se dogter".

Soos dié keer toe alles vir 'n paar minute stilgestaan het by 'n bank waar sy reisigerstjeks gewissel het - die kassier het haar naam herken. Talle swartmense het haar alles van die beste toegewens en groete aan Joe, haar pa, gestuur.

'n Ander keer is sy oor die radio skerp aangeval oor kommunisme, hoewel sy self nie aan die Kommuniste Party behoort nie.

Ander mense gluur haar aan sonder om enigiets te sê, maar die meeste bied hul ondersteuning aan - soos dié wat haar pa vir sy handtekening in 'n restaurant gevra het.

Vir Gillian voel dit asof 'n leeftyd verby gegaan het sedert sy hier weg is, en tog is daar sekere dinge wat steeds in haar are vloei.

"Daar is dinge in die land wat so bekend voel, veral die mense. Elke nou en dan sien ek 'n besondere uitsig oor Johannesburg wat ek nie noodwendig kan onthou nie, maar tog herken. Ek voel asof ek hier hoort, maar ek voel ook soos 'n vreemdeling... Dit is seker normaal.

Maar die mense is so bekend, hulle is in my bloed. En tog voel ek soms asof ek glad nie verstaan nie - ek praat nie die regte tale nie, ek praat selfs Engels heeltemal anders as die mense hier. Dit is nogal snaaks.

Slovo is 26 jaar gelede as twaalf-jarige dogtertjie hier weg nadat haar ouers weens politieke redes die land uit is.

"Ek is 'n ander mens. Ek is hier weg as kind om in 'n heeltemal ander kulturele klimaat, tussen ander soort mense te gaan grootword. Ek is seker ek sou 'n ander mens gewees het as ek hier gebly het."

Gevra of sy ooit haar bande met Suid-Afrika gesny het, sê Slovo: "Ek het doelbewus weggegroei van Suid-Afrika af. Ek het doelbewus die uitgeweke gemeenskap ontwyk omdat ek my eie identiteit in daardie nuwe land wou skep. Maar toe my ma vermoor is, het ek besef ek sal Suid-Afrika nooit kan ignoreer nie. Dié land is my lot. Ek is daaraan vasgebind. Toe het ek 'n lid van die ANC geword."

Het sy die opspraak om haar besoek verwag?

"Ja, ek het. Omdat dit duidelik is dat Joe baie betrokke is by wat nou aan die gang is. Maar ek het nie verwag dat mense vir sy handtekening sou vra as ons in 'n restaurant sit nie, of dat mense my sou aanval oor kommunisme nie. Soms irriteer dit my bietjie dat mense net wil praat oor kommunisme en my pa, terwyl ek eintlik hierheen gekom het om reklame vir my boek te doen."

*Ses geskiedkundige maande later...*

# ...en Pretoria-minuut span die kroon



**Dit is maar slegs 'n skrale ses maande sedert die geskiedkundige toespraak op 2 Febuarie van Staatspresident FW de Klerk. Tog het Suid-Afrika in dié halwe jaar fundementele en onherroeplike politieke veranderings ondergaan. HENNIE SERFONTEIN gee 'n oorsig van dié geskiedkundige tydperk**

DAAR is in die kort tydperk sedert Staatspresident FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie meer politieke rubicons oorgesteek as in die ganse geskiedenis van die vorige 338 jaar van konflik tussen swart en wit.

Daarom is dit heel gepas dat in die vroeë oggendure van Dinsdag dié week, die ANC en die regering na 'n indringende gesprek van vyftien uur tot die Pretoria-minuut ooreengekom het.

Dit was 'n deurbraak wat 'n dooiepunt ontlont het en finaal die struikelblokke tot ware onderhandelings uit die weg geruim het. Dit was dan ook 'n sigbare afsluiting en bekroning van die eerste 180 dae van die vredesproses in Suid-Afrika.

Die aankondiging van 2 Febuarie het behels die wettiging van die ANC, die PAC en die SAKP en het die weg voorberei vir die vrylating 9 dae later van Nelson Mandela.

Daarmee is die weg voorberei vir drie baie belangrike ontwikkelings:

Eerstens is die politieke ruimte na 30 jaar weer oopgemaak deurdat die politieke teenstanders van die regering gewettig is. Dit is vir hulle moontlik gemaak om die afgelope maande weer normaal as politieke partye te funksioneer. Die stadige en moeisame proses van werwing van lede, die stigting van takke, en die opbou van streeksorganisasies oor die hele land het begin.

Tweedens is daar merkwaardige vordering gemaak in die onderhandlings tussen die ANC en die regering. Die stoutste verwagtings van die mees siniese waarnemers is ver oortref.

Niemand het geglo dat struikelblokke tot onderhandelings so vinnig uit die weg geruim sou word nie.

Prof Willie Esterhuyse van die Universiteit van Stellenbosch wat reeds geruime tyd in gesprek met die ANC is, sê: "Ek is buitegewoon verras, want ek het nooit verwag dit sou naastenby so suksesvol en so vinnig verloop nie. Die struikelblokke is as 'n baie taai tameletjie beskou.

"Dit is duidelik dat albei partye nou besef dat die koste van die handhawing van tradisionele onbuigsame politieke posisies te hoog geword het."



FW de Klerk en Nelson Mandela tydens die perskonferensie na die Pretoria-minuut (Foto: AP)

Hy meen die regering het uit hulle pad gegaan om sover moontlik aan die versoeke van ANC in terme van die Harare-verklaring te voldoen. Die regering het ook daadwerklike pogings aangewend om die ANC toegemoet te kom oor die vraagstuk van politieke gevangenes.

"Eweneens was die ANC se besluit om die gewapende stryd eensydig op te skort, 'n dramatiese gebaar wat die geskiedkundige deurbraak dié week moontlik gemaak het," sê Esterhuyse.

Waarskynlik die belangrikste aspek van die onderhandelings tussen die ANC en die regering die afgelope ses maande, is die goeie persoonlike verstandhouding en wedersydse vertroue wat in die proses opgebou is. Dekades se diepe wantroue, bitterheid en selfs haat moes oorkom word.

Veel is al geskryf oor hoe die ANC- en regeringsverteenwoordigers na 30 jaar van stryd mekaar as mede Suid-Afrikaners en mense ten tye van die Groote Schuur-beraad ontdek het.

Maar belangriker miskien nog, is die langdurige onderhandelings buite die openbare soeklig van die gesamentlike werksgroepe. Dit is hiér waar oor baie lange ure en dae in reguit gesprekke uiters netelinge kwessies gedebatteer en, in die soeke na oplossings, uitgestryk is.

Van deurslaggewende belang in die pragmatiese samewerking is seer sekerlik die goeie persoonlike verhouding wat tussen De Klerk en Mandela ontstaan en gegroei het.

Verskeie lang gespreksontmoetings het keer op keer die knoop deurgehak as dinge vasgeval het. Die twee is ook regstreeks en voortdurend met mekaar in verbinding oor netelinge sake wat opduik.



FW de Klerk en Nelson Mandela, 'n dag voor sy vrylating

Die feit dat die onderhandelingsproses die histeriese, emosioneel-aangeblase "Rooi Komplot"-voorval oorleef het, is konkrete bewys dat waarskynlik niks die groeiende hegte ANC/regering-gesprek kan ontspoor nie.

In dié verband het Mandela uit sy pad gegaan om De Klerk 'n persoonlike verleentheid te bespaar nadat hy deur sy veiligheidsadviseurs mislei is.

'n Uiters belangrike uitvloeisel van die ANC/regering-gesprekke is die feit dat dit reeds die de facto kern begin vorm 'n tussentydse regering in wording.

As gevolg daarvan, byvoorbeeld, het die regering reeds onderneem om wetgewing voor te berei om die bestaande veiligheidswette tydens die volgende parlementsitting te wysig.

Derdens het die gebeure sedert 2 Febuarie en al die bogemelde verwikkelinge onomstootlik en finaal bevestig: die einde van blanke mindersheidsoorheersing het begin en is spoedig iets van die verlede.

Die optrede en uitsprake van die regering spel dit duidelik uit. Slegs enkele dae na die De Klerk-aankondiging erken dr Gerrit Viljoen ruiterlik: teen die einde van die eeu is die Nasionale Party-regering nie meer aan bewind nie.

Tydens die Groote Schuur-beraad maak een van die Suid-Afrikaners dit baie duidelik: onder 'n nuwe grondwetlike bedeling sal die NP op die opposisiebanke sit.

Meerderheidsregering op die grondslag van een-man-een-stem met sekere grondwetlik waarborge en 'n handves van menseregte is dus 'n onafwendbare sekerheid. En dat die nuwe regering hoofsaaklik uit die ANC gaan bestaan, is ewe seker.

Die een probleem is miskien dat die NP-leierskap nie al die implikasies ewe duidelik aan hul ondersteuners uitspel nie.

Maar 'n onlangse opmerking van 'n senior Kabinetsminister teenoor dr Alex Borraine van Idasa, dui aan in hoe 'n mate die regering verander het. Hy sê: "Doktor Borraine, ek moet vandag kaalkop erken dat jy en dr Slabbert altyd reg was, en ons verkeerd. As die Dakar-ontmoeting met die ANC nie destyds plaasgevind het nie, sou ons nie vandag reeds so ver gevorder het nie."

Dié opmerking sê alles wat daar oor verandering te sê is.

Oor die merkwaardige politieke deurbraak wat die ANC behaal het, sê dr Frederik van Zyl Slabbert: "Die ANC het na dekades van stryd op vele vlakke finaal daarin geslaag om die basiese inslag van hul boodskap en filosofie deur die regering aanvaar te kry.

"Dit is naamlik dat Suid-Afrika 'n eenheidstaat is wat aan al sy mense behoort en wat as 'n nie-rassige demokrasie deur almal regeer behoort te word.

"Uit 'n staatsregtelike en politieke oogpunt is dit 'n grootse oorwinning vir die ANC."

Al die gevolge van dié gebeure is natuurlik nie positief nie. Daar is voortdurende onrus en geweld in die swart townships. Groter polarisasie vind plaas tussen ver-links en verregs en daar is 'n skrikwekkende toename in geweld.

Daarby moet pynlike aanpassings gemaak word omdat die politieke reëls totaal verander het. Ons is in die proses van die vernietiging van konvensionele politieke basisse en die hergroepering van politieke partye wat alle groepe oor die politieke spektrum raak.

Dr Deon Geldenhuys, professor in Internasionale Politiek aan die Randse Afrikaanse Universiteit, noem twee positiewe resultate wat veral die NP-regering sal bevoordeel:

Eerstens beleef Suid-Afrika se internasionale aansien 'n ommekeer. Daar is 'n geleidelike beweging weg van algehele isolasie tot 'n aanvaarding deur die internasionale gemeenskap dat die regering met fundementele veranderings begin het.

Tweedens is die beeld van die Afrikaner as die uitvaagsel van die wêreld vinnig besig om te verander. Daar word met nuwe respek na hom gekyk.

Dit is nou slegs die Konserwatiewe Party en die AWB wat nog met die ou beeld van verstokte rassisme opgesaal sit.

**SAAK-KONFERENSIE**

**(Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring)**

14,15 en 16 Augustus 1990 om 13h00, 19h00

Sanlamsaal, LSS

**"Die rol van die Afrikaner in 'n toekomstige SA"**

**SPREKERS:**

**Breyten Breytenbach, Patrick Lekota (ANC), ds Willie Cilliers (NGK in Afrika), prof Johan Heyns (NGK), prof Carel Boshoff (AVW), Glen Babb (NP), Albie Sachs (ANC), prof Johann van Der Westhuizen (UP), prof John van den Berg (UWK), Robert van Tonder (Boerestaatparty), Cobus de Swart (UWK), Rian Malan (skrywer), Hennie Serfontein (joernalis), dr Neville Alexander (NLP), dr Ben Cronjé (FAK), Jannie Momberg (DP-LP Simonstad).**

## Ware onderhandelinge kan nou begin

# Die anatomie van die toekoms

### HENNIE SERFONTEIN bekyk die onderhandelingsprosesse wat nou voorlê

"ONS staan nou aan die begin van die proses van die ware onderhandelings om 'n nuwe grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika op te stel. Sodra die formele veelparty-konferensie volgende jaar begin, mag sake daarna verbasend vinnig ontwikkel.

"Maar dis 'n lang proses wat ten minste vier jaar mag duur."

Dít is die mening van Marinus Wiechers, professor in Staatsreg aan Unisa, na aanleiding van die historiese Pretoria-minuut dié week tussen die regering en die ANC.

Die struikelblokke tot onderhandelings is daarmee finaal uit die weg geruim. Dit is die gevolg van die dramatiese besluit van die ANC om die gewapende stryd onmiddellik op te skort en die ooreenkomste oor die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes wat met die regering bereik is.

Vrye Weekblad het Wiechers gevra om die volgende vrae oor praktiese aspekte van die onderhandelinge en die onmiddellike stappe vorentoe te behandel:

* Hoe gaan die huidige gesprek tussen die ANC en die regering verbreed word om alle politieke partye oor die hele spektrum van links na regs in te sluit?
* Gaan dit 'n grondwetgewende vergadering wees, voorafgegaan deur een-mens-een-stem-verkiesings volgende jaar?
* Sal daar 'n internasionale betrokkenheid en toesig deur die Verenigde Volke soos in die geval van Namibia kan wees?
* Word 'n nuwe tussentydse regering aangestel wat mag van die huidige regering sal oorneem?
* Hoekom is daar nie 'n formele staakvuur-ooreenkoms tussen die ANC en die regering gesluit nie? Wat is die bindende krag van die ANC-besluit om die gewapende aksie op te skort?

Wiechers sê die heel eerste stappe wat die ANC en die regering moet doen, is om die huidige gesprek te verbreed. "As die twee gasheer-partye sal hulle die inisiatief moet neem om ander groepe en partye te betrek.

"Dit is baie belangrik dat die gesprek so wyd en inklusief as moontlik moet wees, en alle groepe, ook die kleineres, insluit. Al die politieke akteurs moet betrek word," beklemtoon hy.

Wiechers wys op die probleme om onbuigsame partye na links en regs by so 'n grondwetlike konferensie te kry. Die Konserwatiewe Party (KP) en die ver-regses asook die PAC en Azapo weier tot nog toe, om teenoorgestelde redes, om na die onderhandelingstafel te kom.

Hy sê: "Dit mag wees dat die ANC die PAC, en die regering die KP en ander regses, moet probeer oorreed. Of die regering en die ANC mag ooreenkom om fasiliteerders te vra om afsonderlik of gesamentlik dié groepe te oorreed."

In dié verband noem hy die name van mense soos Oscar Dhlomo, voorheen van Inkatha, Wynand Malan, Van Zyl Slabbert en aartsbiskop Desmond Tutu.

Wiechers meen "dit gaan 'n gespook wees om al die politieke akteurs daar te kry. Sommige mag slegs kom as waarnemers soos wat die Nasionale Party gedoen het met die Natal-Indaba. Andere soos die AWB en PAC mag selfs wegbly."

Volgens die ANC-eise en die sogenaamde Harare-verklaring, word aangedring op 'n verkose grondwetgewende vergadering soos wat in Namibia gebeur het.

Eers na 'n vrye verkiesing op 'n een-persoon-een-stem-grondslag in so 'n vergadering, kan laasgenoemde begin om aan 'n nuwe grondwet te werk.

En volgens die voorstelle moet daar tegelykertyd formeel 'n tussentydse regering ingestel word om toesig te hou oor die onderhandelingsproses.

Maar Wiechers meen dat daar geen kans is dat die regering tot so 'n verkiesing op dié mees sensitiewe politieke tydstip sal toestem nie, of dat dit formeel van mag gaan afstand doen nie.

"Daarvoor is die regering met sy huidige magsbasis eenvoudig net te sterk. Vanuit 'n blanke oogpunt beskou, is dit net nie realistiese haalbare politiek in dié stadium nie," sê Wiechers.

Hy beklemtoon dat daar nie 'n onmiddellike dramatiese oorhandiging van mag binne 'n paar maande sal plaasvind nie, soos wat in Namibia en Zimbabwe gebeur het.

"Ons praat eerder van 'n proses wat in fases gaan ontwikkel," sê Wiechers.

Hy praat van 'n veelparty-konferensie as die begin van die proses teen die einde van die jaar of vroeg volgende jaar as die eerste formele stap na die uitnodigings aan alle partye.



Prof Marinus Wiechers

Die eerste konferensie sal waarskynlik informeel wees en die verteenwoordiging van elke groep of party sal ad hoc op 'n arbitrêre grondslag geskied, met miskien aanvanklike gelyke verteenwoordiging vir almal. "Dié byeenkoms kan selfs half chaoties wees," meen Wiechers.

'n Voorsitter word deur die vergadering self uit eie geledere aangewys. Of daar kan besluit word om van 'n fasiliteerder van buite gebruik te maak.

Die eerste vergadering wys 'n reëlingskomitee aan bestaande uit die verskeie leiers of hul direkte verteenwoordigers.

Die komitee neem dan besluite oor die werkswyse, die basis van verteenwoordiging van elke groep en hul stemreg en die aanstel van tegniese werkgroepe om te begin werk aan verskillende aspekte van die nuwe grondwet.

Wiechers voorsien dat uit dié reëlingskomitee van leiers van die veelparty-konferensie daar mettertyd 'n struktuur of orgaan kan ontwikkel. "Mens kan dit 'n soort van staatkundige raad noem wat bestaan uit 'n aantal werksgroepe wat aan 'n grondwet begin werk," sê hy. Volgens hom sien hy 'n tweeledige ontwikkeling vanuit die veelparty-konferensie en die staatkundige raad.

Eerstens is daar 'n noue wisselwerking met die parlement, wat steeds die wetmakende liggaam bly en in wese voorlopig in sy huidige vorm bly voortbestaan, om indien nodig besluite van die veelparty-konferensie of staatsraad te implementeer.

Daar kan byvoorbeeld reeds vroeg in die grondwetlike onderhandelings ooreengekom word op 'n basiese menseregte-verklaring wat dan vir aanvaarding aan die parlement voorgelê kan word. "Ook kan daar aanpassings gemaak word: byvoorbeeld aan die kabinet om reeds voorsiening te maak vir insluiting van buite-parlementêre groepe."

Tweedens wys hy daarop dat in wese daar reeds 'n tussentydse regering in wording is. "Die regering het reeds aan die ANC beloof om sekere belangrike veranderings oor die omstrede veiligheidswetgewing by die volgende sitting van die parlement te maak."

Uit die veelparty-konferensie sal daar dus 'n struktuur van leiers groei wat de facto 'n tussentydse regering is wat oor fundamentele sake rakende die grondwetlike onderhandelingsproses besluite sal neem.

Wiechers voorsien dat in teenstelling met Namibia, daar eers heelwat later 'n verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering gehou sal word nadat daar reeds ver gevorder is met die grondwet en daar breë konsensus bereik is.

Hy beklemtoon dat daar geen vergelyking is tussen Namibia en Suid-Afrika nie. Ook is daar geen basis vir buitelandse betrokkenheid nie.

"Want Suid-Afrika is 'n soewereine onafhanklike staat. Dit word as sulks erken deur beide die VVO en die Organisasie van Afrika-eenheid (OAE). Later het die Lusaka-manifes van 1969 opnuut bevestig dat die OAE erken dat Suid-Afrika geen koloniale situasie is nie.

"Die internasionale boodskap aan ons is ook baie duidelik. Daar is 'n onkeerbare proses van verandering, maar ons moet self ons eie skikplan bepaal," sê Wiechers.

Wiechers verduidelik dat daar staatsregtelik geen formele staakvuurooreenkoms tussen die ANC en die regering gesluit kan word nie.

"So 'n ooreenkoms wat volkeregtelik en staatsregtelik afgedwing kan word, kan slegs tussen twee vegtende eenhede, wat state is, gesluit word.

"Hier is geen formele oorlog verklaar nie. Ons het hier te doen met 'n burger-oorlog-situasie." Hy sien die regering se aanvaarding van die opskorting van die gewapende stryd as 'n "politieke ooreenkoms in goeie trou deur die twee partye. Dit is te vergelyk met die voor-onderhandelingsooreenkoms wat ter goeder trou tussen die twee partye bereik is voordat 'n finale kontrak gesluit is."

Wiechers wys daarop dat die gesamentlike werkskomitee wat op 15 September hieroor moet rapporteer, inderwaarheid 'n gesamentlike monitor-komitee is soos wat tydens die Namibiaanse vredesproses bestaan het.

# Umkhonto bly gereed...

### CHRISTELLE DE JAGER

DIE gewapende stryd is wel opgeskort, maar dit beteken beslis nie dat Umkhonto we Sizwe (MK) nou ontbind gaan word nie. Dít is vandeesweek deur Pallo Jordan, inligtingshoof van die African National Congress, beklemtoon.

Jordan sê MK is 'n weermag, en dat 'n weermag altyd op 'n gereedheidsgrondslag moet wees. Opleiding sal dus voortgaan en dissipline sal gehandhaaf word, soldate sal fiks bly en nuwe vaardighede sal geleer word.

Jordan sê MK het 'n groot rol gespeel in wat deur die afgelope paar jaar bereik is in die afbreek van apartheid, en hy wys daarop dat MK in die toekoms steeds 'n belangrike rol gaan speel.

"Dit (gewapende stryd) was deel van 'n totale strategie teen apartheid wat baie fasette behels het, en was verantwoordelik vir die bereidwilligheid van die regering om nou te onderhandel."



Pallo Jordan

Jordan wys daarop dat daar reeds sedert die middel van 1989, toe daar tekens van verandering in Suid-Afrika was, 'n afname in die gewapende stryd was, en dat dit sedert 2 Februarie nog verder afgeneem het.

Jordan sê dit sal nie in die toekoms moontlik wees dat MK-lede in die bestaande Suid-Afrikaanse weermag opgeneem word nie.

Hy sê 'n totaal nuwe geherstruktureerde weermag sal in Suid-Afrika tot stand gebring moet word omdat die ou Suid-Afrikaanse weermag altyd die "wit regering se weermag" sal bly.

Gedurende die oorgangstydperk na 'n nie-rassige demokratiese regering in Suid-Afrika, sal MK besig wees met voorbereidings om van 'n opstand-weermag na 'n gewone weermag te verander.

"Die Kasteel in Kaapstad is die simbool van die SAW. Dit verteenwoordig die fort wat gebruik is om wit mense wat van Europa af gekom het en die grond gevat het, teen swart inboorlinge te verdedig. Natuurlik kan dit nie die weermag van 'n nuwe Suid-Afrika wees nie," het Jordan beklemtoon.

*Umkhonto we Sizwe staak vuur na dertig jaar*

# 'Die mense se geduld het opgeraak'

**"DIE mense het nie eindelose geduld nie. Daar kom 'n tyd in die geskiedenis van elke volk dat daar net twee keuses is: veg of gee oor. Daardie tyd het nou in Suid-Afrika aangebreek. Ons sal nie oorgee nie en ons het geen ander keuse nie as om met alle mag terug te veg om ons mense, ons toekoms en ons vryheid te beskerm."**

**Met hierdie woorde van die eerste Umkhonto-manifes in 1961 het die ANC sy gewapende stryd geloods. Dit was 'n onwillige toetrede tot gewapende verset.**

**Die president van die ANC, Oliver Tambo, het later in 'n onderhoud beklemtoon dat die gebruik van geweld streng beheer is. "Ons was nog baie versigtig. Die reël was dat niemand in dié sabotasie beseer moes word nie. Ons het baie dade van sabotasie uitgevoer, maar niemand is in die voorvalle beseer nie."**

**Nou is daar ander deure wat oopgemaak is en die ANC het die gewapende stryd opgehef. Maar selfs binne die ANC was die gewapende stryd iets waarin baie hulle vertroue geplaas het. Volgens gewilde vryheidsliedere moes Umkhonto We Sizwe reg oor die Limpopo marsjeer en die mag in Suid-Afrika oorneem.**

**Toe Suid-Afrika op 16 Desember 1961 'n openbare vakansiedag gehou het om die oorwinning van die Voortrekkers oor die swartmense by die Ncomerivier in Natal te herdenk, is 'n nuwe groep saboteurs gevorm om hierdie "oorwinning" die stryd aan te sê.**

**Umkhonto we Sizwe is op hierdie dag gebore en die geboorte is gevier deur verskeie dade van sabotasie regdeur die land.**

**Dit is wel die ANC wat dié week die militêre bedrywighede van Umkhonto opgeskort het, maar die aanvanklike totstandkoming van MK was nie die breinkind van die ANC nie. Hoewel diegene wat die gedagte van MK begin het, deel was van die Congress Alliance en die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, was die besluit om MK te stig die idee van individue binne die beweging.**

**Daar is in der waarheid nêrens in die manifes van MK enige verwysing na die ANC nie.**

**Maar dit was MK wat later self besluit het om hom aan die politieke leierskap van die ANC te onderwerp en om politieke oplossings op die pad na mag in Suid-Afrika voorop te stel.**

**Oliver Tambo, die president van die ANC, het in 1961 met die oorweging van die gewapende stryd gesê: "Vir dekades het ons nie gedink dat geweld 'n rol te speel het in die ANC se stryd nie: nie totdat die Nasionale Party in 1948 bewind oorgeneem het en fisies gewelddadig begin optree het nie. Die logiese keuse was om met geweld te reageer, maar ons het besef dat dit dalk presies was wat hulle wou hê - dat hulle ons geweld sou gebruik om witmense agter hulle te skaar."**

**Ná die Rivonia-hofsaak waarin die vaders van Umkhonto, Walter Sisulu, Nelson Mandela, Wilton Mkwayi, Ahmed Kathrada, Elias Motsoaledi en Raymond Mhlaba tronk toe gestuur is, was MK se planne verbrysel. Dit was eers toe die beweging in ballingskap gegaan het en deur verskeie lande te hulp gesnel is, dat daar weer 'n glinstering van hoop was vir die beweging. Die Luthuli-eenheid was hierdie hoop. Dit was die eerste eenheid wat tot die stryd toegetree het.**

**Toe het 'n ander fase in die geskiedenis van Suid-Afrika vir die beweging nuwe hoop gegee en aan die ANC nuwe krag gebied: Die opstande in 1976 het baie jongmense die grens laat oorsteek om teen die staat te veg. Hulle is onder voogdyskap van die ANC geneem en het die naam van die 16 Junie-eenheid gekry. Baie lede van hierdie eenheid het in Angola geveg en gesterf.**

**Dit was die keerpunt en voorvalle van gewapende verset het al hoe meer in Suid-Afrika begin toeneem. Daaropvolgende eenhede soos die Moncada-eenheid en die Sasol-eenheid was verantwoordelik vir baie gewapende aanvalle in die tagtigerjare.**

**In hierdie tyd het die ANC ook oorgeslaan van die beplanning van die revolusie in die buiteland, na die voer van 'n guerilla-oorlog.**

**Dit is eintlik net van 1976 af dat die presiese impak van MK op die Suid-Afrikaanse politiek weerspieël kan word.**

**Die dramatiese aanval op die Sasol-aanleg op 1 Junie 1980 was die inleiding tot die tagtigerjare. Kort hierna het die aanval op Koeberg-kernkragsentrale gevolg.**

**In 1981 het die Suid-Afrikaanse weermag Motala in Mosambiek aangeval, die eerste van die weermag se bedrywighede oor die grense met buurlande. In 1982 was daar die aanval op Lesotho en daarna klopjagte in Swaziland en Botswana.**

**In 1984 het die ANC 'n groot olieraffineerdery in Durban aangeval en by al drie Hooggeregshowe in Pietermaritzburg bomme laat ontplof. Maar in die 1980's het 'n ander faset van die oorlog al meer na vore begin tree: bomontploffings waarin burgerlikes dood is, en aanvalle op "sagte" teikens.**

**Die motorbom-ontploffing in Pretoria in Mei 1983 was een van die MK-dade wat wye publisiteit gekry het.**

**Dié aanvalle het die polarisasie in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gedemonstreer - en, het baie geargumenteer, aangehelp. Daar was intense wit woede, terwyl dit 'n vurige geesdrif onder mense in die townships laat ontwaak het.**

**In 1986 was daar nog ontploffings. Ten minste 25 mense is dood en 146 beseer in motorbom- en kleefmynontploffings, handgranaat-aanvalle en 'n AK47-aanval op 'n huis in Atteridgeville.**

**In Junie 1986 is daar feitlik elke drie dae tien mense in kleefmynontploffings in Suid-Afrika dood.**

**Die mees dramatiese was die 28ste ontploffing daardie jaar. 'n Massiewe motorbom het op 'n Saterdagmiddag ontplof kort nadat toeskouers uit 'n volgepakte Ellispark stadion in Johannesburg begin stroom het. Twee mense is dood en ten minste 39 beseer. 'n Senior MK-bevelvoerder het verduidelik dat dié aanvalle die gevolg was van woede jeens die weermag en die polisie, en in werklikheid die opvolg van teikens.**

**"Dieselfde mense wat onskuldige burgerlikes in die townships geskiet het, was diegene wat Saterdae bier gedrink en rugby gekyk het terwyl ons ons dooies moes begrawe. Daar was baie woede," sê hy.**

**Maar sulke optredes het ewe veel woede in die wit gemeenskap gaande gemaak, en letsels gelaat wat nou nog in dele van die gemeenskap sigbaar is. Daarom is die Pretoria Minuut die beste nuus wat Suid-Afrikaners in 'n lang tyd gehoor het.**

**Die datum 16 Desember is nie net vir tradisionele Afrikaners belangrik nie. Dit is ook die dag 29 jaar gelede dat die ANC sy militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe, gestig en 'n gewapende stryd teen die wit minderheidsregering aangeknoop het. Dié stryd, wat in 'n stadium ook heelwat burgerlike lewens geëis en tot intense wit bitterheid gelei het, is vandeesweek met die Pretoria Minuut opgeskort. THANDEKA GQUBULE en CHRISTELLE DE JAGER kyk terug oor dié tydperk en gesels met soldate van MK**





## Twee MK-soldate vertel hul verhaal



### 'Eers buite die grens kan jy rus'

"NADAT jy die land ingesypel het, was jy die hele tyd daarvan bewus dat jy eintlik in die middel van 'n slagveld was. Enigiets kon enige oomblik gebeur en jy het altyd met een oog oop geslaap.

"Dit is dan wanneer guerrillas die hoogste self-dissipline moes uitoefen. Jou bewegings was beperk, en jy kon nie vir vriende of familie kuier nie, al het jy hulle hóé gemis. Dit was eintlik 'n verligting om weer die land te verlaat omdat jy dan kon rus."

Só onthou Titus Maleka, soldaat van Umkhonto We Sizwe, sy dae as deel van MK in die laat sewentigerjare voordat hy in 1979 in hegtenis geneem is en saam met die "Pietermaritzburg 12" aan hoogverraad skuldig bevind is en na Robbeneiland gestuur is.

Maleka, wat as 23-jarige student in 1975 uit die land uit is, sê die gevaarlikste deel was altyd om die grens oor te steek. Daar was die ewige moontlikheid dat jy jou in 'n hinderlaag vasloop, en jy kon glad nie met 'n wapen die grens oorsteek nie.

"Jy het maar uiterlik kalm gebly en kop gehou, en wanneer jy so 12 kilometer binne die grens was, het jy begin voel jy het dit gemaak."

Maleka sê dit was vir hom 'n natuurlike stap om by MK aan te sluit. Hy het in 'n sterk polities-bewuste familie grootgeword en was reeds voordat hy die land verlaat het, 'n koerier vir die beweging.

"Die groep saam met wie ek weg is Botswana toe, het eers intensiewe politieke opleiding in Botswana en Tanzanië ontvang. MK-kaders beskou hulself eerstens as politieke vegters en hulle is altyd daarvan bewus dat hul 'n belangrike politieke rol speel."

Maleka, wat vir 11-maande in Rusland as 'n bevelvoerder opgelei is en as instrukteur vir jong soldate opgetree het, sê politieke kennis is as die belangrikste deel van 'n soldaat se opleiding beskou, omdat hulle moes verstaan wat die politieke impak van 'n spesifieke aksie sou wees.

Maleka sê dit is dié politieke gesofistikeerdheid wat nou sal help om die boodskap van die opskorting van die gewapende stryd aan kaders binnelands en buitelands, en aan die ondergrondse strukture, oor te dra.

"Ons is nie net bloeddorstige mense wat sinneloos met gewere rondhardloop nie, en die politieke wysheid daarvan om nou die gewapende stryd op te skort, sal deur ons vegters verstaan word."

Maleka sê die 1976-opstand in Suid-Afrika en die daaropvolgende vlug van jeugdiges uit die land uit om die onderdrukking van die regering te ontsnap, het planne wat reeds deur MK beraam is, heeltemal ontwrig.

Ondergrondse strukture, veilige huise en wapenopslagplekke is deur die vlug ontwrig en nuwe planne moes beraam word.

"Maar ons het strukture van voor af opgebou en 1979 was die jaar van MK. Dit was die herdenking van die Bambatha-rebellie van 1879 in Zoeloeland en die 1976-vlugtelinge het teruggekeer as MK-soldate. Die opdrag was om militêre en polisie-teikens te saboteer. Ons wou wys dat die jong leeus van 1976 teruggekom het en dat onderdrukking nie sou werk nie."

Maleka was een van die min wat uitgekies is om die land binne te sypel en sabotasie-optrede te lei.

"Die regering was bewus van die gemoedstoestand in die land. Ons is gevang en hulle het probeer om van ons 'n voorbeeld te maak om, soos met Rivonia, MK en die gees van die mense te onderdruk. Dit het egter nie gewerk nie - ander het voortgegaan. Die jare van 1979 tot 1981 was belangrike jare vir die gewapende stryd. Ons het op baie teikens toegeslaan en so die selfvertroue van die regering geskaad en ekonomiese probleme vir die regering geskep."

Maleka sê MK-lede was trots daarop om as soldate deel te neem aan die stryd teen apartheid. Hy sê die rol wat MK gespeel het en nog steeds speel, moet nie onderskat word nie.

"Vra enigiemand in die townships. MK is regtig die People's Army. Benewens die probleme wat ons vir die regering geskep het en die slag wat ons die ekonomie toegedien het, het ons die witman gewys dat ons swartes terug kan veg. Ons het vir ons mense in die townships gewys dat swartmense wel iets kan doen, en nie hoef te gaan lê en al die onregverdighede te duld nie."

Die lede van MK het volgens Maleka almal groot respek vir die ANC-president, Oliver Tambo, of "OR" soos hulle hom noem.

"Ek is regtig lief vir hom. Hy het 'n groot impak op my lewe gehad. Wanneer ons gehoor het van ongeregtighede, het baie van ons woedend geraak en wou net gaan veg en wit mense aanval. OR het altyd gesê, dink, wag 'n bietjie, en so aan ons woede rigting gegee."



### 'Ons is nie oorlog-stokers nie'

'n DAG ná die aankondiging dat die ANC se gewapende stryd opgeskort word, staar Ronny Mabena, voormalige stafhoof van Umkhonto We Sizwe by die Vienna-kamp in Angola, uit oor die sake-gebied van Johannesburg se middestad.

Hy sit in die kantore van die ANC en dink na oor die lewe van 'n guerrilla - die lewe wat hy vir die grootste deel van sy lewe gelei het - en volgens hom sal voortgaan om te lei.

Ronny was een van die Jong Leeu-pioniers. Hy was een van die soldate wat die saadjies gesaai het vir die township-opstand van die middel-tagtigs. In 1979 was hy by Wilgespruit een van die grondleggers van die Congress of South African Students (Cosas).

In 1980 het hy sy huis verlaat om soos baie ander van sy geslag die wapen op te neem. Hy is na Swaziland en het daar gewag om na Mosambiek geneem te word. In Mosambiek is hy op Matola gevestig. (Matola is later deur die Suid-Afrikaanse weermag aangeval en baie ANC-lede is in die aanval dood.)

By Matola is Ronnie deeglik in die politiek onderrig. Hy het egter nie lank daar gebly nie omdat Matola bloot vir hom 'n deurgangspunt was. Hy was gretig om sy militêre opleiding te begin.

Hiervoor is hy na Angola. 'n Hele paar basisse in dié oorlog-geteisterde land was vir hom sy tuiste. Hy het vinnig gevorder en is na die "Sasol-afdeling" oorgeplaas. Hy praat met trots van sy tydgenote en mede-soldate in dié afdeling.

"Ons was verantwoordelik vir 'n hele klompie dade van sabotasie in Suid-Afrika. Die vroeë tagtigs was 'n baie spesiale tyd vir MK. Hierdie afdeling het baie bygedra tot die heldedade van dié tyd.

"In Angola was ek deel van 'n dienseenheid waar ek verantwoordelik was vir die hertoewysing van eenhede en die verspreiding van eenhede wat in basisse was.

"Toe kom die Nkomati-verdrag wat deur die regering van Suid-Afrika en Frelimo in Mosambiek onderteken is.

"Ek moes na Swaziland toe terugkeer. Ek moes naby Suid-Afrika wees en het deur Mosambiek se noordelike grens Swaziland binnegegaan om my posisie in te neem.

"Kort hierna was dit my beurt om huis toe te gaan. Ek is Suid-Afrika binne deur die Oshoek-grenspos. My opdrag was om basisse tot stand te bring en om te help om ANC-eenhede en strukture in Suid-Afrika te vestig."

Maar helaas, Mabena is in Desember 1984 gevang en het in Benoni in die hof verskyn op aanklagte van terrorisme en lidmaatskap van die ANC en Umkhonto We Sizwe.

Mabena se groep het hul hofsaak in ware MK-styl hanteer - as 'n geleentheid om die mense van Suid-Afrika van MK te vertel en om die Vryheidsmanifes te bevorder - omdat dit juis die Vryheidsmanifes was wat hulle tot die gewapende stryd aangespoor het.

"Vir ons was dit 'n voorreg om 'n lid van MK te wees. Ons het groot bewondering gehad vir Solomon Mahlangu en dié mense wat die Silverton-bankbeleg uitgevoer het."

Mabena is ná die hofsaak vir vyf jaar na Robbeneiland.

Terwyl hy sy vonnis uitgedien het, is baie van sy tydgenote ook na die eiland gebring vir 'n verskeidenheid dade van sabotasie regdeur Suid-Afrika.

Oor die oproep dat hulle hul wapens moet neerlê, sê Mabena: "Ja, vir ons is dit 'n geskiedkundige gebeurtenis.

"Ons het ons lewens aan die gewapende stryd gewy, maar omdat ons nie bloeddorstige soldate en oorlogstokers is nie, sal ons die politieke bevel om vuur te staak, gehoorsaam. Suid-Afrika verdien vrede. Elkeen het die reg om in vrede te leef.

"Maar vir daardie soldate wat nog in die basisse is, gaan die verfyning van hulle vaardighede voort. Die mag is 'n gedissiplineerde instelling en soldate moet gevegsgereed wees.

"Daar moet verstaan word dat ons polities verplig was om die wapen op te neem. As daar kans is op 'n politieke oplossing, dan moet ons dit 'n geleentheid gee. Die rol van MK sal nie tydens vrede afneem nie. Selfs ná alle apartheid weg is, sal MK steeds 'n belangrike rol hê om te speel.

"Hoewel ons ondemeem het om ook te gee en tot 'n vergelyk te kom, is ons gevra om vir 'n tyd ons grootste wapen, die gewapende stryd, neer te lê. Dit is juis danksy hierdie gewapende stryd dat ons nou wettige erkenning geniet."

# Wêreld:

## Atoombom herdenk

Agt-en-dertig mense word in Hirosjima, Japan, in hegtenis geneem tydens betogings ter herdenking van die ontploffing van die atoombom in dié stad 45 jaar gelede. Terselfdertyd vergader betogers by verskeie kernwapen-aanlegte dwarsoor Amerika om protes aan te teken teen voortgesette kernnavorsing. Die wêreld se eerste atoombom is op 6 Augustus 1945 deur Amerika oor Hirosjima laat val. Honderd-en-veertig-duisend mense is in die aanval dood.

## Menselewens goedkoop

'n Reeks massamoorde en skendings van menseregte deur die veiligheidsmagte van Indië laat die oorwegend Moslem bevolking van Kashmir teen die regering in Nieu Delhi draai. Dit volg op die moord op 15 burgerlikes dié week in Srinagar. Dit bring die dodetal van die afgelope sewe maande in gevegte tussen veiligheidsmagte en separatiste op 1 060 te staan.

## Tamils moor

Tamil rebelle in Sri Lanka vermoor meer as 50 burgerlikes in twee aanvalle in die noord-ooste van die land. Die rebelle wat veg om 'n onafhanklike land in Sri Lanka, keer 'n bus voor en skiet 27 passasiers dood. In die ander aanval, word minstens 30 inwoners van Bandaraduwa, 'n nedersetting in Ampara, afgemaai.

## Boete vir spoeg

Inwoners van Beijing wat betrap word dat hulle in openbare plekke spoeg, sal voortaan nie net die gemors moet skoonmaak nie; hulle word ook met vyf Yuan beboet - naastenby die ekwivalent van 'n dag se salaris. Dié stap is deel van 'n veldtog om die hoofstad van China skoon te maak ter voorbereiding vir die Asiese spele wat in September in Beijing begin.

## Tokes ernstig beseer

Vader Laslo Tokes, die priester aan die voorpunt van gebeure wat gelei het tot die Roemeense revolusie in Desember verlede jaar, word ernstig beseer in 'n motorongeluk in Hongarye. Vader Tokes was vergesel van persoonlike lyfwagte wat deur die Hongaarse regering verskaf is toe sy motor in 'n poging om nie 'n fietsryer raak te ry nie, in 'n kragpaal vasry.

## Duitse struwelinge

Die leierskap van die Sosiaal Demokratiese partye in Wes- en Oos-Duitsland besluit om Duitse eenwording teen 15 September voor te staan. Die Wes-Duitse leier van die party, Oskar Lafontaine, bevestig dat die Sosiaal Demokrate die voorstel van die Oos-Duitse premier en die Wes-Duitse kanselier dat Pan-Duitse verkiesings van 2 Desember na 14 Oktober vervroeg moet word, teenstaan. Die Sosiaal Demokrate sê dit is 'n verkiesingset en dring daarop aan dat die verkiesingsdatum 2 Desember moet bly.

## Troepe ontplooi

President George Bush van Amerika beveel 'n grootskaalse ontplooiing van Amerikaanse troepe en vegvliegtuie in Saoedi-Arabië om 'n moontlike aanval van Irak, wat Koeweit tans beset, af te weer. (Sien volledige berigte oor die Midde-Oosterse krisis op bl. 17)

## Amerikaners beskerm

Die marinekorps van Amerika word in Liberië ontplooi om Amerikaanse belange in die hoofstad Monrovië te beskerm. 'n Regeringswoordvoerder sê hoewel magte nie by die Liberiese geskil betrokke sal raak nie, sal hulle nie huiwer om terug te baklei indien die ambassade of Amerikaanse burgerlikes wat in die ambassade skuil, bedreig word nie. Die rebelleleier, Prince Johnson, dreig om buitelanders in hegtenis te neem in 'n poging om internasionale ingryping uit te lok. Intussen duur sporadiese gevegte voort ten spyte van 'n beroep deur lande van Wes-Afrika dat die Liberiese stryd deur 'n skietstilstand beëindig moet word.




Gamble in Florida Times Union in Newsweek van 13 Augustus 1990

## Gevangenes mishandel

Politieke gevangenes wat in die psigiatriese vleuel van Kenia se Kamiti gevangenis in Nairobi aangehou word, leef in omstandighede soortgelyk aan die walglike toestande in Stalin se strafkampe. So sê Gitobu Imanyara, 'n prokureur en redakteur van 'n Nairobiese regsblad, wat na drie weke aanhouding sonder verhoor in dié tronk vrygelaat is. Imanyara is aangehou nadat hy gevra het vir 'n veelparty-demokrasie in die land.

## Nkomo vise-president

Die Zimbabwese veteraan-politikus, Joshua Nkomo, word ingesweer as vise-president van Zimbabwe. Die 73-jarige Nkomo neem die nuwe pos op na 'n wysiging in die land se grondwet dat daar nou voorsiening gemaak word vir twee vise-presidente. Die ander vise-president is Simon Muzenda.

## Demokrasie bespreek

Mosambiek se regerende Frelimo-party begin 'n weeklange vergadering om 'n voorstel van die party se leierskap dat daar na 'n veelparty politieke stelsel beweeg moet word, te bespreek. Die Sentrale Komitee van 160 lede, wat die hoogste vorm van gesag tussen kongresse is, moet nou die voorstel van die Politburo bevestig of verwerp.

## Beleggings in Lesotho

Die minister van Handel en Nywerheid in Lesotho, Moletsane Mokoroane, beding beleggingsprojekte van Hong Kong en Taiwan ter waarde van meer as R100-miljoen vir die land. Die projekte sluit onder andere die vervaardiging van elektroniese verbruikersgoedere in.

## Misdaad al erger

President Sam Nujoma van Namibia kondig maatreëls aan om die misdaadsyfer in die land, wat die hoogte in skiet, te bekamp. Ingevolge die maatreëls sal selfs die weermag gebruik word om misdaad teë te werk. Nujoma sê die regering gee lank reeds aandag aan die hoë werkloosheidsyfer in die land - die hoofrede vir toenemende misdaad.

# Suid-Afrika:

## Stryd opgeskort

Die ANC kondig aan dat hy die gewapende stryd na 29 jaar opskort. Die sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, sê te midde van aantygings dat die ANC meer weggee as wat hy baat, dat die ooreenkoms bereik is nadat die regering hom verbind het tot die vrylating van politieke gevangenes, die terugkeer van uitgewekenes en die heroorweging van veiligheidswetgewing.

## Eensydige ooreenkoms

Die president van die PAC, Zeph Mothopeng, sê die opheffing van die gewapende stryd van die ANC is 'n eensydige ooreenkoms wat in die guns van die regering tel. Hy sê die ondernemings van die regering raak slegs onbenullige bepalings van die Wet op Binnelandse Veiligheid, terwyl die berugte seksie 29, wat onbeperkte aanhouding sonder verhoor moontlik maak, van krag bly.

## Tutu waarsku

Aartsbiskop Desmond Tutu wens die ANC geluk met die opskorting van die gewapende stryd. Hy waarsku die regering egter dat die vooruitsigte van die samesprekings in die wiele gery kan word indien die polisie nie onder beheer gebring word nie.




Dov Fedler in The Star, Woensdag 8 Augustus 1990

## Vordering verwelkom

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke verwelkom die ooreenkoms tussen die regering en die ANC om die oorblywende struikelblokke in die weg van onderhandeling uit die weg te ruim. Die SACC sê daar rus nou 'n groot verantwoordelikheid op die regering om alle vorme van staatsgeweld te beperk.

## Ooreenkoms ongeldig

Die leier van die Konserwatiewe Party, dr Andries Treurnicht, sê die skietstakingsooreenkoms tussen die ANC en die regering is onhoubaar en ongeldig. Hy sê die ANC is nie 'n alternatiewe mag wat met die huidige regering kan onderhandel nie.

## Natal-geweld bespreek

Tydens die eerste volwaardige ontmoeting tussen die uitvoerende komitees van die ANC, Cosatu, die UDF en Sayco, word die vise-president van die ANC, Nelson Mandela versoek om die kwessie oor die voortgesette geweld in Natal dringend met die regering op te neem. Meer as 5 000 mense is sedert 1984 in die bitter gevegte tussen ondersteuners van Cosatu en die UDF en die Inkatha-groepering van hoofminister Mangosuthu Buthelezi dood.

## Leeuwfontein-hofsaak

Ses inwoners van Leeuwfontein verskyn in die Hooggeregshof van Mmabatho op aanklagte wat voortspruit uit verset verlede jaar waarin die inwoners van Leeuwfontein die gebied se inlywing by Bophuthatswana teengestaan het. Nege Bophuthatswana polisiemanne en twee inwoners van Leeuwfontein is in die voorval dood.

## Erwe byna gereed

Die burgemeester van Mamelodi, Simon Mokone, sê 200 van die 760 erwe wat vir plakkerdoeleindes opsy gesit is, sal binne twee weke gereed wees vir besetting. Gemeenskaplike krane en ablusieblokke word opgerig.

## Polisiemanne sterf

Ses polisiemanne sterf in 'n grusame motorongeluk buite Pinetown in Natal. Die bestuurder van die polisievoertuig het by Hill Crest beheer oor die voertuig verloor waarna dit omgeslaan het en teen 'n ander voertuig gebots het.

## Ngqulunga-moord ondersoek

Getuienis rakende die moord op konstabel Brian Ngqulunga word by die Harms kommissie van ondersoek na polities-geïnspireerde moorde ingedien. Ngqulunga het vroeër voor die kommissie getuig. Sy liggaam vol koeëlwonde is op 21 Julie in die veld naby Mabopane gevind.

## Kagiso gespanne

Gevegte tussen ondersteuners van die ANC en van Inkatha in Kagiso aan die Wes-Rand laat meer as dertien mense dood. Sedert die naweek loop spanning in Kagiso hoog met hostel-bewoners wat hulleself mobiliseer. Intussen is 'n vredeskomitee tussen die ANC en Inkatha gestig in 'n poging om die situasie te besleg.

## ANC Vroueliga

Adelaide Tambo, vrou van die ANC-president Oliver Tambo, kom vir die eerste keer na 30 jaar in Suid-Afrika aan. Adelaide Tambo is hier om die ANC se vroueliga van voor af op nasionale vlak te loods.

## Richardson kry doodstraf

Jerry Richardson, afrigter van die Mandela Sokkerklub, wat skuldig bevind is aan die moord op die 14-jarige aktivis, Stompie Seipei, word in die Johannesburgse Hooggeregshof die doodstraf opgelê. Hy word ook gevonnis tot 18 jaar gevangenisstraf vir ontvoering, poging tot moord en aanranding met die doel op ernstige besering. Die hof kon geen versagtende omstandighede vind nie.

***Alle berigte verskaf deur AFP, Sapa**

## Nuut op die rak

# Stet en 'n paar veterane

KOOS PRINSLOO

SO saam met die illusies van vrede en 'n vroeë lente beland die uitgewers Jonathan Cape en Chatto & Windus se jongste boekaankondigings vandeesweek onder 'n mens se neus. En Die Nuwe Stet.

Hier aan die einde van die jare sewentig toe party van ons nog jonk was, was Little Magazines hoogmode: Graffier op Stellenbosch, Vlieg in Pretoria, The Bloody Horse in Johannesburg, Koos Letoit se "Tagtiger" van oraloor. Maar soos dit met die weerloses gaan, het die verganklikheid hulle gou ingehaal. En die tyd party van ons.

Toe hier in 1982 maak 'n nuwe Kleintydskrifie sy verskyning: Stet. Vreugde en verdriet was ons voorland. Jarelange oneerbiedigheid ook, soos dit hoort. En net toe Party Mense hoopvol raak dat dié parmant iets van die verlede is, maak DIE NUWE STET 'n verskyning. 'n Dubbelstet: Jaargang 6 nr 1&2.

Die redaksie is aansienlik uitgebrei. Nuwe stemme. Kortverhaaldebute van Gerrit Olivier en Ryk Hattingh. 'n Centre spread deur Conrad Welz. Nuwe gedigte van Antjie Krog en Breyten Breytenbach. 'n Pragtige storie van Alexis Retief. Teologie. Die gevare van besoedeling. En sommer baie Comix. Dit alles en veel meer teen R16 'n jaar of R8 vir dié dubbelnommer van Posbus 39400, Bramley, 2018.

### Vonnegut-junkies unite

En dis nie al nie. Daar is meer hoop as op 'n nuwe patriargale regering. 'n Nuwe Kurt Vonnegut-roman. Vir verslaafdes sedert "Slaughterhouse 5", hier is dit: "Hocus Pocus, or, What's the Hurry, Son?"

Die hoofkarakter: Eugene Debs Hartke is 'n West Point-soldaat en moes die Ambassade-personeel help uitskop nadat "the excrement hit the air-conditioning" in Viëtnam. Vernedering.



Pablo Picasso

Die arme man sit nou in die beskuldigde bank omdat hy glo die brein was agter die ontsnappingsplan van 10 000 misdadigers uit die New York State Maximum Security Adult Correctional Institution.

Hoe beland iemand in so 'n gemors? Vra die Nasionale Party. Nee, time and luck, sê ou Hardebaard Kurt.

### Verraad

En sedert "Portnoy's Complaint" in die laat jare tagtig in Afgesonderde *Azanië* beskikbaar *is, weet* mense ook uiteindelik van Philip Roth en masturbasie.

Lesers wat versot was op daardie yskas-en-lewer-toneel, Philip Roth het 'n nuwe roman geskryf, "Deception", die "most provocative" (volgens die Jonathan Cape-katalogus) sedert "Portnoy".

Dit gaan oor 'n affair tussen 'n Amerikaner en 'n getroude Engelse vrou. 'n Liefdesstorie glo waarin jy nie net luistervink is van die twee karakters se geheime verhouding nie, maar die teerheid en onsekerheid van alle affairs aanhoor. Eina.



Vladimir Nabokov

### Lolita

Gepraat van die liefde. Oor die liewe nimf Lolita se briljante skepper verskyn daar eersdaags 'n biografie, die eerste helfte. "Vladimir Nabokov, The Russian Years: 1899-1940". (C&W teen 20 pond). Dit is geskryf deur Brian Boyd wat al sedert 1981 daaraan werk.

Die eerste volume van vier van 'n biografie oor die skilder Pablo Picasso word binnekort deur Jonathan Cape uitgegee. "A Life of Picasso" deur John Richardson sal hopelik 'n korrektief bied op die sensasionele biografie wat reeds beskikbaar is.

Die slegte nuus is dat van laasgenoemde vier hardebandboeke waarskynlik net enkele eksemplare teen astronomiese pryse (en eers oor 'n paar maande) plaaslik beskikbaar sal wees.

So it goes...







Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

# Finkelsap smorens vir migraine

A GENTLE ALTERNATIVE
*Health and Beauty with Herbs*
*Deur Val Sterley*
*Justified Press. Prys nie vermeld nie*

LIESBETH VAN WYK

DIE meeste kruieboeke wat hier beskikbaar is, vorm deel van 'n gevestigde koloniale tradisie. Nicholas Culpepper se "Complete Herbal" (1826) kan beskou word as die basis van die Engelse kruiekultuur. 'n Veel moderner boek, maar wat onteenseglik uit eeue se kennis put, is die Oostenryker Maria Treben se "Health through God's Pharmacy" (1980). Wat die Weste betref, is die kruiekultuur gesetel in die Engelse/Europese tradisie. Tog vind 'n mens in Noord-Amerika byvoorbeeld 'n intense belangstelling in die kruiekultuur van inheemse stamme (soos in Park se "Success with Herbs" en Jeanne Rose se "Herbs and things").

"A Gentle Alternative" (met sy omslag van glasbottels en misterieuse middels wat aan outydse apteke herinner) wil 'n bron van alternatiewe genesing en velpreparate met kruie wees. As sodanig sluit dit aan by die algemene neiging om alternatiewe oplossings te ondersoek. Te wyte aan ons koloniale erfenis wat teruggryp na die alchemiste, aptekers en handelaars (die oosterse speseryhandel) van vroeër, lê die klem in die meeste kruieboeke wat hier verskyn, op die Engelse/Mediterreense kruiesoorte. Margaret Roberts (met onder andere haar omvattende "Book of Herbs") het bewys dat ons naas hierdie tradisie 'n magdom veldkos en veldkruie het wat eie is aan Afrika. Sprake van hierdie alternatief ontbreek helaas in "A Gentle Alternative". Daar is geen verwysings na tipiese Suid-Afrikaanse kruieplante soos wildeals, aalwyn, boegoe en bulbinella nie.

Alternatiewe geneesmiddels het die volgende voordele:

- Goedkoop: 'n paar fyngekapte knoffelhuisies in 'n flessie petroleumjellie as borssmeermiddel vir brongites.
- Moedig selfdiagnose en -behandeling aan: wie ken jou liggaam beter as jy?
- Maak van eeue-oue resepte gebruik.
- Toon normaalweg geen skadelike newe-effekte nie, teenoor bv. kortisoon en steroïede.
- Werk op die psigiese vlak met moeilik behandelbare toestande soos senuspanning: hernieude belangstelling in plantekstrakte bewys dat welriekende olies (bv. laventel, roosolie) genesing deur die reuksintuig en die vel bespoedig.

Geen indeks ten spyt is "A Gentle Alternative" 'n naslaanboekie met sy alfabetiese rangskikking volgens kwaal. Dit is tog jammer dat die "vroulike" uitleg en lettertipe naslaan bemoeilik - om die raat vir 'n kwaal tussen al die skuinsdruk te soek, is vermoeiend, tyd genoeg vir jou toestand om vanself te genees!

Gelukkig is die rate self baie eenvoudig. Sterley maak gebruik van die gewilde kruiesoorte soos basilie, kaljander (sic!) laventel, pietersielie, tiemie, ens. (verblydend dat sommige kruie se Afrikaanse name aangegee word) en bestanddele in die koskas, soos uie en sout vir verkoues, mosterd vir moeë skeniere, koolblare vir ma's wat borsvoed en suurlemoen vir eelte, hikbuie en as neusdruppels vir verkoue. Dit is ook interessant dat sy groente- en vrugtesappe as geneesmiddels aanwend, bv finkelsap smorens vir migraine of 275 ml appel- en 225 ml selderysap vir vrotasem.

Die boek bevat eenvoudige resepte vir skoonheidsrome, maskers en tonikums van alledaagse bestanddele (dié wat in die koskas of kruietuin ontbreek, sal die apteker verskaf) en gee blyke van oudtydse gebruike (bv met die resep vir Hongaarse water uit die 13de eeu). Met die eietydse pryse van medisyne en skoonheidsmiddels is hier inderdaad heelwat goedkoop, lekker en tuisgemaakte alternatiewe.

Hier volg goeie raad vir keelseer wat tydens seisoensveranderinge in omloop is: Laat 2 teelepels vars of 1 teelepel droë salie in 'n koppie melk of appelasyn vir 10 minute prut. Syg deur en druk blare om al die vloeistof uit te pers. Voeg een teelepel heuning en 'n knypie rooipeper by. Gorrel 3 maal per dag hiermee.

*'Sy het nooit regeer nie, maar net die mag gedeel'*

# Bhutto was van die begin af kwesbaar



Benazir Bhutto tydens 'n perskonferensie dié week (Foto: AP)

SAMI ZUBEIRI

ISLAMABAD - Benazir Bhutto, wie se bewind van 20 maande as die eerste vroulike eerste minister van Islamitiese Pakistan skielik dié week ten einde geloop het, het aan die spits gestaan van 'n regering wat vanaf die eerste dag baie kwesbaar was.

Die 37-jarige leier van die Pakistan People's Party (PPP) het die leisels oorgeneem as gevolg van 'n lugramp waarin haar grootste teenstander en Pakistan se veteraan-militêre leier, genl Mohammed Zia-Ul-Haq, dood is.

Genl Zia se dood was 'n keerpunt in dié land se geskiedenis en het die weg gebaan vir die eerste veelpartyverkiesings in Pakistan.

Bhutto, wat langer as 'n dekade teen die Zia-bewind gestry het, het op 2 Desember 1988 as leier van die land se 110 miljoen mense - waarvan 96 persent Moslems is - na vore getree.

Haar aanstelling as eerste minister was die gevolg van 'n ooreenkoms tussen die weermag en die 75-jarige president, Ghulam Ishaq Khan.

"Sy het nooit regeer nie, sy het net die mag gedeel," sê 'n Westerse ontleder.

Bhutto het probeer om haar pa, Zulfikar Ali Bhutto, se naam in ere te herstel deur hom "Shaheed" (martelaar) te noem. Die president het dit 'n bespotting van die wet genoem. Ali Bhutto is twee jaar nadat genl Zia die bewind in die land oorgeneem het, gehang.

Benazir is onder huisarres geplaas vanaf 1977 tot 1984, en het daarna in ballingskap gegaan. In 1986 het sy teruggekeer. Sy is in die tronk gestop en weer vrygelaat.

Sy het voortdurende politieke probleme gehad en dit was net in die oproerige Sindh-provinsie waar sy 'n absolute meerderheid behaal het.

Wet en orde in haar tuisprovinsie het egter verkrummel en troepe is in die stede ontplooi. Haar verhouding met die weermag het daaronder gely.

Sy het 'n aggressiewe diplomatieke beleid teen Indië gevolg, en deur 14 Islamitiese lande geto̊er om ondersteuning vir haar Kashmir-beleid te werf. Dié beleid is met agterdog deur haar opposisie bejeën.

Bhutto het ook sterk teenkanting van die land se geestelikes en godsdienstige leiers ontvang, en fundamentaliste het haar uitsprake oor die streng toepassing van die Islamitiese wet as godslasterlik bestempel.

Haar teenstanders het haar ook van korrupsie beskuldig en gesê haar man beïnvloed haar. Haar regering is dié week deur die president ontbind as gevolg van die beweerde korrupsie.

Pakistan se ekonomie onder Bhutto het verbeter, maar sy kon nie die balans tussen die weermag en die president handhaaf nie. - AFP

# Oos-Europa maak skoon agter onttrekkende Russe

JEAN BURNER

WENE - Die altesame 550 000 Sowjettroepe wat sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Oos-Europa gestasioneer was, is besig om te onttrek, en hulle laat besoedeling, verlate wapentuig, gehawende woonkwartiere en verjeugde gemeenskappe agter.

In Veszprem in die suidweste van Hongarye het brandstof, swael en swaar metale die sagte grond binnegedring en daar word gevrees dat die grondwater besoedel is.

Die Hongaarse regering het die Amerikaanse maatskappy Martech genader om die 18 militêre basisse op te ruim ná die aankondiging dat die troepe gaan onttrek. 'n Hongaarse regeringsamptenaar het die Sowjet-owerhede gekritiseer omdat hulle die skade probeer verberg het deur sement oor die besoedelde grond te gooi.

Teen die einde van verlede jaar was daar 52 000 Sowjet-troepe in Hongarye gestasioneer. Teen Junie 1991 moet almal uit die land wees.

In Tsjeggo-Slowakye was daar 73 500 Sowjet-troepe toe die kommuniste in November 1989 tot 'n val gekom het. Volgens die minister van omgewingsake, Bedrich Moldan, hou dié onttrekkende soldate nie by die reëls nie.

"Hulle mors olie en chemikalieë orals en besoedel die omgewing," sê hy. "Die Sowjet-weermag is gewoond daaraan om te doen net wat hulle wil sonder om na die ontevrede stemme van die burgerlikes te luister."

Die Praag-regering het ook 'n Amerikaanse maatskappy genader om agter die onttrekkende Sowjet-troepe op te ruim.

Amptenare wys daarop dat die Tsjeggo-Slowaakse belastingbetalers vir die opruiming sal moet betaal want Moskou wil nie hoor van kompensasie nie. "Maar die belangrikste is dat hulle onttrek," sê 'n amptenaar.

Die troepe het ook hulle woonkwartiere in Hongarye en Tsjeggo-Slowakye gehawend en gestroop van enige nuttige materiaal agtergelaat.

"By die lugmagbasis in Debrecen het hulle selfs geprobeer om die sementstroke op die aanloopbaan te verwyder," sê 'n Hongaarse ooggetuie.

"Die woonkwartiere is heeltemal gestroop - dakteëls, vensterrame. Net die bouvalle is agtergelaat en voordat hulle dit aan die Hongaarse regering oorhandig, wil hulle groot bedrae geld hê (volgens berigte 2,5 biljoen roebels)," sê hy.

Die Poolse regering het die enige bedrywighede van die Sowjet-troepe deur middel van wetgewing in stilte gedompel. In 'n poging om die klankvlakke van die Sowjet-vegvliegtuie tot 'n minimum te beperk moet vlieëniers eers toestemming van die Poolse owerhede kry en hulle by streng lugroetes bepaal.

Garnisoene moet van rioolinstellings ontslae raak en die skade wat aan woude aangerig is, word twee keer per jaar bereken. Verwyt in Pole lê diep.

Geen ooreenkoms oor 'n skedule vir die onttrekking van die Sowjettroepe uit dié land is nog bereik nie as gevolg van die voortgesette ongemak oor Duitse eenwording en die geskil met Duitsland oor die Pole se wesgrens.

Daar word egter algemeen aanvaar dat dit oor die volgende paar jaar sal geskied.

Oos-Duitsers, wat besig is om voor te berei op eenwording met Wes-Duitsland die einde van die jaar, eis dat militêre oefeninge deur die Sowjet-Unie gestaak moet word. Mense wat naby militêre basisse woon, kla oor die oorverdowende klanke van die laagvlieënde vliegtuie.

Daar is 363 000 Sowjet-troepe in Oos-Duitsland, die meeste in enige Oos-Europese land.

Die Wes-Duitse kanselier, Helmut Kohl, en die Sowjet-president, Mikhail Gorbatsjof, het verlede maand ooreengekom dat al dié troepe uit Pole sal onttrek sodra die eenwording van die twee Duitslande afgehandel is.

Volgens bilaterale ooreenkomste tussen Moskou en sy Westerse buurstate sal meer as 1 miljoen Sowjetsoldate en hulle families teen 1995 na hulle huise terugkeer. - AFP

# Dié komkommer bied hoop aan Aids-lyers

PHILIPPE COSTE

PARYS - Die sogenaamde "Chinese komkommer" word reeds eeue lank as vrugafdrywingsmiddel in Asië gebruik. Wetenskaplikes begin nou die moontlikhede van dié plant in die behandeling van sekere soorte kankers van die baarmoeder ondersoek.

Die eksotiese lid van die kalbasfamilie het die verbeelding van die Amerikaanse media aangegryp by die onlangse Aids-konferensie in San Francisco.

Volgens sekere dokters kan die GQL 223-molekule wat van die Trichosantes Kirilowa verkry word, gebruik word om die verspreiding van die Aids-virus te bekamp.

Die Amerikaanse mediese laboratorium Genelab, wat daarvoor bekend is dat hulle nie geld op foefies mors nie, is besig om dié plant te bestudeer. Genelab, in samewerking met Sandoz-laboratoriums, het pas 15 miljoen dollar vir dié projek begroot.

Die Food and Drug Administration (FDA) het ook toestemming verleen dat toetse op mense (vrywilligers) gedoen kan word.

Die ontdekking van die GQL 223-molekule etlike jare gelede is met gemengde gevoelens ontvang.

Na 'n kort rukkie in die mediakollig, het spesialiste voortgegaan om die molekule te bestudeer, maar hulle het stilgebly oor hul vordering.

By die San Francisco-konferensie, bygewoon deur talle Aids-lyers wat angstig gewag het om te hoor van enige mediese vordering, het die komkommer-referaat opspraak verwek.

Martin Delaney, verteenwoordiger van Project Reform - 'n organisasie wat "nie-amptelike" toetse doen, sê die studie oor die Chinese komkommer bied hoop aan Aids-lyers.

Delaney het die konferensie vertel van die toetse deur dr Larry Waites, wat 46 Aids-pasiënte met 'n kombinasie van AZT en Chinese komkommer behandel het.

Waites beweer dat agt van sy pasiënte 'n skouspelagtige toename in T-4-limfosiete, die selle van die immuniteitstelsel wat deur die virus aangeval word, getoon het.

Volgens Delaney het die agt pasiënte baie lae T-4-tellings gehad - tussen 100 en 200 per kubieke millimeter bloed - voor die behandeling begin is. Na agt dosisse Chinese komkommer en 'n daaglikse dosis AZT, was hulle T-4-telling normaal: ongeveer 1 000 per kubieke millimeter.

Delaney het Waites aangehaal en gesê na agt maande se volgehoue behandeling toon agt van die 46 vrywilligers geen Aids-simptome nie, hoewel hulle steeds draers van die virus is.

Delaney se referaat is staande deur die Aids-lyers toegejuig, maar die wetenskaplikes by die konferensie was diep geskok.

"Dit is werklik onverantwoordelik van jou om sulke stellings kwyt te raak sonder om die hele studie te publiseer," het dr Arnold Relman van die hoogaangeskrewe New England Journal of Medicine gesê. Relman wou ook by Delaney weet of die pasiënte ander middels gebruik het en, indien wel, watter soort.

Dr James Kahn, wat amptelik aan die hoof gestaan het van die komkommertoetse in 'n hospitaal in San Francisco, was ook skepties.

Hy het gesê: "As die uitslae bevestig word, sit ons met 'n unieke ontdekking op hande, want geen middel het tot dusver dié soort uitslag gegee nie."

Ofskoon Delaney se stellings miskien te vroeg gekom het, plaas baie Aids-lyers hulle hoop op die nuwe middel.

Die Chinese komkommer is deur prof Kou Hwang, 'n biochemikus aan die Universiteit van Hongkong, na Amerika gesmokkel. - AFP


## Regslui vir Menseregte

**NASIONALE DIREKTORAAT**

Regslui vir Menseregte verwelkom die uitslag van die ontmoeting dié week tussen die African National Congress en die Nasionale Party-regering. Ons loof die inisiatief wat deur die ANC geneem is in die opskorting van alle gewapende bedrywighede, en sien uit na die spoedige vrylating van alle politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes.

Ons is egter steeds diep bekommerd oor die gewapende bedrywighede en intimiderende taktieke van die SAP. Na ons mening hou dit die grootste bedreiging vir die vooruitsigte van 'n vreedsame en onderhandelde skikking in Suid-Afrika in. Ons doen derhalwe 'n beroep op die Nasionale regering om ferm op te tree teen diegene wat vir geweld verantwoordelik is, om sodoende verdere bloedvergieting en die moontlike ontsporing van die samesprekings te verhoed.

# Amerika en die Sowjet-Unie onkant betrap...



**'n Lid van Amerika se 24e Infanterie Divisie met die Stinger-missiel. Elemente van dié divisie is op gereedheidsgrondslag geplaas om diens te gaan doen in Saoedi-Arabië.** *(Foto: AP)*

PATRICK RAHIR

WASHINGTON - Irak se inval in Koeweit het nie net dié land se buurstate op hete kole nie, maar demonstreer ook dat Amerika en die Sowjet-Unie nie meer die toon aangee in streekskonflikte nie, volgens ontleders in Amerika.

In die sewentiger- en tagtigerjare het Moskou en Washington ingegryp in plaaslike konflikte soos dié in Kambodja en Afghanistan - om hul bondgenote te steun of om mekaar te beperk.

Vandag sukkel hulle om die duur oorloë te beëindig, en wil dit voorkom of die nuwe konflik in die Midde-Ooste nie deur die twee grotes hanteer kan word nie.

Tydens die geskiedkundige gesamentlike persverklaring van Amerika en die Sowjet-Unie verlede week het die Amerikaanse staatsekretaris, James Baker, en die Sowjet-minister van buitelandse sake, Eduard Shevardnadze, die Irak-inval veroordeel. Maar Moskou en Washington was verplig om 'n beroep op die internasionale gemeenskap te doen om 'n wapenverbod op Irak te plaas in 'n poging om druk op Bagdad te plaas om sy troepe uit Koeweit te onttrek.

Volgens senator John Glenn van die Demokratiese Party kan Amerika Irak nie met 'n militêre ingryp in Koeweit dreig nie.

Amerika beskik wel oor genoeg kernkrag om Irak van die kaart af te laat verdwyn, maar dit is ondenkbaar om sy voetsoldate te ontplooi.

Irak, met 'n miljoen geharde soldate, het meer troepe as Amerika. Amerika sal ook 'n paar weke nodig hê om sy vlootmagte in die Golf te konsentreer.

Volgens Newsweek het Saddam Hoessein Amerika voor sy eerste groot krisis in die post-Koue Oorlog-era geplaas.

Ondanks ontsaglike wapenvoorrade wat tydens die Reagen/Bush-jare opgebou is, is Amerika nie gereed vir die krisis nie.

'n Dolle wapenwedloop en -ophoping in die Midde-Ooste - insluitende missiele, chemiese wapentuig en geheime kernkragplanne - het tot die krisis bygedra. En Amerika se vermoë om in te gryp het nie met grootte en gesofistikeerdheid van dié magte tred gehou nie.

Die Sowjet-Unie, wat swaar gebuk gaan onder ekonomiese probleme, is besig om uit Oos-Europa te onttrek en is ook nie meer bereid om in te staan vir bondgenote soos Kuba en Viëtnam nie.

Dié land se invloed verminder dienooreenkomstig - Fidel Castro kan met reg daarop aanspraak maak dat hy die enigste kampvegter vir die kommunisme is.

Irak, wat die meeste van sy wapens van die Sowjet-Unie kry, het nie Moskou se toestemming gevra om Koeweit binne te val nie. Die Sowjet-Unie is ook onkant betrap.

Ná die inval het die Sowjet-Unie 'n wapenverbod op Irak geplaas, en Amerika 'n handelsverbod.

In dié krisis benodig die supermoondhede die bystand van die ander ekonomiese magte, soos die Europese ekonomiese gemeenskap en Japan, om gewig aan hulle sanksiebeleid te verleen.

In 1956 het druk deur Amerika en dreigemente van Nikolai Bulganin, president van die raad van Sowjet-ministers, 'n einde gebring aan die Frans-Britse inmenging in Egipte ná die nasionalisering van die Suez-kanaal deur die destydse president Gamal Abdel Nasser.

Die Frans-Britse inmengingskrisis is binne sewe dae beëindig.

Dié week het die gewese Amerikaanse staatsekretaris Henry Kissinger gesê dit sal 'n algehele blokkade van 'n paar maande neem om Hoessein so ver te kry om sy troepe uit Koeweit te onttrek. - AFP

# ...maar Bush grom, en die wêreld wag in spanning

DIE wêreld wag in spanning op 'n moontlike Irakese inval in die olieryke en strategiese belangrike Saoedi-Arabië. Irak het reeds 10 000 soldate, grofgeskut en 'n deel van sy gevreesde chemiese wapenarsenaal na sy grens met dié land verskuif.

Intussen is die supermoondhede, die Verenigde Volke en die grootste deel van die Arabiese wêreld verenig in hul pogings om 'n militêre konflik - met die potensiaal om tot 'n volskaalse konvensionele oorlog uit te brei - te verhoed.

Die oë van die vrye wêreld, die bedreigde Saoedi-Arabië en die verowerde Koeweit is vandag op die Verenigde State van Amerika wat sy grootste taakmag sedert die Viëtnamoorlog na die Persiese Golf gestuur het om 'n wakende oog oor Irak te hou. Midde in die konflik is Irak se gevreesde diktator, pres Saddam Hoessein, wat volgens politieke ontleders op die punt staan om 'n heilige oorlog teen Amerika te verklaar en sy arsenaal chemiese wapens op die Midde-Ooste en die Amerikaanse taakmag neer te laat.

Arabiese leiers het gister in Kaïro 'n noodsitting gehou om die konflik af te weer. Agtien van die 21 lande in die gebied staan bankvas agter pres Hosni Mubarak van Egipte se pogings om Irak te isoleer en 'n skikking af te dwing.

Mubarak het Irak gister gewaarsku dat 'n militêre konflik in die gebied "skrikwekkende gevare" inhou en die lewens van duisende kan beteken. Irak is reeds in 'n groot mate ekonomies, polities en militêr geïsoleer.

Selfs die Sowjet-Unie het gister te kenne gegee dat sou dit nodig wees om volgens die oordeel van die VVO militêr in die gebied in te gryp en byvoorbeeld 'n buffermag na Saoedi-Arabië te stuur, hy daaraan sal deelneem.

Amerika het gister sy militêre spiere gebult en pres George Bush het onderneem om Irakese aggressie te stop en "op te staan" vir Amerikaanse belange in die gebied.

Hoessein is nou 'n man sonder vriende of bondgenote, maar met 'n yslike militêre arsenaal en 'n onuitputbare oliebron tot sy beskikking.

Militêre kenners wys daarop dat daar verskeie moeilik oorkombare probleme vir Amerika gaan wees as hy sou besluit om in te gryp. Benewens die gevaar van chemiese wapens, gaan Amerikaanse soldate gekonfronteer word met klimaattoestande van tot 45 grade Celsius.

Dit beteken dat dit bykans onmoontlik gaan wees om Westersvervaardigde beskermingspakke teen chemiese wapens te dra omdat soldate van uitputting en ontwatering kan sterf. Swaargeskut soos tenks en pantservoertuie val ook maklik in die sand vas.

Die Irakese soldate, daarenteen, is aangepas by die woestyntoestande, veral na die agtjarige oorlog teen Iran.

In Amerika is die nuus van stapels chemiese wapens wat op Irakese vegvliegtuie gelaai is, met woede en verontwaardiging deur die Pentagon ontvang.

Irak het in sy oorlog teen Iran gewys dat hy geen wroeging het om sulke wapens te gebruik nie.

Die vrees het nou ontstaan dat chemiese oorlogvoering beantwoord mag word met 'n kernwapenaanslag deur Amerika. Irakese teikens is binne trefafstand van Amerika se langafstand-kernmissiele.

Hoewel Irak oor 'n militêre mag van sowat een miljoen man en oor meer tenks as byvoorbeeld Brittanje of Frankryk beskik, glo kenners dat sy lugmag sy swak skakel is. Irak het onlangs wanhopig probeer om 60 Hawk-vegvliegtuie by Brittanje te koop.

Sy lugkrag bestaan hoofsaaklik uit verouderde Mirage-vegvliegtuie. Sy missielstelsels is ook verouder.

Dit beteken dat die gesofistikeerde lugmagte van Amerika en ander Westerse lande lang sendings na teikens in Irak sal kan onderneem sonder veel vrees om onderskep of afgeskiet te word.

Amerikaanse politici het lanklaas so bankvas agter 'n president gestaan soos tans die geval met Bush is. 'n Linkse demokraat soos senator Ted Kennedy steun hom ten volle. Almal stem saam dat die volgende 48 uur van deurslaggewende belang gaan wees.

Verskeie ander lande in die Midde-Ooste, veral Israel en Turkye, het ook hul weermagte op 'n gereedheidsgrondslag geplaas. Israel vrees dat Irak hom mag probeer aanval om Arabiese steun te probeer herwin. - AFP

## Waar kry Irak sy wapens?

LONDEN - Irak, wat in 1988 14 biljoen dollar aan verdediging bestee het - dit was die laaste gepubliseerde syfers, koop wapens van oor die hele wêreld, hoewel die Sowjet-Unie steeds die grootste verskaffer is.

Frankryk, China en Brasilië verskaf ook groot hoeveelhede wapens aan Irak.

Die meeste van die 5 500 tenks van Irak is Russiese T-54- en T-55-modelle, hoewel Chinese en Britse Chieftain-tenks ook gebruik word.

Irak se ligte pantser-gevegsvoertuie is ook uit die Sowjet-Unie afkomstig, die meeste missiel-lanseringstelsels uit Brasilië terwyl die grond-tot-grond-missiele ook deur die Sowjet-Unie verskaf word.

Die Sowjet-Unie en Frankryk is ook die hoofverskaffers van toerusting vir Irak se gewapende magte. Irak beskik oor 33 eskaders van 94 Franse F-1EQ-mirage-vegvliegtuie, en 131 Sowjet-vervaardigde Migs. Die Irakese lugmag beskik ook oor verskillende modelle van die Sowjet-vervaardigde Sukhoi-vegvliegtuie. Vir sy vloot steun Irak grootliks op Italië. Vier van sy vyf fregatskepe is Italiaans-vervaardig. Irak het onlangs - met die hulp van veral Duitsland, Argentinië, Brasilië en Egipte - begin om sy eie militêre toerusting te vervaardig. Tydens die oorlog met Iran het Irak veral daarop gekonsentreer om sy langafstand-missiele en tegnologie van die grond-tot-grond-missiele te verbeter. Irak vervaardig sy eie chemiese wapentuig, en probeer om die nodige tegnologie vir kernwapens in die hande te kry.

'n Wapenverbod behoort dus nie 'n probleem oor die kort termyn vir Irak te bied nie. Volgens spesialiste sal dié land eers voor 'n werklike probleem te staan kom as hulle onderdele vir hulle Sowjet-vervaardigde vliegtuie benodig. - AFP

**Die laaste oomblikke...**



**CAULDWELL, Liberië - Die rebelleleier Prince Johnson gee 'n teken voordat hy 'n ongeïdentifiseerde Liberiër doodgeskiet het. Die man, in 'n Rooi Kruis-kleed maar nie 'n werker van die organisasie nie, is daarvan beskuldig dat hy wins uit rysverspreiding gemaak het. Hy is aan Jacques Montouroy, 'n Franse Katolieke noodhulpwerker, vasgeboei wat later die land uitgesit is.** *(Foto: AP)*

*Gewone mense bou aan die nuwe SA*

# Die toekoms is lankal reeds met ons

**Sosiale en ekonomiese kragte was oor die laaste paar jaar verantwoordelik vir 'n stille revolusie in Suid-Afrika. JOHN KANE-BERMAN gee 'n merkwaardige insig in dié verwikkelinge.**



APARTHEID verkrummel oral om ons, en 'n nuwe gemeenskap neem vorm aan. 'n Post-apartheid Suid-Afrika is nie iets wat op 'n dag deur 'n toekomstige regering in 'n grondwet geformuleer sal word nie. Dié Suid-Afrika word nou reeds op grondvlak geskep.

'n Post-apartheid Suid-Afrika se geboorte vind lank reeds plaas in teaters, hotelle, restaurante, op treine, op die strande en op die sportveld; ook by universiteite en in private skole, in die winkels en in kantore en ook op die myne en in fabrieke. En dié toekoms is tot nou toe nie deur die regering of deur sy militante teenstanders geskep nie; dit is geskep deur gewone mense, gewone Suid-Afrikaners, deur mans en vroue.

Hierdie toekoms sal veelrassig wees, dit maak nie saak wie in beheer sal wees nie. Die interafhanklikheid van swart en wit is 'n voldonge feit wat al die honderde segregasiewette nie onklaar kon maak nie. Teen die jaar 2000 sal die Suid-Afrikaanse ekonomie sonder enige twyfel die mees geïntegreerde ekonomie op dié planeet wees.

***"n Post-apartheid Suid-Afrika se geboorte vind lank reeds plaas in teaters, hotelle, restaurante, op treine, op die strande en op die sportveld; ook by universiteite en in private skole, in die winkels en in kantore en ook op die myne en in fabrieke. En dié toekoms is tot nou toe nie deur die regering of deur sy militante teenstanders geskep nie; dit is geskep deur gewone mense, gewone Suid-Afrikaners, deur mans en vroue.'***

Ondanks die trauma van 1984 tot 1989, het onderliggende sosiale en ekonomiese magte ons samelewing stil-stil verander - dit was 'n stille revolusie. Hierdie is 'n proses, nie 'n gebeurtenis nie. Dit is stadiger, maar dit is nie so bloedig soos die Russiese en Franse revolusies nie. Dit sny ook aansienlik dieper. Dit is soos die industriële revolusie in Engeland wat demokrasie na die land gebring het, terwyl die Russiese en Franse revolusies bloot een klomp diktators met 'n ander vorm van diktatuur vervang het.

Suid-Afrika is so oor-regeer en die staat het homself soveel mag toegeëien dat die meeste mense dink verandering vind net plaas wanneer die owerhede 'n besluit neem wat sus of so bepaal. Maar in ons stille revolusie was die regering meer van 'n toeskouer as 'n medespeler.

Die eerste komponent van die stille revolusie is verstedeliking. Suid-Afrika is nou rofweg in dieselfde posisie as wat Engeland teen ongeveer 1860 was toe die stedelike bevolking die eerste keer die plattelandse bevolking in grootte verbygesteek het. Veral dramaties is die verandering in die rasse-samestelling van die stedelike bevolking. Swartmense verteenwoordig vandag sowat die helfte van alle stadsbewoners, maar teen die jaar 2000 sal hulle ander bevolkingsgroepe in die stede met sowat drie teen een oorskadu.

In die tweede plek, vind die stille revolusie op onderwysvlak plaas. Tussen 1955 en die jaar 2000 het die aantal swart studente wat matriek slaag, toegeneem met nie minder nie as 40 000 persent. In 1986 het die aantal swart studente wat matriek geslaag het, kop-aan-kop gestaan met die aantal wit studente wat gematrikuleer het (tussen 53 000 en 54 000), maar teen die einde van dié eeu, sal sewe uit elke tien matrikulante swart wees. Die veranderende rassemengsel van matrikulante verander nou reeds die samestelling van Suid-Afrika se universiteitsbevolking. In 1967 was slegs sewe persent van alle universiteitstudente in Suid-Afrika swart, maar dié syfer staan nou reeds bokant 40 persent.

Veranderende rasse-patrone in die onderwys het nou reeds 'n invloed op die samestelling van die land se mannekrag. Middelvlak-mannekrag was teen 1965 byvoorbeeld net 20 persent swart, maar teen 1985 het die verhouding verdubbel na 40 persent. Die bydrae van swartmense tot hoëvlak mannekrag het in dieselfde tyd van 25 persent tot 32 persent gegroei en na verwagting sal dié syfer teen die einde van die eeu op 43 persent staan. Die veranderende rasse-samestelling van mannekrag wat die ekonomie bedryf, is juis die derde komponent van ons stille revolusie.

Soos wat die industriële kleurgrens in toenemende mate verslap, vul al hoe meer swartmense poste waarin sekere vaardighede benodig word. 'n Groot industriële maatskappy, AECI, het reeds in 1988 berig dat die verhouding van swart geskoolde werknemers binne die voorafgaande tien jaar toegeneem het van 0,4 persent tot 16 persent. In die mynbou is daar nou sowat 5 000 swart werknemers in posisies wat voorheen vir witmense gereserveer is. Sowat die helfte van die sleeptou-operateurs op steenkoolmyne is swart.

In 1968 was slegs een persent van Barclays (nou Eerste) Nasionale Bank se klerklike personeel swartmense; teen 1983 was die syfer reeds 23 persent.

Veranderinge in die verspreiding van inkomste is die vierde komponent van die stille revolusie. In die sewentigerjare was daar 'n herverspreiding van inkomste van (relatief) ryk witmense na arm swartmense. Die inkomste van die rykes het gestabiliseer en die verhogingselement is na die armes gekanaliseer. Dié proses is in die 1980's voortgesit: tussen 1980 en 1986 het die werklike persoonlike besteebare inkomste van swartmense verhoog, en al was dit 'n skrale 0,8 persent, het die persoonlike besteebare inkomste van witmense met sowat 16 persent gedaal. Die aandeel van swartmense in die land se individuele besteebare inkomste het van 1970 se 32 persent na 45 persent in 1985 geklim. Na verwagting sal dié syfer in die jaar 2000 op 57 persent staan.

***'Swartmense verteenwoordig vandag sowat die helfte van alle stadsbewoners, maar teen die jaar 2000 sal hulle ander bevolkingsgroepe in die stede met sowat drie teen een oorskadu. Die stede wat voorheen bekend gestaan het as "wit gebiede" word nou Afrika-stede.'***

As gevolg hiervan, is die vyfde komponent van die stille revolusie swart verbruikersbesteding. Die toenemende belangrikheid van die swart mark in die verskaffing van goedere en dienste is oral duidelik:

* Die adjunk-voorsitter van die Wooltru-voedsel en kledingsgroep sê dat swart klante in feitlik elke kategorie belangriker as wit klante is.
* Vier uit elke vyf bierdrinkers in Suid-Afrika is swart.
* Swartmense op die Witwatersrand koop in dié stadium meer drank as al die witmense in die land. 'n Advertensie-agentskap sê daar is meer whisky-drinkers onder swartmense as onder blankes.
* In 1974 was driekwart van alle geregistreerde voertuie in wit besit, 'n verhouding wat tien jaar later na twee derdes gekrimp het en wat teen 1994 tot die helfte sal krimp.
* Sowat 60 persent van die musiekverkope in Suid-Afrika is aan die swart mark.
* Die Sowetan, 'n koerant in blanke besit met 'n swart lesersmark, is tans die grootste oggendkoerant in Suid-Afrika in terme van gemiddelde daaglikse verkope.
* Die vyfster Carlton Hotel in Johannesburg het in 1988 bekend gemaak dat 50 persent van die hotel se naweekpakkette aan swart besoekers verkoop is.
* In die eerste vier maande van 1989 is elke tweede huurkontrak vir kantoorruimte in Johannesburg se sentrale sakegebied wat deur Ou Mutual Eiendomme gesluit is, met swart professionele sake of ondernemings beding.

***'Tussen 1955 en die jaar 2000 het die aantal swart studente wat matriek slaag, toegeneem met nie minder nie as 40 000 persent...teen die einde van dié eeu, sal sewe uit elke tien matrikulante swart wees.'***

* Die Durbanse publisiteitsvereniging het in 1987 bekend gemaak dat swart vakansiegangers drie- en vier-sterhotelle bo een- en twee-sterhotelle verkies; en dat baie van die swart vakansiegangers meer geld te bestee het as hul blanke eweknieë. Die swart aandeel in Durban se toeristemark het van tussen vier en vyf persent sowat vyf jaar gelede gegroei tot meer as 20 persent.

Die sesde faset van die stille revolusie is huiseienaarskap onder swartmense - wat tot 1978 wetlik onmoontlik was. Sewe jaar gelede het die regering, wat die meeste huise in swart woongebiede in wit groepsgebiede besit het, 'n "reusagtige huis-uitverkoping" aangekondig. Sedertdien is sowat 'n derde van dié huise aan hulle bewoners verkoop. Dit beteken dat meer as 100 000 swartmense huiseienaars is. Swartes het in 1983 slegs 13 persent van alle bouplanne wat goedgekeur is, verteenwoordig, maar hulle aandeel het in 1985 tot 33 persent gegroei en teen 1987 was die syfer 57 persent. Die aantal huise wat vir witmense gebou is, het tussen 1983 en 1987 met 'n derde afgeneem - in dieselfde tydperk het die aantal huise wat vir swartmense gebou is, 25 keer toegeneem (2 385 persent). Vir elke huis wat in 1983 vir 'n swart persoon gebou is, is 88 vir blankes gebou. Teen 1987 het die verhouding tot 2,4 teen een gekrimp.

Die sewende faset van die stille revolusie is die opkoms van die informele sektor. Swart minibus-taxi's ("kombitaxi's") is hiervan die heel beste voorbeeld. Daar is vandag sowat 100 000 sulke taxi's; die meeste van hulle ongelisensieërd. Dié nywerheid verteenwoordig na bewering 'n kapitaalbelegging, teen vervangingswaarde, van R2,5 biljoen - die ekwivalent van twee goudmyne. Dit verskaf ook, op direkte en indirekte wyse, 300 000 werksgeleenthede.

Die Southern African Black Taxi Association, Sabta, met sy 49 000 lede, beweer hy is die grootste verbruiker van brandstof in Suid-Afrika (buiten die regering) en dat hy daagliks meer as 'n miljoen passasiers vervoer. Sabta besit 18 vulstasies en sy lede koop maandeliks tussen 300 en 500 taxi's.

Die swart taxi-nywerheid is die mees dramatiese suksesverhaal op swart sakegebied, maar dit is nie die eerste nie. Dié baanbreker-posisie behoort aan die sjebeens. Tot 1961 was dit onwettig vir enige swart persoon om enige drank (behalwe sorghum-bier) te besit. Dit het egter nie verhoed dat onwettige sjebeens in die townships tot stand kom nie. Net soos wat padversperrings, arrestasies en boetes nie die minibus-nywerheid kon smoor nie, kon polisieklopjagte en die beslaglegging op drank nie die groei van sjebeens keer nie. Hoewel die eienaars van sjebeens tot 1982 nie eens om 'n dranklisensie kon aansoek doen nie, was daar in Soweto alleen tussen 3 000 en 4 000 in werking. Teen die middel van 1983 is die eerste 60 dranklisensies toegestaan.

Die minister van Handel en Nywerheid het in 1985 in die parlement gesê dat mense wat sonder 'n lisensie drank verkoop, die wet oortree, maar dat dit onprakties is om die polisie te gebruik om dit wat reeds deel van die gemeenskap is, tot niet te maak. Dit was om dié rede, het hy gesê, dat die regering in 1980 aangekondig het dat hy bereid is om sjebeens te wettig - op voorwaarde dat dit aan sekere vereistes voldoen. Vandag blyk dit of regeringspublikasies trots is op onwettige sjebeens. Een so 'n publikasie het die moeite gedoen om te beklemtoon dat "meer as 90 persent van die sjebeenplekke is waar drank onwettig verbruik word - so oortree hulle die wet - en boonop verwelkom hulle beide mans en vroue". Dié publikasie het voortgegaan om te noem dat net 500 van Suid-Afrika se 20 000 sjebeens gelisensieërd is en dat hulle hul voorraad kry van gelisensieërde drankhandelaars, deur middel van sowat 3 000 onwettige "smokkelaars". Die tydskrif het ook daarop gewys dat die inkomste van sjebeens landswyd, sowat R600 miljoen bedra.

Sjebeens en taxi's is waarskynlik die twee belangrikste voorbeelde van die "informele sektor" van die ekonomie. Ander deelnemers aan die informele - of onopgetekende - sektor, sluit blommeverkopers, smouse, baba-oppassers, straatveërs, parkeer-aanwysers, koerantverkopers, toordokters, selfonderhoudende boere, straatverkopers, agterplaas-werktuigkundiges, bouers, taxi-eienaars, tuis-haarkappers, mutiwinkeleienaars en curio-vervaardigers in.

Die Kleinsake Ontwikkelingskorporasie glo dat daar 625 000 onopgetekende, ongelisensieërde en onbelaste ondernemings uit elke miljoen besighede in Suid-Afrika is.

Daar word beweer dat van die 350 000 persone wat jaarliks die arbeidsmark betree, 150 000 in die informele sektor werk en 100 000 in die kleinsake-sektor (wat bates ten bedrae van minder as R1,5-miljoen besit).

***'Die Southern African Black Taxi Association, Sabta, met sy 49 000 lede, beweer hy is die grootste verbruiker van brandstof in Suid-Afrika (buiten die regering) en dat hy daagliks meer as 'n miljoen passasiers vervoer. Sabta besit 18 vulstasies en sy lede koop maandeliks tussen 300 en 500 taxi's.'***

Die grootte van die informele sektor is reeds vir baie jare iets waaroor daar baie bespiegel en verskil word. Die uitslag van die eerste amptelike omvattende ondersoek na die informele sektor is in Maart vanjaar deur die Sentrale Statistiekdiens bekend gemaak. Volgens dié studie was die waarde van produksie in die informele sektor in 1989 sowat R16 biljoen, gelyk aan 7,3 persent van die bruto binnelandse produk van R202 biljoen (uitsluitend die vier onafhanklike tuislande). Volgens die opname werk 2,6 miljoen swartmense in die informele sektor. Sowat twee-derdes hiervan is voltydse werkers en die res huisvroue of skoolkinders wat op deeltydse grondslag in dié sektor werksaam is. Een uit elke dertien Kleurlinge, een uit elke sewe Indiërs en een uit elke vier swart werkers is in die informele sektor werksaam.

*(John Kane-Berman is die Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Rasse-aangeleenthede. Dié artikel is 'n verkorting van die inleidingshoofstuk van sy nuwe boek, South Africa's Silent Revolution, uitgegee deur Southern Book Publishers)*

## Stakings en die waarheid

# Statistieke skep dikwels 'n skewe beeld

DAAR is leuens, vervloekte leuens, ou statistiek; dan is daar statistieke oor stakings.

Tans, meen ek, word daar oordrewe aandag aan laasgenoemde statistieke gewy. Dit skep 'n skewe beeld van nywerheidsverhoudinge in die land, en is misleidend wat die vordering in die proses van kollektiewe bedinging betref.

Daar is verskeie redes hoekom ons uiters versigtig moet wees oor afleidings van blote statistiek oor stakings. Dikwels is dié inligting onvolledig of onnoukeurig.

Die mate waartoe 'n onderneming kollektiewe bedinging, of selfs die vakbondwese, aanvaar, kan 'n invloed hê op die verslagdoening oor stakings. Ondernemings wat vakbonde as onnodig, lastig of selfs ondermynend beskou, neig om insidente uit verband te ruk, terwyl ander weer sal huiwer om stakings aan te meld uit vrees dat dit hul arbeidsverhoudinge negatief sal laat lyk. By baie groot stakings is daar ook groot verskille tussen die vakbond en bestuur se syfers van stakende werkers.

***'Veral in dié tye van verandering en die strewe na 'n demokratiese, nie-rassige samelewing, is stakings nie noodwendig negatief nie.'***

Toe die polemiek oor die wysigings tot die Wet op Arbeidsverhoudinge op sy hoogste was, het sekere maatskappye en koerante 'n prentjie van wanorde probeer skilder, terwyl ander van 'n teenoorgestelde gesigspunt die konstruktiewe aard van geskille en die vordering in die onderhandelingsproses beskryf het.

**THEO HEFFER**



**ARBEIDSAKE**

Statistiek oor stakings is uiteraard kwantitatief, en kan geensins 'n volle aanduiding van die land se nywerheidsverhoudinge gee nie.

'n Afwesigheid van stakings dui nie noodwendig goeie arbeidsverhoudinge aan nie; dit kan eenvoudig die gevolg van 'n onderdrukkingsbeleid wees. Meer stakings is ook nie noodwendig 'n aanduiding van verswakte verhoudinge nie.

Stakings moet ook kwalitatief ontleed word om enigsins 'n aanduiding van goeie of slegte verhoudinge te kan voorsien. Vroeër vanjaar, toe twee van die groot stakings in die kleinhandelbedryf geëindig het, was daar uiteenlopende opsommings van die Checkers- en OK-geval.

Oor Checkers het SACCAWU gepraat van 'n relatief vriendelike verhouding en konstruktiewe gebruik van die bedingingsproses. By OK was daar beskuldigings deur dieselfde vakbond van "baasskap", en verwysings na 'n "bitter nasmaak".

Maar selfs in laasgenoemde geval het bestuur 'n positiewe houding ingeneem en hul hoop uitgespreek dat die staking die begin van 'n tydperk van versoening en dialoog sou aandui.

Veral in dié tye van verandering en die strewe na 'n demokratiese, nie-rassige samelewing, is stakings nie noodwendig negatief nie.

Die Britse kenner op die gebied van arbeidsverhoudinge, Allan Fox, toon aan hoe 'n mate van openlike konflik en disputasie verwelkom kan word.

Dit dien as bewys dat nie alle aspirasies deur hopeloosheid ondermyn, of deur mag onderdruk word nie.

***'Die mate waartoe 'n onderneming kollektiewe bedinging, of selfs die vakbondwese, aanvaar, kan 'n invloed hê op die verslagdoening oor stakings.'***

Toe hy nog Direkteur-Generaal van Mannekrag was, het dr Piet van der Merwe daarop gewys dat stakings 'n normale eienskap van 'n vryemarkstelsel is, en dat dit as veiligheidsklep dien. Die gebruik van 'n staking as die laaste uitweg in die bedingingsproses dien as aansporing tot die onderhandelde skikking van belangedispute. Dit dra dus funksioneel by tot die hoofdoel van ons arbeidswetgewing, naamlik arbeidsvrede en die beperking van openlike aggressie.

Dít dui suiwer statistiek nie aan nie.

Ontledings van die onlangse staking by Metro Cash & Carry op 'n kwalitatiewe grondslag, toon byvoorbeeld dat alle partye tevrede was met die proses. Bestuur het hul tevredenheid uitgespreek dat die dispuut vinnig en vriendelik geskik is; die vakbond het verwys na die betreklik gesonde klimaat van arbeidsverhoudinge in die maatskappy, en die dissipline onder die vakbondlede.

Statistieke oor stakings is ook betekenisloos as die oorsake van die stakings nie behoorlik ontleed word nie. Daar is byvoorbeeld 'n groot verskil tussen die Metro-staking tydens 'n loononderhandeling, waarna hierbo verwys is, en 'n staking wat deur die afdanking van 'n shopsteward veroorsaak is. Onlangs is daar berig dat nagenoeg 3 000 werkers by Transnet in die Oos-Kaap staak, na só 'n geval. 'n Staking van dié aard dui dikwels 'n gebrek of tekort in beskikbare prosedures aan. Dispute oor individuele afdankings behoort vroegtydig na 'n arbiter verwys te word, wat finaal uitspraak kan lewer oor die regverdigheid al dan nie daarvan. Dit is onnodig, en 'n duur proses, om dit in 'n kollektiewe magstryd te laat ontwikkel.

Transnet moes dié les in 1987 reeds geleer het, toe die afdanking van 'n enkele werknemer gelei het tot 'n nasionale staking deur 19 000 werkers, miljoene rande se skade aan eiendom, asook die dood van verskeie mense.

Soms kan rassistiese optrede of opmerkings aanleiding gee tot 'n staking. Tydens die onlangse staking by die JG Strijdom-hospitaal het die Nehawu-organiseerder beweer dat 'n senior lid van bestuur gedreig het om swart werkers met "kleurlinge" te vervang, omdat "swart werkers lief is om te staak".

Gelukkig het die "veiligheidsklep" gefunksioneer en 'n vroeë ooreengekome oplossing is deur die partye bereik.

Die meeste stakings word egter steeds deur dispute in loononderhandelings veroorsaak. Die twyfelagtige en ongevoelige advies wat die minister van Finansies, Barend du Plessis, onlangs aan vakbonde uitgedeel het, dra nie by tot die bevordering van onderhandelde skikkings van loondispute nie. Die minister meen dat vakbonde aangeraai behoort te word

***'Dit (stakings) dra dus funksioneel by tot die hoofdoel van ons arbeidswetgewing, naamlik arbeidsvrede en die beperking van openlike aggressie.'***

om te kyk na wat die land en sy werkgewers kan bekostig. Dit is mos die doel van werkgewers om die vakbonde by die onderhandelingstafel hiervan te oortuig. En beslis nie alle werkgewers doen dit te goeder trou nie!

Stagflasie (hoë inflasie gepaard met hoë werkloosheid) en steeds verswakkende lewenstandaarde van werknemers is die hoofrede waarom vakbonde meer druk op werkgewers uitoefen om die lone van hul lede te probeer verbeter. Dikwels vind daar selfs ná loonverhogings 'n verlaging van reële inkomste plaas. Is dit so verrassend dat werkers wanhopig raak en tot stakings oorgaan?

Om dié rede is vergelykings van statistieke oor stakings van land tot land, of van jaar tot jaar, ook nie altyd baie betekenisvol nie.

Op die oomblik is daar nie maklike oplossings beskikbaar nie. Maar dié wat onderhandel word, te goeder trou, en met 'n aanvaarding van die beginsel van kompromis asook die gebruik van hul magsbasis deur die partye, is steeds die beste.

*(Theo Heffer is 'n konsultant in arbeidsverhoudinge)*

# Plant 'n boom vir vrede




*"Want wat is ons? 'n boompie, oop vir enige wind - vir enige meslem Kerfbaar die bas"*

Môre is weer boomdag en die afgelope paar dae loop 'n mens jou orals vas in uiteenlopende groepe wat hulle met dié dag bemoei. Dis kinders van die skole, die Vroue Landbou-unie, die plaaslike Voortrekkers en die Girl Guides; by elke plattelandse skou word jy daaraan herinner: Plant nou 'n boom, plant gou 'n boom.

Selfs die kommando's word opgeroep om te kom aantree by 'n boomplantparade. Noudat die armed struggle opgeskort is, kan ons immers begin om weer bome vir vrede te plant.

Oor vanjaar se boom, die eik, hoef 'n mens nie besonder baie te sê nie. Sy deugde is wyd en syd besing die laaste klompie maande, en soms met eweveel verbasing as Peter Blum destyds, in "Enklaves van die lig", oor hoe hy hom hier tuisgemaak het:

*"Wie het gedink dat die eik met knoestig-Germaanse wortels Diep kan burg in die grond langs Oosterling, die hibikus."*

Die studente van Stellenbosch en van Potchefstroom wéét dat die eikeboom veel meer in hom dra as net die akkers wat op die sinkdak val. Dis 'n boom wat harte laat breek, die bobaasboom van die romantiese seisoene, lente en herfs. Dis as sy blaartjies in daardie ligste groen uitbreek wat die meisies hulle uitskud uit hulle winterjasse om ouens besig te hou nadat die rugbyseisoen afgeloop is.

Maar dis veral 'n boom van die herfs, van die najaar. Onthou u nog?: "Die jaar word ryp in goue akkerblare." Die soet seisoen as die eerste vure gepak word; die bitter seisoen wanneer die vroegste koue klankies mense laat soek na karton en plastiek om nog 'n winter te oorleef.

"Dit dien as vuurmaakhout vir die mens," skryf Jesaja, "iemand vat daarvan en maak hom warm, of hy maak 'n vuur om brood te bak."

Want dit duur nie lank nie of die winter het weer onverbiddelik sy houvas gekry. Dan staan die akkerboom vir maande stil in sy swart skaduwee, afgeëts teen die wit Bolandse huise of die blou lug van die binneland.

Dis dan wanneer kennisgewings in my kontrei verklaar dat oop vure verbode is en wanneer die lug begin brand met een van ons heel mooiste en rooiste bome: die koraalboom, eens in die tyd van apartheid bekend as die kafferboom.

Met hom sou Jesaja nie vergekom het nie, en die man wat afgode wou maak, nog minder. "Hout vuilwit, sonder pithout, sag, baie lig (lugdroog 320kg per kubieke meter), grof van tekstuur, nutteloos," verklaar Piet van Wyk se "Veldgids tot die bome van die Nasionale Krugerwildtuin".

Dis so wonderlik om te weet dat 'n boom waarvan die hout so nutteloos is, so waardevol kan wees!

Watter beter boom wil 'n mens nou hê vir die noordwestekant van jou tuin? Heerlike sagte saduwee vir die somer wat afdop soos die son wegtrek, sodat jy reeds in Junie sonkolle kry waar jy vroeër koelte gesoek het.

Dan kom Augustusmaand. En wie kan kersvashou by hierdie nuttelose houtmaker? Ander bome mag miskien brandhout gee, maar daar is niks wat die hart so kan vuursteek soos die koraalboom se oorvloedige rooi blomme nie. Net rooi blomme en die wit stam teen die winterlig.

***'Selfs die kommando's word opgeroep om te kom aantree by 'n boomplantparade. Noudat die armed struggle opgeskort is, kan ons immers begin om weer bome vir vrede te plant.'***

Saam met sy blomme kom daar bye soetgoed soek, en voëls kuier daglank in sy takke rond. Kompleet asof die winter nie eens bestaan nie. En nog is dit 't einde niet van sy vreugdes. Soos die blomme wegval, kom die blare terug en die swart peule begin hang. Dan wag ons vir die hoogsomer as die peule bars en die helderrooi sade met die swart vlekkie uitgestrooi word op grasperke, speelplekke onder die boom en sypaadjies. Dan leef die boom weer verder in glasflesse vol van hierdie "lucky beans", of in armbande en halssnoere geryg om die mense van hierdie mooi land te versier.

Dis 'n boom vir alle seisoene en sekerlik 'n boom wat by uitnemendheid geskik is vir aanplanting in ons groot uitgebreide sub-ekonomiese woonbuurte: die lokasies van ouds, die townships van die struggle.

Gaan bedel 'n tak by iemand wat 'n koraalboom in die tuin het. Steek hom môre in die grond met 'n bietjie water. En volgende winter pluk jy reeds die eerste stukkies rooi met jou oë.

*Vrye* **Weekblad**

## Die staakvuur

DIT was 'n bittere ironie. In dieselfde week dat die ANC amptelik sy gewapende stryd opgeskort het, het die geweldpleging in die land verskeie lewens geëis en miljoene rande se skade aan eiendom berokken.

Die Pretoria Minuut is ongetwyfeld een van die mylpale wat deur die geskiedskrywers onthou sal word.

Hoewel die ANC se gewapende stryd nie in die jongste tyd baie sigbaar was nie, was die simboliek daarvan uiters belangrik vir die wit en swart gemeenskappe in ons land.

Die opskorting daarvan was 'n belangrike demonstrasie van die kant van die ANC dat dié organisasie nou onomdraaibaar verbind is tot 'n spoedige politieke skikking.

Soos tydens die perskonferensie net ná die ooreenkoms geblyk het met die argument oor die rol van die polisie, was dit nie baie maklik vir die ANC nie.

Die probleem vir die ANC-ondersteuners word goed in die jongste uitgawe van die ANC-tydskrif Mayibuye saamgevat. Verwysende na 'n eensydige staakvuur, skryf die blad die moontlikheid van só 'n stap "is smothered by the reality of another constituency out there: dying from police bullets, choking with teargas..."

Dit is inderdaad 'n sombere taak vir die De Klerk-regering: om spoedig toe te sien dat die polisie só optree dat hulle ook vir die swart meerderheid aanvaarbaar is.

Maar die eintlike taak is om die soort geweld wat dié week in Port Elizabeth se bruin woonbuurte plaasgevind het, te voorkom.

Dit is 'n taak vir die regering én die ANC.

Die regering moet heel eerste deeglik kyk na die onderliggende redes vir dié soort geweld. Port Elizabeth is 'n goeie voorbeeld. Dit was nie net sommer anargistiese jongmense wat plekke begin afbrand het nie. Dit was die oopbars van 'n sweer wat lankal op die gemeenskap gesit het.

Dit gaan oor onderwys, behuising, die toestande in die townships, die korrupsie van politieke leiers en burokrate en veel meer.

Die ANC het weer die taak om die mense wat na klippe en brandende motorbande gryp, te help verstaan dat dié soort optrede in die huidige stadium van ons land se ontwikkeling miskien nie die mees produktiewe is nie.

Hul griewe moet gekanaliseer word en op die regte wyse - en met die nodige druk - aan die owerhede aangebied word sodat oplossings gevind kan word.

Daar het al genoeg mense in ons land weens politiekgeïnspireerde geweld gesterf.

Ons moet dié gety nou omdraai, anders sal ons die nuwe Suid-Afrika ingaan met lewens wat steeds nie veel werd geag word nie.

## Vrouedag

Dit was gister Nasionale Vrouedag in Suid-Afrika.

Dit is 'n goeie tyd vir Suid-Afrikaners om 'n oomblikkie stil te staan en te dink aan dié helfte van ons bevolking.

In 'n tyd dat die onderdrukte meerderheid van ons land se burgers al meer begin voel hul politieke bevryding kom nader, is dit hartseer om te moet erken dat vroue in ons land nog nie kan sê hulle proses van bevryding uit die posisie van "mans se mindere" is ook aan die vorder nie.

Dit was insiggewend dat die vroulike helfte van ons bevolking hoegenaamd nie by dié week se geskiedkundige onderhandelinge in Pretoria teenwoordig was waar die Pretoria Minuut onderteken is nie.

Dit is 'n saak wat ons as 'n nasie nou daadwerklik op alle vlakke moet begin aanspreek: op gesinsvlak, op verhoudingsvlak, by die werkplek en in die politiek. Dit geld alle groepe: swart, wit en bruin; Christen, Jood, Moslem of ateïs; jonk en oud.

Eers as ons nasie se vroue volwaardig vry en op alle vlakke gelyk is, kan ons ons nasie se volle potensiaal bereik.

## *So sê hulle...*

**"Ek het geen hoop meer nie en bid elke aand dat die Here spoedig 'n einde aan my lewe sal maak. Ek het nooit besef ek sal na my aftrede, dag in en dag uit in my woonstel vasgekeer sit nie."** - mej IE van der Merwe, een van die pensioentrekkers wat sterk beswaar gemaak het teen die verklaring dat Hillbrow moontlik 'n vryevestigingsgebied gaan word.

**"If the SAP are to live up to their motto of serving and protecting the public, then the fortress against public scrutiny must be demolished and procedures must be introduced to ensure greater accountability to the public."** - DS Hansson, 'n lektor by Kaapstad se Instituut vir Kriminologie in 'n studie oor die noodlottige skietvoorvalle van 1984 tot 1986 in die Kaap waarby die polisie betrokke was.

**"Die enigste rol wat ek vir vroue in die nuwe Suid-Afrika in die vooruitsig stel, is om kinders te baar,"** Elma Potgieter van Wielie-Walie faam, in die geselsprogram Monitor.




**BRIEWE**

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.***

# Die kerk het nie 'n politieke mandaat nodig nie

**Madeleine du Toit van Pretoria skryf:**
Ek verstaan nie waarom is dit so onaanvaarbaar dat kerkmanne soos Buthelezi, Tutu en Mogoba voel 'n party-politieke beeld pas nie by 'n priester nie. Dit behoort teen dié tyd 'n cliché te wees dat politiek en partypolitiek nie dieselfde ding is nie.

Baie bewegings, nie net kerke nie, weier om hulle met 'n party te vereenselwig - omdat hulle die reg voorbehou om enigeen te kritiseer. En hoe vry is jy wanneer jy jou lot by een van die partye ingegooi het?

Maar kom ons bly by die kerk. Die kerk staan vir geregtigheid, nie 'n politieke program nie. Natuurlik kom die kerk op vir die onderdruktes en lydendes, vir 'n billike bestel; dis nie 'n kwessie van politiek nie. Daarvoor hoef 'n mens nie aan 'n party te behoort nie. Douglas Torr is 'n Anglikaanse priester.

Natuurlik, ook, is die kerk daar vir almal - en veral vir dié wat die gewone mens nie met 'n tang wil aanraak nie. Jesus het gesê dis die siekes wat 'n dokter nodig het, nie die gesondes nie. Die kerkmanne wat ek die meeste respekteer, soos Aartsbiskop Tutu, is onversetlik oor geregtigheid vir almal; maar hulle het begrip en deernis vir slagoffers van die geskiedenis, en hulle weet niemand is volmaak nie. Hulle het nie gunstelinge wat bo kritiek staan nie.

Ek wil nòg vroom nòg teologies klink, maar 'n toegewyde priester staan in die skoene van Jesus self, wat "soft" was op die tollenaars en sondaars. Die einste Jesus wat op 'n dag vir ene Saggeüs gaan kuier het - en Saggeüs was nooit weer dieselfde nie.

Natuurlik het mense soos Tutu en ander die voortou geneem toe die politieke leiers opgesluit was. Wat my betref toon dit emosionele vowassenheid dat hulle tevrede is om dié rol te ontruim: Mandela en die ander is mos nou vry. Julle sal dieselfde priesters nog steeds sien waar daar teen onreg geprotesteer word. As hulle met 'n laer politieke profiel tevrede is, waarom sou dit iemand anders pla?

En as daar ongeregtigheid in die ANC opduik, is dit regtig in enigeen se belang as die kerke gemuilband is (soos die NG Kerk al jare) omdat hul priesters almal getroue ANC-lede is? Die kerk staan vir 'n standaard wat geen sterfling konsekwent kan handhaaf nie - ook nie die kerk se dienaars nie. Jy kan jou nie tot 'n onvolmaakte politieke lojaliteit verbind en nog die volmaakte standaard eerste stel nie. En die tweede behels in elk geval die eerste.

So beleef ek dit altans. Ek vermoed Vader Mkhatshwa sou sê 'n lid van 'n politieke party is vry om sy party te kritiseer. Ek reken 'n onverbonde persoon is selfs vryer - om 'n party nie net te kritiseer nie maar ook te steun. Die kerk het nie 'n politieke mandaat nodig nie.

## Een hamer en sikkel

**Willem Oltmans van Hillbrow skryf:**
Uw uitgave van 3 Augustus 1990 is één lange vergoelijking van Communisten en ANC'ers. Van de klets-artikelen van collega Hennie Serfontein tot en met het hoofdartikel Het Komplot.

Het is pijnlijk om als internationaal journalist van de afgelopen 35 jaren, waaronder verblijven van 30 jaar in de VSA en 20 jaar in Moskou, te moet konstateren met welk verbluffend amateurisme de Zuid-Afrikaanse pers over de linkse en communistische politiek en ideologie spreekt en schrijft.

Een kind begrijpt de truucs van de communisten en hun Siamese tweeling de ANC. Men behoeft warempel geen aanhanger van die KP te zijn om te doorzien, dat zowel de ANC als de SACP nog altijd muurvast zitten aan Lenin's dictum door de achterdeur te "bevrijden".

Ze komen binnen onder het mom van vredesonderhandelingen en wanneer zij eenmaal binnen zijn dan wordt se guerrilla en de destabilisatie van Zuid-Afrika pas werkelijk opgevoerd. De uitgangspunten van Uw blad, uw reportages en hoofd-artikelen staan dermate haaks op de werkelijkheid van de wereld, haar geschiedenis en het huidige drama van de ondergang van communisme en ander link gebazel gebaseerd op zogenaamde gelijkheid voor iedereen, dat er geen beginnen aan is een eerste correctie in de "mindscapes" van U en Uw medewerkers aan te brengen. Natuurlijk is de ANC een werktuig van de SACP. Ze overlappen elkaar niet een beetje, maar totaal. Chris Hani is bezig om een schandalige wijze de zwarte massa leugens op de mouw te spelden, wanneer hij stelt, dat wanneer deze mensen eenmaal door hem zouden zijn bevrijd de gelijkheid zal intreden.

Hij is in de Brezhnev jaren tot communist gehersenspoeld en loopt blijkbaar schromelijk achter op het nieuwe denken en doen van Gorbachev en de gebeurtenissen rond de ondergang van het communisme in de rest van de wereld. Nergens in de 70 rampzalige jaren van communisme in die USSR is er ook maar een schijn van gelijkheid ontstaan door de opstand van het proletariaat. Vóór de volksopstand had tenminste nog een gedeelte van Rusland te eten. Ná Lenin had niemand meer boter op zijn brood.

Ik ben 35 jaar journalist en zou het Vrije Weekblad willen aanbevelen een hamer en sikkel op de voor-gina af te drukken, want daar komt de inhoud van Uw krant op neer.

## Sielkundiges in howe

**David Lipsitz van Johannesburg skryf:**
On Saturday, 14 July 1990, the Citizen featured an article with the title "Jhb courts have no State psychiatrist."

Concern was being expressed about the fact that there are currently no psychiatrists available to give psychiatric testimony in cases of capital crime such as murder. My question is: is the court's loss not the public's gain? Time and time again criminals guilty of felonious crimes have been let off the hook in courts of law through pleas of "insanity" and "diminished responsibility" which are initiated by psychiatrists. Perhaps the most notoriuos example of this is the case of Willem "screwdriver rapist" van der Merwe who was not given the death sentence on the basis that he would be rehabilitated by psychiatric treatment.

Van der Merwe committed a number of rapes followed by murder in the 1970's and his trade mark was that he intimidated his victims with a screwdriver prior to committing his murderous assaults. Van der Merwe was released from prison in early January 1989 and promptly raped and murdered one woman before another woman, who he had attempted to murder, turned Van der Merwe's gun onto him and killed him.

The words of Judge Irving Steyn at the original Van der Merwe trial in the 1970's could not have been more truthfully stated. He said: "If the psychopath or person bordering on psychopathy is jailed until a psychiatrist says he is cured and should be freed, the guilt of a subsequent crime will rest on the shoulders of that psychiatrist."

Psychiatrists cannot predict violent behaviour and have not proven that they have any cures for those convicted of criminal acts. Do we really need psychiatrists in the courts? Or should people guilty of criminal acts be charged with full responsibility for their actions so that nobody can get away with mild consequences for brutal actions?

**Vervolg op bl 22**

# Die gerommel was toe Verwoerd in sy graf omgedraai het...

DIE dag ná die Pretoria-minuut sit Brolloks en blaai deur 'n boekie wat hy as jongeling soos die Bybel gelees het: "Rivonia, Masker af!" deur Lauritz Strydom. Dit was oor Mandela-hulle se hofsaak aan die begin van die gewapende stryd wat nou tot 'n einde gekom het.

Agter-in die boek word die Eerste Minister, Hendrik Verwoerd, se verklaring aan die internasionale media ná die vonnis van Mandela aangehaal:

"Wanneer dus gesê word hulle is bly dat Mandela 'n lewenslange straf en nie 'n doodstraf gekry het nie - want hy mag nog, soos Kenyatta, die leier in die toekoms word - dan sê ek: God verhoed dit!

"Sou dit gebeur, dan is nie net Suid-Afrika daarmee heen en Kommunisties nie, maar dan sal die wêreld mettertyd deur die Kommunisme verower word.

"Want daarna sal val, die een na die ander, die enigste forte wat van ver die blanke beskawing nog beskerm teen daardie verderflike ideologie."

* Mog oubaas Hendrik in sy graf omdraai.

## Wat is die kanse vir 'n Paardekraal-minuut?

Dit was half voorspelbaar: die regse bitterbekke het selfs oor die Pretoria-minuut gesê die NP-ministers wat daaraan deel gehad het, is verraaiers.

Hoewel Brolloks nog nooit eintlik simpatie gehad het met regsgesindes nie, kon hy darem altyd weens sy plattelandse Boere-agtergrond verstaan hoekom dié mense verward en bang is en liewer die goeie ou dae wil terughê.

Maar om een van die mees dramatiese vredespogings in ons geskiedenis af te skiet, is nie net dom nie, dis oneerlik.

Miskien is dit tyd dat die ondersteuners van die KP, die AWB, die Boerestaatparty en ander 'n slag ernstig na hul leiers kyk. Is hulle nie dalk bloot net opportuniste en magsugtige politici nie?



BROLLOKS EN BITTERGAL

Soos die hele ding van praat met die ANC. Brolloks het nou al 'n paar keer op goeie gesag gehoor van vooraanstaande KP-LP's en ander regse leiers wat privaat sê hulle sal graag die ANC wil ontmoet en standpunte uitruil, maar hulle durf dit nie nou doen nie want wat sal hul ondersteuners daarvan sê?

Dit is waar van selfs die slimmer regses, soos Koos van der Merwe en Pieter Mulder.

(Ten minste is Carel Boshoff hier 'n uitsondering. Hy het reeds 'n glo heel vrugbare ontmoeting met van die ANC-leiers gehad. En sekere KP-leiers het glo tou gestaan om by hom te hoor wat hulle te sê gehad het...)

Wat gaan die KP-leiers doen wanneer onderhandelinge oor 'n nuwe grondwetlike bestel vroeg volgende jaar 'n werklikheid word? As Inkatha en die Arbeidersparty en die tuislande saam met die ANC en die NP om 'n tafel gaan sit? Gaan die KP sê hulle "praat nie met terroriste nie" en dan het al die duisende KP-ondersteuners geen verteenwoordiging om die tafel waar ons almal se toekoms beslis gaan word nie?

Die KP is nou soos die NP was drie jaar gelede toe 'n klompie Afrikaanssprekendes Dakar toe is om met die ANC te praat. "Verraaiers" en "uitverkopers" en "bruikbare idiote" is die aanklagte wat vryelik deur die Party en sy lyfblaaie heen en weer geslinger is. En deesdae sê dieselfde politici en koerantredakteurs hulle is jammer, hulle was verkeerd...

Miskien moet die KP/AWB en die NP 'n slag om 'n tafel gaan sit en 'n paar dinge uitsorteer. Tensy die regses nou al sku is om met FW te onderhandel!

* Dan noem ons dié ooreenkoms die Bapsfontein-minuut. Of die Paardekraal-minuut, en dan kan FW sê: "Die hekke staan oop, julle hoef dit nie oop te stamp nie!"

## Ons wil ook praat

Net toe 'n mens begin dink Nelson en FW en hul spanne gaan so eiehandig ons hele toekoms beding, toe kom daar nuus van twee heerlike konferensies wat die nuwe Suid-Afrika gaan aanspreek.

Die eerste is dié van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK), wat van 14 Augustus af die "rol van die Afrikaner in die toekomstige SA" onder die loep neem. Kyk wie praat: Terror Lekota, Breyten Breytenbach, Carel Boshoff, Johan Heyns, Neville Alexander, Albie Sachs...

Die naweek daarna kom die Five Freedoms Forum met 'n reuse-konferensie in Johannesburg oor "Suid-Afrika by 'n keerpunt - onderhandelings en die toekoms".

Sprekers en afgevaardigdes strek van die NP en Inkatha tot by die DP, ANC, PAC, Azapo en die tuislande.

* Dis reg. Almal moet saampraat.

## Portret van 'n wat?

Die Daily Mail het laasweek 'n onderhoud en storie oor 'n ver-regse leier van 'n gogga soos die Blanke Weerstandsbeweging of so iets wat vertel hoe 'n vreeslike rassis hy is en hoe hy swartmense soos gereedskap behandel.

En bo-aan die berig staan die opskrif: "Portrait of a Boer".

Bittergal was so die donder in hy was lus en vra Vrye Weekblad se redakteur om 'n storie te doen oor die mal jong Israeli wat die ander dag berserk geraak en 'n klomp Palestyne doodgeskiet het, en dan bo-op die berig te skryf: "Portret van 'n Jood." Dit sou ewe onregverdig gewees het.

Maar miskien was dit uit onkunde eerder as moedswilligheid gedoen.

Bittergal noem homself soms 'n Boer, en die grootste deel van sy volwasse lewe het hy gewy aan teenstand teen Afrikaner-nasionalisme en etniese chauvinisme.

Hy sien geen teenstrydigheid tussen Boer wees en terselfdertyd heelhartig ten gunste van meerderheidsregering en 'n nie-rassige demokrasie te wees nie.

Inteendeel, die twee vul mekaar nogal aan, want dis by die ou Boere wat ons die basiese toegewydheid aan vryheid, demokrasie, geregtigheid en menswaardigheid geërf het.

Die meeste Afrikaners sien "Boer" nie as 'n negatiewe begrip nie. Dis meer iets nostalgies.

Natuurlik is daar baie verskillende definisies van "Boer". Maar die belangrikste een, glo Bittergal, is doodgewoon dat dit 'n Afrikaner is, meestal van Transvaal of die Vrystaat. Dis net mense wat nog nie vrede gemaak het met die feit dat elkeen in ons land 'n etniese herkoms het nie wat dit probeer ontken.

Die Daily Mail het sommer aanvaar dat die Eugene TerreBlanche en Robert van Tonders se definisie dat 'n Boer net iets is wat 'n dikgewrig-rassis is wat aan 'n Boerestaat glo, die enigste is.

* Die regse rassiste het al genoeg van ons kultuur-goed gekaap. Dis tyd dat ons dié grootbek-minderheid op hul plek sit.

# *Kyk hoe dive die spul sekurokrate nou vir cover*

VREDE, vriende, is besig om oral om ons los te bars, dis iets vreesliks soos die sekurorate dive for cover. Moeder, self nie 'n shrinking violet van die security establishment nie, meen die total onslaught sal nooit weer dieselfde wees nie. Nog net die manewales in Natal, en dalkies 'n Slovo encore, kan die ou spul red. Maar wie wil hulle hê?

Nie eens doktor Treurmare wil vir onse Magnus hê nie. Shame, die stomme generaal moet soos 'n weeskindjie voel. Miskien ook dié dat hy so stil is die afgelope ruk. Iedergeval, dis duidelik dat Madam de Klerk se man en Comrade Mandela 'n goeie rapport opgebou het. Die knape deel ooglopend dieselfde humorsin, en dis dikwels die pad na die oplossing van knelpunte. Of is dit nou die pad deur 'n man se maag?

Seg Miesies Klaagvoort dis hoogtyd dat die twee hul humor toespits op broeder ET en vennote: dié is darem minstens nuttig vir 'n laggie of twee. Waarom word hulle tog so ernstig opgeneem?

## Hel, ons struggle

'n Regte belly-laugh kan gereserveer word vir die arme PAC en Admiraal julle-weet-wie, die bekende belasterde. Sy Hoogdrawendheid die Admiraal het die toyi-toyi opsyegeskuif vir meer fancy voetwerk, dis verbasend hoe rats 'n mens kan beweeg as jou ou perd so holrug begin lyk. En die PAC? Hierdie manne is nie met negotiations tevrede nie, dis mos al te maklik. Vir ons die armed stuggle, asseblief vrinde. Ons is nou wel nie juis armed nie, maar hel, kan ons struggle. Die meeste van alles struggle ons met onse beleid, ons kan net nie sin daarvan maak nie. Kan julle?

## Reign in Spain

Die royalty bly maar 'n interessante lot. Ons laat die kaskenades van prinses Caroline en die trawante maar daar, dis afterall 'n gesinsblad dié. Maar dink net aan die wondere van die Britse Huis. Die waardige ou Queen Mother (so verlangs verwant aan Moeder) mik na 100 jaar, sodat sy ook 'n telegram van die koningin kan kry. Daar's mos nou 'n edele ideaal. Maar koning van die week is sweerlik Koning Juan Carlos van Spanje.

Dié eerbare siel kon 'n paar oomblikke afknyp van die bulgevegte om 'n bietjie te gaan vaar in sy seiljag. Toe sien hy twee nederige vissersmanne in die water spartel nadat hul bootjie omgeval het. En wat maak die koning toe? Nee vrinde, hy roep nie die calvary in nie en ook nie die BSB nie. Hy voeter ook nie die branders met kettings nie. Wat hy doen is om in die water te spring en die kêrels te red. The reign in Spain and all that.

## Von Lieres liries?

Oswald, ewig een wat die regswêreld dophou, is aangegryp deur die jongste lasterbedreiging wat Voëlvrye Weekblad se kant toe geslinger is. Seg die groenteboer hy wonder of Herr von Lieres nou liries voel oor die geldjies wat wink.

Maar op 'n point of law; is die siel in sy persoonlike hoedanigheid of as ampsbroeder gebelg? Dit behoort die verskil te maak aan wie vir hom optree, en of die belastingbetaler sy geding vir hom moet betaal. Sover tree die Staatsprokureur blykbaar op. Beteken dit dat die Klaagvoorts moet help betaal? Moeder reik na die smellingsalts. Miesies Klaagvoort kneus 'n koeksister. En Oswald verwurg 'n koolkop. Oswald is deesdae 'n honorary Klaagvoort, 'n mens kan tog nie die Nuwe Zuid-Afrika binnegaan sonder om al jou opsies oop te hou nie.

## Leë organisme

Met dié dat die unarmed struggle op ons is, geliefdes, wonder Egbertus wat met al die wapens gemaak gaan word wat nou in plastieksakke onder die grond lê en sweet. Miskien kan Piet Skiet 'n stukkie of twee daarvan gaps, as sy intelligensie-netwerk die goed kan opspoor.

Miskien is dit die rede waarom Mac Maharaj nog aangehou word: dalk het hy nog nie die wegsteekplekke aan Piet Patat onthul nie. Seg Moeder, 'n yslike kenner van die ekonomie, die antichris moet van die wapens aan die weermag skenk. Die stomme organisme is so leeg gesuig deur die BSB en ander vreemde tentakels, hulle kan seker so 'n meevallertjie verwelkom.

Dit laat my dink, dierbares: as julle vandag 'n boompie plant, maak tog seker die gat is leeg. 'n Mens weet nooit wat per abuis opgediep kan word uit die ondergrond nie. Daar's selfs nog 'n klompie kommuniste wat in die gate skuil, net so vir die wis en onwis. Vra maar vir Magnus, hy sal mos weet.

## Pampierlose siel

Vrinde, Egbertus kan met dank aankondig dat Dullah Omar, nou dat die BSB hom nie kon vermoor nie, 'n paspoort gegee is. Dis 'n hele besigheid so sonder pampiere. Op die lughawe van Parys (Engeland, nie OVS nie) sit 'n siel. Twee jaar lank al. Die land binnegekom vir 'n twee-dae-besoek, nou's hy nog daar.

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

Soos die plaasklong wat Johannesburg toe is om die rooiligdistrik te sample. Vat hy 'n Bybel saam. Vra sy moeder "En die Bybel dan?". Seg hy ag ma, straks is dit so lekker dat ek bly tot Sondag.

Iedergeval, hierdie siel sit sonder paspoort en kan nie in of uit nie. Daar sit hy. Miskien kan Piet Skiet-hulle vir hom 'n paspoort organise? Sy adres is Bankie nr 217, Saal 6, Charles de Gaulle-lughawe. Ag jammer oom Piet, die man is nie wit nie. Ligte mistykie.

# BRIEWE

(Van bl 20)

## Geen buurtwagte

**WW BOTHA, Adjunk-stadsekretaris van Midrand-stadsraad, skryf:**
U skrywe van 10 Julie 1990 het betrekking.

Die stadsraad van Midrand het geen stelsel van buurtwagte in die jongste verlede ingestel nie.

Volgens inligting beskikbaar beoog my raad ook nie die instel van sodanige buurtwagstelsels in die nabye toekoms nie.

## Mother of our nation

**Bronwyn Adams dig uit Durban:**

*Oh Mother,*
*oh Shame.*

*you walked; head high*
*you spoke; truth deep*

*you fought; courageously*

*Tirelessly...*
*you laboured*
*for the birth of our*
*nation.*

*But, Mother, my heart is sore.*
*you struck down your recalcitrant*
*child.*

*You tore frantically at your*
*own flesh in order*
*to rid yourself of his menace*

*leaving*
*guilt-stained love murderously*
*etched on your scared skin.*

*Oh mother*
*Forgive us, for we know not*
*what you have done.*

## Smee pikke

**Ds HG Murcott van Pretoria skryf:**
Een van die grootste probleme wat ons land in die volgende paar jaar sal moet oplos, sal wees om werk te vind vir die groot aantal werkloses, veral die jong mense wat in gebreke bly weens die "bevryding voor opleiding"-beleid, en daarom feitlik geen voorbereiding vir werk het nie.

In die depressie van die dertigerjare is 'n groot bydrae gemaak deur Spesiale Diensbataljons, wat gehelp het om dissipline en opleiding vir die groot aantal seuns te voorsien wat vroeg skool moes verlaat toe hul vaders hul plase of werk verloor het. Dr Danie Craven was vir 'n tyd die bevelvoerder.

Iets van dié aard is nou nodig vir daardie "verlore" geslag van swartmense. Dit sal nie aanneemlik wees as dit van regeringskant kom nie, maar as die ANC, PAC en Inkatha kon saamspan en dit aan die gang sit, met die steun van die regering, kon dit van baie groot waarde vir die toekoms van ons land wees.

Met die regte leierskap, dissipline en opleiding sou dit kon help om die agterstand in behuising, skole en klinieke in te haal; asook om damme te bou om water aan die landelike gebiede te voorsien en landbougereedskap en voertuie in stand te hou vir die ontwikkeling van klein plase.

Die ANC en PAC het heelwat ondervinding in soortgelyke opleiding en ontwikkeling in die buiteland gehad, en wanneer hulle terugkeer, kan hulle al daardie vaardighede aanwend om in dié behoeftes te voorsien.

So kan hul militêre vleuels ook by die polisie en die weermag ingelyf word. Laasgenoemde sal die nodige voorrade en voertuie vir dié nuwe Spesiale Diensbataljons kan verskaf.

So 'n versiende plan is dringend nodig in dié staduim van ons land se pad na 'n volledige demokratiese, vry en voorspoedige toekoms.

Dit sou waarlik wees om "van swaarde pikke te smee en van spiese snoeimesse".




# Kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## PERSOONLIK

Alle Bles Bridges-plakkate kan asseblief gestuur word aan: Johan Steenekamp, Posbus 175, Silverton 0127

Die Bleskope teen Apartheid sê hoekom is die wit duif sê bek dan so krom?

Die Takhare vir Vrede sê Boomdag is 'n droomdag

## WOONPLEK

Ordentlike mens gesoek om huis in Westdene te deel. Bel Sarah; 339-2415

Quiet house with pool in Orange Grove: Two rooms, private bath, separate entrance. R600-00. Tel: 483-2528 Gwyne

Auckland Park: Kingsway Mansion, pragtige woonstel om te deel, het balkon, kaggel, en swembad. R375.00 per maand, bel 447-3298 en los 'n boodskap vir Katinka

Garden Route: Riverside House, Great Brak River. R50.00 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. For more information phone (04442) 3387

## DIENSTE

AFRICAN LANGUAGES: An introductory Zulu language and culture course will be commencing in Tuesday the 21st of Augusts. The course will be 12 weeks in duration, and will comprise 12 consecutive Tuesday evenings. Meetings will be held from 7pm - 8.30pm and the venue will be in Parktown. To secure a place phone Viv at 483-1572. All welcome

*AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK?*
You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job. Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

REGTERBREIN DINAMIKA
Vergroot jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. 'n Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

**BEDREWE VERWER**
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011)728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734

TIK EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012)46-6577

TAROT READINGS
Uncover what you really are, by letting yourself be yourself, by letting that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
Vir gratis en onafhanklike advies oor diensplig. Skakel: Durban (031) 301-5663 Richard (w); Pietermaritzburg (0331) 94-4079 Mark (h); Kaapstad (021) 689-1194 (5:30 nm); Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae 4:30 tot 7:00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

*VISUAL ART COURSES*
Learning to see. Eye training to look at shape, form, volour, demension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the oppurtunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

USIS, August 14 1990. The Negro Ensemble Company: The goals and remarkable achievements - for blacks and for the theatre as a whole - of the group founded by Douglas Turner Ward and Robert Hooks. Venue; USIS Library Ipelegeng, 1283 Phora cnr, Dlamini Street, White City, Jabavu. Information: 982-5580. Venue for August 15 1990. Usis Auditorium, 3rd floor, African Life Centre, 111 Commissioner Street, Johannesburg. Information: 29-3451. You are invited to bring your take-away lunches.

## CRAFTS

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788-3994

## MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

*Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan*

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

# Nou wil Pierre grotes pak

## *... maar Johnny meen hy moet eers sy verdediging opknap*




Pierre Coetzer

**Die oorwinning wat PIERRE COETZER verlede naweek by Sun City oor JOHNNY DU PLOOY behaal het, het min bokskenners verras. Niemand het egter verwag dat alles so gou oor sou wees nie. PHINEUS TSHUKUDU het minute na die geveg met die twee bebloede boksers gesels.**

PIERRE Coetzer se skitterende uitklop-oorwinning oor Johnny du Plooy verlede naweek by Sun City het wondere vir sy selfvertroue verrig. Nou sien hy kans vir enige bokser in die wêreld.

"Ek is nou superfiks en skerper as in enige ander stadium van my loopbaan. Ek glo as ek só voel hoef ek vir geen bokser in die wêreld bang te wees nie."

Du Plooy is egter nie so seker dat Coetzer reg is om manne soos Buster Douglas en Evander Holyfield te pak nie - om nie eers van Mike Tyson te praat nie.

"Ek was verras deur die krag wat hy agter sy houe sit; hy slaan beslis harder as wat ek gedink het. Maar sy verdediging is glad nie waffers nie. Ek het hom in die eerste ronde byna na willekeur raakgeslaan."

Pierre was natuurlik ingenome met sy oorwinning, maar sê hy sou nie omgegee het as die geveg langer aangehou het nie.

"Ek was reg om tien rondes lank te baklei en ons plan was eintlik om hom moeg te maak en eers later in die geveg te probeer om hom uit te slaan."

Volgens Pierre het hy geweet Johnny sou vroeg met sy grootste aanslag kom, maar hy was gereed daarvoor.

***'Ek was verras deur die krag wat hy agter sy houe sit; hy slaan beslis harder as wat ek gedink het. Maar sy verdediging is glad nie waffers nie. Ek het hom in die eerste ronde byna na willekeur raakgeslaan.'***

"Ek moet sê, ek is in die eerste ronde effens onverhoeds betrap deur die aanval waarmee hy my oogbank oopgekloof het. Ek kon nie dadelik mooi herstel nie, want dit was moeilik om uit die oog te sien," het Pierre gesê.

Ná die eerste ronde het Pierre se afrigter, Alan Toweel, hom aangesê om aan te hou vorentoe beweeg en reguit houe te slaan.

"Ek het my regter in die tweede ronde meer begin gebruik en lyfhoue begin slaan. Dit het dadelik beter gegaan."

Maar toe kom daardie moordende regter van Du Plooy wat die Suid-Afrikaanse swaargewigkampioen soos 'n sak mielies op die krytvloer laat neerslaan het.

"Hy slaan baie hard en hy het my goed gevang. Maar ek was glad nie deurmekaar nie. Toe ek opstaan was ek reg om die geveg voort te sit."

Toweel erken ook dat hy groot geskrik het toe Du Plooy sy man platslaan. "Maar jy weet, selfs bokslegendes soos Joe Louis het soms harpuis geruik. Die kuns lê daarin om op te staan."

Volgens Toweel het dié geveg nie net gewys dat Coetzer oor baie durf beskik nie, maar ook dat hy 'n bokser van formaat is.

"Hy is nie die soort bokser wat in die een geveg puik vertoon en in die volgende sukkel nie. Ek kan daarop reken dat hy altyd sy beste sal lewer."

Volgens Toweel was daar by hom nog nooit enige twyfel oor die feit dat Coetzer strate beter as Du Plooy is nie.

"Ek rig Pierre nou al baie jare lank af en in dié tyd het ek gesien dat hy die potensiaal het om dit ver te bring. Na my mening het hy nog nie sy toppunt bereik nie; hy leer nog."

Is daar 'n wêreld-titelgeveg in Pierre se toekoms?

"Beslis," sê Toweel. "Ons is al lankal 'n geveg teen die Wêreld-Boksorganisasie (WBO) se kampioen, Francesco Damiani, beloof. Hulle probeer ons ontduik, maar na dié oorwinning móét Pierre binnekort 'n kans kry."

Pierre is bereid om Johnny weer te pak, maar hy sal moet wag; die kampioen het vir eers ander planne.

Volgens Toweel gaan hulle kyk hoe hoog hy op die wêreld-ranglys kan klim.

"As Du Plooy 'n uitdaging vir Pierre se SA titel rig, sal ons geen keuse hê anders as om dit te aanvaar nie - tensy hy van die titel afstand doen om hom op sy loopbaan in wêreldboks toe te spits," het hy gesê.

Coetzer meen Du Plooy kan sy loopbaan red, mits hy voortaan met meer toewyding oefen.

Die Du Plooy-kamp was, soos 'n mens kan verwag, maar bra mismoedig ná die kragmeting.

Sy afrigter, Willie Lock, het gesê Johnny moet voortaan meer gereeld boks.

***'Jy weet, selfs bokslegendes soos Joe Louis het soms harpuis geruik. Die kuns lê daarin om op te staan.'***

"Hy was nie skerp genoeg nie. Hy kan bo uitkom, maar dan moet hy aktief bly."

Wat het dan verkeerd geloop nadat Du Plooy die geveg so goed begin het? "Johnny het gedoen wat hy kon, maar toe Coetzer hom met daardie grote in die tweede ronde tref, was dit verby," het Lock gesê. "Ek meen die skeidsregter (Stan Christodoulou) moes die geveg toe maar stopgesit het om te verhinder dat Johnny seerkry."

Lock en 'n klomp van Du Plooy se ondersteuners wat na die geveg in sy kleedkamer was, het hulself maar getroos deur te sê Coetzer kan bly wees dié geveg het nie drie jaar gelede al plaasgevind nie...



Alan Toweel: die brein agter Pierre Coetzer se welslae


## *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**
**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**
**Advertensies en bemarking: Manie Eagar.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**
**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.



Bl 23: Nou wil Pierre grotes pak

# Die skaam outjie wat dalk Naas se stewels gaan vol staan

**Naas Botha se ongelooflike welslae het 'n klomp jong losskakels - wat nie sy talent het nie - aangespoor om hul speelstyl op syne te baseer. Dit verklaar waarom die rugby wat in ons plaaslike reekse opgedis word, so droog en voorspelbaar is. HENRY HONIBALL van die Vrystaat is 'n verfrissende uitsondering op die reël. TINUS HORN het met dié skaam outjie uit Bergville se wêreld oor sy rugby gaan gesels.**

HENRY Honiball is nie die soort losskakel waaroor top-unies maklik tussen rugbyseisoene sal vuisslaan nie; hy is geen puntemasjien wat met die skoen 'n swak vertoning in 'n oorwinning en 'n goeie vertoning in 'n slagting kan omskep nie.

Wat hy wel is, is die enigste losskakel in die Curriebeker-reeks wat reguit hardloop en gate vir sy senters kan slaan, en een van bitter min wat 'n noemenswaardige rol op die verdediging speel. (Dit is te lig gestel. Eintlik duik hy sy teenstanders dat die nerwe waai).

Johan Heunis het hom beskryf as die moeilikste losskakel teen wie hy verlede jaar gespeel het; 'n uitspraak wat Honiball nogal onverhoeds be-

***'Ek het gedink ouens soos Johan Heunis steur hulle nie eers aan my nie. Dit was nogal 'n verrassing om te hoor hy beskou my as 'n teenstander.'***

trap het.

"Ek het gedink ouens soos hy steur hulle nie eers aan my nie. Dit was nogal 'n verrassing om te hoor hy beskou my as 'n *teenstander*," sê hy.

Die rede waarom Honiball nog steeds sukkel om aan homself as 'n Curriebeker-speler te dink, is die haas waarmee hy verlede jaar in die Vrystaatspan opgeneem is.

"Ek het vier jaar lank net koshuisrugby gespeel voordat ek vir die Shimlas (die Vrystaatse Universiteit se eerste span) gekies is. 'n Maand later was ek in die Vrystaatspan."

***'Ek het leer duik omdat ek móés.'***

Die groot druk wat dié skielike bevordering meegebring het, was aanvanklik te veel vir hom, met die gevolg dat hy in sy eerste twee provinsiale wedstryde gesukkel het.

"Gysie Pienaar (wat die Vrystaat se agterspelers afrig) het my darem laat verstaan dat hulle steeds vertroue in my vermoëns het maar geen wonderwerke van my verwag nie. Dit het my help ontspan en my spel het verbeter."

Honiball sê spottenderwys van homself dat hy hardlooprugby verkies omdat hy nie kan skop nie. Dalk steek daar 'n bietjie waarheid hierin, maar die feit bly staan dat hy wéét hoe om met 'n bal te nael.

"Wanneer ek op 'n rugbyveld is, konsentreer ek op die bal. Verdedigers pla my nie. Dít is seker my grootste bate."

Bang is hy beslis nie. Hy hardloop pylreguit. Verlede Saterdag teen Transvaal het hy keer op keer twee teenstanders getrek voordat hy na sy senters laat loop het. Dit het Transvaal se verdediging onder soveel druk geplaas dat dit nie verrassend was

***'Ek het vier jaar lank net koshuisrugby gespeel voordat ek vir die Shimlas gekies is. 'n Maand later was ek in die Vrystaatspan.'***

dat die damwal in die laaste tien minute heeltemal gebreek het nie.

Op die veld lyk Honiball blitsig, maar volgens hom is dit misleidend: "Ek dink dit het meer met tydsberekening as met vaart te doen. Dit is belangrik om nie die bal staanstaan te kry nie. Wanneer jy wil breek moet jy reeds op spoed wees."

Hy is op Bergville in Natal gebore en was ook daar op laerskool. Sy puik verdediging kom uit sy hoërskooldae op Estcourt, toe hulle meestal teen groter skole moes speel en goeie laagvatte hul enigste verweer was.

"Ek het leer duik omdat ek móés," sê hy.

In koshuisrugby was hy bekend vir sy breekslae, maar in groot rugby begin hy nou eers onder Pienaar se bekwame hand sy aanvalle met selfvertroue loods.

Een van die groot hoogtepunte van sy kort provinsiale loopbaan

***'Gysie Pienaar het my laat verstaan dat hulle geen wonderwerke van my verwag nie. Dit het my help ontspan en my spel het verbeter.'***

was vanjaar se eindstryd om die Yardley Gold-beker op Ellispark, toe hy albei die Vrystaat se drieë met briljante breekslae aangevoor het.

Daarna het hy ongelukkig 'n ou skouerbesering op die toetsunie-dag in Durban vererger. Hy het maar onlangs eers weer sy plek in die Vrystaatspan oopgespeel.

Hy het verlede jaar die graad BSc (Agric) verwerf en behartig tans 'n

***'Wanneer ek op 'n rugbyveld is, konsentreer ek op die bal. Verdedigers pla my nie.'***

melkery op 'n plaas buite Bloemfontein. Maar sy kop staan terug na sy mense toe.

"Wanneer my loopbaan die dag verby is, wil ek weer terug Bergville toe om te gaan boer."

Bergville moet maar wag. Henry Honiball gaan eers gróót rugby speel.





Henry Honiball

# Puntestelsel tel teen Honiball

GAAN Henri Honiball Naas Botha se opvolger as Suid-Afrika se voorste losskakel wees?

Heel waarskynlik. Hy het baie meer talent as Joel Stransky, Cameron Oliver én Lance Sherrell.

Maar gaan hy die Springbokspan haal? Dalk nie.

Die geskiedenis tel teen hom:

Jannie Barnard was die beste losskakel van sy tydvak, maar moes ná 1965 in die skadu van goeie skoppers soos Alan Menter, Piet Visagie en Dawie Snyman speel.

Snyman en Gerald Bosch, die wedstrydwenners van die jare sewentig, is ook bo Gavin Cowley, wat skitterend kon breek maar nie waffers kon skop nie, gekies.

Errol Tobias het net 'n kans gekry omdat Naas in Amerika was en dr Danie Craven aan die wêreld wou wys bruin spelers kan ook die Springbokspan haal. (Maar sou Danie Gerber in 1984 sy beroemde drieë-driekuns teen John Scott se Engelse behaal het as Naas sy losskakel was?)

Dit lyk dus of daar 'n opdraande stryd op Honiball wag as hy die Groen en Goud wil dra.

Die puntestelsel, wat straf- en skepskoppe net 'n raps minder as drieë laat tel, maak 'n goeie skopper beslis 'n aanloklike keuse.

Maar as ons keurders 'n oplewing in Suid-Afrika se agterspel wil sien en bereid is om te waag, is Honiball hul man.

# Die naweek se TV-sport

## Hulk-hulle verskaf groot pret

**IN Amerika gee hulle nie eers meer voor dat rofstoei 'n sportsoort is nie. Dit gaan om vermaak; niks meer en niks minder nie. WrestleMania VI, wat môre om 4.30 op M-Net vertoon word, is 90 minute vol pret. Die hoogtepunt is 'n "geveg" tussen Hulk Hogan en Ultimate Warrior om die Wêreld-Stoeifederasie se titel.**

**Die naweek se ander hoogtepunte is:**

**Saterdag:**
Intervarsity-rugby (3.30nm):
Pukke teen Shimlas (TV1)
Ikeys teen Maties (Surplus Sport)

**Sondag:**
Motorsport (1.nm):
Hongaarse Formule 1 Grand Prix (TV2/3)
Sweedse motorfiets-Grand Prix 250cc en 500cc (Surplus Sport)



# Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

## Orkney snork inderdaad nie

BESIGE TV-kykers wat hulle met konstruktiewe take wil bemoei eerder as om voor die TV te lê en snork, kan gerus die volgende hoogtepunte op TV1 onthou:

Deon Opperman se debuuttoneelstuk, "Môre is 'n lang dag", word uiteindelik uitgesaai ... better late than never, sê hulle. Die stuk speel af in 'n tent op 'n grensbasis en was een van talle stukke wat die army-paranoia van die middel-tagtigs uitgebeeld het. Albert Maritz, Franz Kalp, Arnold Vosloo, David Butler en Jeremy Mansfield speel die vyf karakters, terwyl Koos Roets die regie behartig. Dit word om 9nm op 17 Augustus uitgesaai.

Orkney snork inderdaad nie en ook nie sy regisseur en skrywer Willie Esterhuizen nie. Die tweede reeks van hierdie gewilde Afrikaanse sitcom begin Dinsdagaand om 7nm. "Orkney snork nie II" se sterre is weer Zack du Plessis, Annette Engelbrecht, Jacques Loots, Frank Opperman, Sally Campher, Clara Joubert en Anrich Herbst.

"Met die eerste 13 aflewerings het ons volgens 'n spesifieke resep gewerk wat baie suksesvol was, daarom het ek die spelers behou en die draaiboeke weer volgens my beproefde formule geskryf," sê Esterhuizen.

"Met die tweede reeks probeer ons verbeter - 'n mens moet net nie te slim probeer raak nie. Ons poog om dieselfde onskuld en opregtheid van die eerste te behou. Ek poog om iets eg Suid-Afrikaans te skryf. Ek skryf oor goed wat vir my snaaks is. 'n Mens kan tog nie 'n ander mens se humor lees nie, jy gaan hom net beledig."

Gesinskonflikte en sensitiewe sake soos vasektomie, tienerliefdesprobleme en ma se ou minnaar, is van die onderwerpe wat in die jongste reeks aangepak word.

Diegene wat lus het vir 'n bietjie nostalgie kan 17 Augustus om 10.30nm kyk na "'n Aand van goue oomblikke" waarin akteurs en musici dink aan hoogtepunte in hul lang loopbane. Jacques Loots, Esmé Euvrard, Fanus Rautenbach, Dulsie van den Bergh, Dirkie de Villiers, Siegfried Mynhardt, Daan Retief, Al Debbo en Nico Carstens is die gaste op Johan Stemmet se program.

Amerika vier ook om 11nm op 18 Augustus hul goue oomblikke met "All-star Swing Festival", 'n jazz-fees in New York se Lincoln-sentrum. Sien vir Ella Fitzgerald, Count Basie, Duke Ellington, Benny Goodman, Gene Krupa, Teddy Wilson, Lionel Hampton, Joe Williams, Barney Bigard, Dizzy Gillespie en Dave Brubeck in aksie.



*Marcel Ophuls se aangrypende dokumentêre prent oor die gruweldade van die Nazi Klaus Barbie - hy is alombekend as 'Die Slagter van Lyons' - word Woensdag en Donderdag om 9nm op M-Net gebeeldsaai. 'Hotel Terminus' is tydens die 1987-Cannes-fees deur kritici met 'n spesiale prys bekroon*



*Warren Beatty alias Dick Tracy in 'n diner in die middestad*

## Chris en Dick gesels

***Die regisseur, akteur en vervaardiger Warren Beatty se jongste prent, 'Dick Tracy', begin binnekort draai. Dit is een van 'n reeks Hollywood blockbusters waaraan Amerikaners dié somer moes kou. CHRIS PRETORIUS het 'n onderhoud gevoer met die legendariese strokieskarakter.***

EK het besluit om my interview met Dick Tracy in Engels te los omdat dit onmoontlik is om in dit in Afrikaans te vertaal. Dit was laat een nag. Ek kon nie slaap nie en het besluit om te gaan stap. Die strate was koud en neonligte het op die nat teer weerkaats. Ek het vir Dick Tracy in 'n laatnag-diner in 'n nou straatjie in die middestad raakgeloop. Sy wit jas en hoed was onmiskenbaar ...

CP: Hi.
DT: Hi.
(Pause)
CP: This seat taken?
DT: Nope.
CP: Mind if I sit?
DT: Listen mister, it ain't my seat. You wanna sit on it, then you sit on it. Last time I heard this was a free country. What's your drift anyway?
CP: Mind if I ask you a few questions?
DT: I ain't talking to no press.
CP: I'm not on the crime beat.
DT: So what you doin' here if you ain't on the crime beat?
CP: I couldn't sleep. Anyway, I'm on the arts page.
DT: Art? You kidding me. What rag you with?
CP: Vrye Weekblad.
DT: What is this man, a set-up?
CP: No, that's what it's called.
DT: What kind of moniker is that for a paper? It ain't some krant rag, is it?
CP: Nope.
DT: OK, shoot.
CP: What was it like working with Madonna?
(Tracy gives me a blank look. Pause.)
DT: Who?
CP: Madonna. The crooner down at Big Boy Caprice's joint.
DT: You talking about Breathless Mahoney, I presume.
CP: Yeah, Breathless Mahoney.
DT: Get this, okay. That dame ain't nothing to me. She's a lush. I got no time for a lush that drinks her lunch from a whisky bottle. That dame's bad medicine. What is it to you anyways?
CP: What about Tess Trueheart?
DT: Skip the Morse Code, buster. What you getting at? This is a set-up.
CP: This ain't no set-up. This is an interview for the arts page.
DT: Why the arts page anyways? I ain't no fruit. You ritzing me?
(At which point the waitress drifted over to our table and gave Tracy the optic.)
WAITRESS: Tall aren't you?
DT: I didn't mean to be.
W: Ain't you Warren Beatty?
DT: Last time I remember I was called Dick.
W: I could have sworn ... anyway you're cute.
DT: Swell, now beat it.
(She drifted off.)
CP: Who's the kid?
DT: What kid?
CP: The one that just tore the sleeve off your coat and is eating it.
DT: Leave the kid out of this, okay.
CP: Okay. I must say I liked the movie.
DT: Yeah.
CP: I didn't recognize Dustin Hoffman as Mumbles until I saw the titles.
DT: What you call him?
CP: His real name is Dustin Hoffman.
DT: You kidding.
CP: Nope. So, are you going to marry Tess Trueheart?
(Long silence.)
CP: Won't you say something to our readers?
DT: I ain't got nothing to say. Who reads a krant paper anyway?
CP: Say something anyway.
DT: There are Good Guys and there are Bad Guys. And as an American-Superhero-comic strip-detective it is my duty to nail the bad guys. And I nail them ugly hoods good. All Americans can sleep safely. Dick Tracy is on call.
CP: That was great. Thank you Dick Tracy.
DT: Sure, you pick up the tab, will you.
CP: Sure.

Fynproe
NETTIE PIKEUR

# Soep, soep, lieflike soep...

## *neem die plek van 'n maaltyd in*

AS ek in my jonger dae geweet het sop kook was so maklik, het ek darem veel minder moeite gedoen om maaltye te beplan.

Want vandag eers besef ek dat die cranks en assorted weirdos wat gesê het 'n mens moet kleiner maaltye eet hoe later na twaalfuur dit word, heeltemal reg is. En nog meer, 'n goeie vullende sop kan 'n maaltyd op sy eie wees.

Toegegee, 'n vrolike aandete by vriende met die een interessante gereg na die ander is by uitsondering 'n groot plesier, maar om elke aand 'n bordvol vleis, rys of aartappels en wortels en boontjies te verorber, en daarna gebakte poeding? Nee wat.

Een koue middag besef jy dis groentesop waarna jy verlang. 'n Lekker dik geurige sop met kruie en sulke klonte aartappels. En dis 'n gereg op sy eie, nie voor 'n maaltyd of met beskuitjies en kaas en pâtè en goeters nie. Sop, maagdelik op sy eie, met slegs 'n stuk growwebrood en botter, bevredig 'n verlange wat ons lankal onderdruk.

### Wintergroentesop

'n Plankbord vol groente, 'n glas wyn (en een vir jouself terwyl jy kook), twee liter stock blokkies (blokkies in dié geval heeltemal aanvaarbaar, veral die Telma-handelsnaam)'n handevol pietersielie wat nou so wild groei, orego en 'n paar knipsels grasuie, and off you go.

Kruie groei hoeka nou so mooi in 'n wintersonkolletjie op die vensterbank.

Jou swaarboompot is onmisbaar vir sop. (Vriend Louis sê hy is onmisbaar vir alles van steak gaarmaak tot eiers scramble. Jy kan selfs brood daarin bak... maar dis 'n ander storie.) My pot is 'n geel Le Creuset-yster-en-emaljepot wat reeds ses jaar gelede R100 gekos het, betaal met terugbetaalde belastinggeld. 'n Belegging vir 'n leeftyd, met 'n deksel wat so goed pas jy kan hoenders daarin gaar stoom.

Krap in die koskas rond en proe in jou gedagtes: 'n blik tamatiepuree vir kleur, dalk daardie botterbone, met die soet sous afgegooi, asook 'n pakkie rooi dhal wat langsaan lê.

Kap aan growwe stukke: een ui, drie silwerskoon preie en twee huisies knoffel en braai in 'n mengsel van olie en botter tot dit net begin sag word.

Intussen gooi jy twee liter kookwater bo-op jou blokkies hoender- of groentestock in 'n beker, en laat goed trek.

Nou kom jou groen en geel groente in die pot: Een vinkelbol, in fyn snytjies (hou die groen hare vir latere geur), een kop blomkool, in takkies gebreek, 'n paar wortels, ook in groot stukke.

O ja, ook daardie laaste halwe pakkie bevrore ertjies in die vrieskas.

Onthou alles moet in groterige stukke bly, anders word dit pappery wat jy dan net so wel deur die Magimix kan stoot om roomsop te word.

Laastens skil jy twee of drie groot aartappels af, en voeg die ook by. Al die groente moet elk 'n lagie botter of olie om hê.

Een koppie witwyn bo-oor alles - dit gee geur - en dan jou stock, genoeg om die groente toe te maak, en prut vir 'n uur of twee. 'n Handvol lensies of dhal sal sowat 'n uur neem om daarby gaar te word, en gee nog meer body aan die sop. Net voor jy opskep, strooi 'n handvol gekapte vars koljanderblare of pietersielie by. Skep stomend in diep bakkies, met growwebrood en botter daarby. 'n Feesmaal op 'n koue dag...

Die wat vol fiemies is en nie pampoen eet nie, lees gerus later verder, vir die res wat versot is op die goddelike groente:

### Pampoensop

Dis nóg makliker as groentesop. Braai 'n paar fyngekapte preie, wortels en blokkies pampoen in taamlik baie botter met 'n eetlepel meel tot alles begin sag word en die meel die botter opgeslurp het.

Gooi nou die gebruiklike stock - hoender of groente - bo-oor en kruie met 'n bietjie kruisement, sout en peper.

Kook tot alles mooi sag is, en maak die sop in die Magimix glad. Plaas terug in die pot, en voeg 'n bakkie vol suurroom by. Roer goed deur, proe weer vir geur, en skep elegant in bakkies op met nog 'n klontjie suurroom bo-oor vir pretty.

Nog 'n egte peasant-sop reg uit 'n Pasternak-roman is borscht oftewel beetsop. Daar is deesdae allerhande ingewikkelde maniere met grand bestanddele om in die sop op te tower, maar Russiese en Poolse peasants sê 'n mens kook 'n beet in water op, drink die beetwater en eet dan beet, dis al.

Dié een is amper so eenvoudig:

### Beetsop

Skrop ses of sewe bete, maar moenie skil of die lowwe stomp-af sny nie, anders bloei dit alles in die water uit. Kook die beet tot murgsag in gewone water.

Haal die beet uit, trek die velletjies af en sny die lowwe af.

(Dis 'n vreeslike messy besigheid en beetsap vlek alles, veral jou naels.)

Sny die beet nou aan stukke en kook in twee liter hoenderstock, net so sonder enige ander geurmiddel behalwe 'n draaitjie swartpeper, tot die stock donkerrooi van kleur is.

Nou die pret: Gooi die groente en stock twee koppiesvol op 'n slag in die Magimix en voeg 'n skoot suurroom by.

Meng tot die sop glad en pragtig pienk is. Herhaal met die volgende batches tot alles pienk en romerig is, plaas terug op die stoof in 'n soppot en verhit tot blitswarm.

Dien op met nog suurroom.

Die een wat laatnag ontdek hoe lekker koue beetsop is, kan gerus ook sommer die gevlekte kombuis begin skoonmaak.



Die volume Sauvignon Blanc wat die Pierre Simond wingerd lewer, is — dit moet ons erken — beperk.

Die genot wat dit verskaf is gelukkig nie.

Al is dit beskeie, lewer die Pierre Simond wingerd 'n wyn wat beslis meer as die som van sy dele meebring. Grootte, ligging en unieke grondsoorte span saam om 'n Sauvignon Blanc te skep wat, alhoewel dit nie maklik verkrygbaar is nie, 'n ryke beloning bied aan diegene wat gelukkig genoeg is om 'n bottel in die hande te kry.

BOSCHENDAL
WAAR DIE FRANSE HUGENOTE DIE WYNKULTUUR GEVESTIG HET.

Kuper Hands 7827/A

# Verrassings van Villiera

*BJ LANKWARDEN skryf oor wyn*



DIE Landgoed Villiera in die Paarl-distrik is miskien beter bekend vir hul vonkelwyn. Om die waarheid te sê, ek kan nie onthou dat ek ooit nog oor hul ander wyne geskryf het nie - bloot omdat ek nie daarvan weet nie (en nie omdat ek nie daarvan hou nie).

Kyk jy egter na die gehalte van die tradisionele vonkelwyn verbaas dit jou nie dat die ander wyn dieselfde standaard handhaaf nie.

Die Grier-familie het die plaas in 1983 gekoop. Jeff Grier is in beheer van die kelder en Simon Grier sien om na die wingerde. Jeff is 'n Kaapse wynmeester en het 'n interessante benadering tot sy wyn. Die drie bottels wat ek vandeesweek van kon proe, het 'n opvallende nuwe wêreld-geur, wat hulle uitsonder bo baie ander Paarl-wyne.

Die 1989 Villiera Ryn Riesling is 'n aantreklike wyn, byna te jonk om nou te drink en met 'n ryk en smaaklike karakter. 'n Baie interessante wyn, met nog suiker oor maar dit word geëwenaar deur 'n redelik hoë suurgehalte wat aan die wyn 'n baie goeie balans en heerlike geur gee. Dié soort wyn kan 'n verskeidenheid geure in kos weerstaan en sal volmaak gaan saam met ligte kerrie of Indonesiese geregte.

Die 1984 Villiera Ryn Riesling het twee jaar gelede 'n eerste plek verower by 'n Gault et Millau-wynproe in Parys wat waarskynlik baie gedoen het om dié wyn gewild te maak.

Nog 'n nuwe uitreiking is die 1990 Villiera Sauvignon Blanc en 'n baie goeie wyn boonop. Die intensiteit van die sauvignon-druif is baie duidelik in hierdie bleek wyn. Die neus vertoon 'n bietjie wilde vrugte wat oombliklik op die smaak volg. 'n Droë en uitstekende sauvignon blanc wat 'n jaar of twee kan hou en in die proses meer kompleks sal raak.

Die 1988 Villiera Cabernet Sauvignon was daardie jaar die kampioen-rooiwyn by die Paarlse Skou vir Jongwyne. Dis steeds 'n jongerige wyn met 'n jeugdige kleur en 'n raaiselagtige vrugteneus en party byna neutagtige kombinasies. Op die palet maak dit 'n stelling: hier is 'n ferm, mediumgewig maar edele cabernet. Daar is milde bewys van vatveroudering en die tanniene is duidelik teenwoordig, maar nie oorweldigend nie, net reg om die vrugte te ondersteun. 'n Goedvervaardigde wyn, goed gebalanseerd en kan met veiligheid nog vier of vyf jaar verouder. Goeie skoon nasmaak en afronding.

Lyk of ek lank uitgemis het op fantastiese wyne van Villiera.



## Post-koloniale vervreemding

*Hierdie blad word in die geheel gewy aan die donker kontinent van Afrika. Terwyl die Amerikaners en die Britte nog wroeg en romantiseer oor Afrika se verre verlede, wroeg Chris Pretorius oor post-koloniale Afrika. Die eksistensiële vervreemding van twee minnaars in 'n hotelkamer in Maputo is die onderwerp van sy jongste toneelstuk. Dit is losweg gegrond op sy stuk, " 'n Uur en dertien sekondes'. Megan Kruskal en Guy de Lancey is die spelers. Elvis verskaf die musiek. 'A Love Story: Weird Sex in Maputo' is van 15 Augustus in die Laager by die Mark-Teater op die planke*

*Foto: Andrea Vinassa*

# Afrika, o Donker Kontinent...

**MOUNTAINS OF THE MOON**
**Met Patrick Bergin, Iain Glen, Fiona Shaw en Richard E Grant**
**Regie: Bob Rafelson**

**ANDREA VINASSA**

DIE begeerte om 'n goeie rolprent te maak sluit vir baie rolprentmakers skynbaar nie die nastrewing na die waarheid in nie. Dit is veral irriterend wanneer dit die geskiedenis van die kolonialisering van "die donker kontinent" betrek.

Soos Karen Blixen se ervaringe in Afrika subjektief verdraai is deur Kurt Leudtke en Sydney Pollack, gebruik "Mountains of the Moon" se regisseur, Bob Rafelson, en draaiboekskrywer, William Harrison, die lewensverhale van twee Victoriaanse ontdekkersreisigers as afspringplek vir hul eie verhandeling oor hoe dit destyds was.

As 'n mens in biografieë en artikels oor Burton en Speke gaan naslaan, vind jy dat Rafelson en Harrison se vertolking van die avonturiers se verhouding en die gegewe ietwat liberaal is.

Burton was 'n ontdekkingsreisiger, 'n meesterlike swaardvegter, die skrywer van tientalle boeke oor reis - hy het net slegte resensies gekry - en 'n taalkundige wat die vertaling van erotiese lektuur soos "Die Arabiese Nagte" en "Die Geparfumeerde Tuin" in Engels vertaal het. Sonder twyfel was hy veel interessanter as Speke. Rafelson en Harrison fokus in die prent op die twee se verhouding: hulle was aanvanklik goeie vriende, maar mettertyd het hulle aardsvyande geword.

"Mountains of the Moon" se uitgangspunt is uit en uit 'n Angelsentriese of 'n Eerste Wêreldse een.

Daar lei geen twyfel dat "Mountains of the Moon" sitkamer-ontdekkers sal verlei nie. Romantiek word maklik verwek wanneer daar aantreklike mans in neëntiende eeuse modes rondtrippel in die praglandskap van Afrika. Net die gedagte aan die eerste twee wit mans wat die Tanganjika-meer ontdek het en die man wat die bron van die Nyl ontdek het, is genoeg om 'n mens 'n beswyming te gee.

Rafelson en Harrison het die draaiboek vir "Mountains of the Moon" op Harrison se biografiese roman "Burton and Speke" en die twee ontdekkers se dagboeke gegrond. Hulle fokus op die verhouding tussen die idiosinkratiese, sarkastiese en dweepsugtige Richard Burton en die introverte, ambisieuse en onderdrukte John Hanning Speke en suggereer ook hier en daar 'n verhouding wat meer was 'n



*Die regte Richard Francis Burton*

platoniese vriendskap. Die invoegsels homoërotiek is so oorbodig soos die soft porn-tonele tussen Burton en sy toekomstige vrou, Isabel Arundell (Fiona Shaw).

In sy poging om te bewys dat Burton die held was en Speke nie sy vriendskap waardig nie, verdoesel Rafelson al Burton se swak karaktertrekke. Hy was byvoorbeeld totaal ongeörganiseerd, hy was sarkasties, onaangenaam, egosentries en het dikwels neerhalende dinge oor Speke in sy dagboeke geskryf. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy sy draers mishandel het en hulle nie betaal het nie.

Hulle was wel aanvanklik baie goeie vriende, maar tydens 'n drie-jaarlange ontdekkingsreis het hul vriendskap begin verbrokkel en dit is onherroeplik verwoes toe Speke in Engeland sy bevindinge aan die National Geographic Society voorgelê het nadat hy Burton belowe het hy sal vir hom wag.

Speke het Burton nooit vergewe toe hy van sy bevindinge gesteel het om in een van sy verslae in te sluit nie en Speke het 'n geheime wrok teen Burton gekoester. Iain Glen slaag daarin om al hierdie nare aspekte van Speke se karakter uit te beeld, maar Patrick Bergin hemel net vir Burton op sonder om hom enigsins in 'n negatiewe lig te stel.

Burton was meer van 'n avonturier as 'n ontdekker. Hy het meer belang gestel in kulture en menslike interaksie as in aardrykskunde. Dit het vir Speke grensloos geïrriteer. Burton het hom ook kort-kort vir Speke vererg.

Die belangrikste afwyking van die werklik verhaal is hoe Speke die bron van die Nyl uiteindelik kry. In die prent bly Burton as die gyselaar van 'n kwaai opperhoof agter terwyl hy grootmoedig vir Speke wegstuur.

In werklikheid het Burton gekies om by die (Arabiese) nedersetting te bly. Dit was die grootste fout van sy lewe, want Speke het toe die bron van die Nyl ontdek. Hy het eenvoudig nie gedink Speke is bevoeg genoeg om enigiets te ontdek nie en wou net van hom ontslae raak sodat hy die seksuele en ander gewoontes van die Arabiere kon bestudeer.

Die prent wil voorgee dat Burton 'n seker liefde gekoester het vir die mense wat hy in hierdie vreemde plekke ontmoet het. Die feit is dat hy omtrent al die inboorlinge van Afrika en Indië verafsku het en nie doekies omgedraai daaroor in sy dagboeke nie. Hy het hulle lui en barbaars genoem. Soveel vir die romantiese held met 'n liefde vir Afrika.

Ook misleidend is Patrick Bergin se Ierse aksent en Burton se ontmoeting met sy vrou. In die prent ontmoet Burton sy vrou en kort voor lank trou hulle. Eintlik het Isabel Arundell vir Burton ontmoet toe sy 16 jaar oud was en hy 26. Sy het besluit sy wil met hom trou, maar moes 14 jaar wag ... haar ma het toestemming geweier. Burton het haar toe 30 jaar lank probeer ontglip deur op lang ontdekkingsreise te gaan. Hy het haar altyd by die huis gelos. Die rolprent laat die verkeerde indruk dat hul huwelik net maanskyn en rose was.


Galery
Standard Bank Sentrum

**Wenners van Standard Bank se Jongkunstenaarstoekenning**

*Bonnie Ntshalintshali*
*en*
*Fèe Halsted-Berning*

*Plek:*
**Standard Bank Sentrum Galery**
H/v Simmonds- & Frederickstraat
Johannesburg

**U word uitgenooi om die uitstalling te besigtig**
Reël vir parkering: Tel: 636-2354

**Galery-ure:**
Maandag - Vrydag 08:00 - 16:30
Saterdag 8:00 - 12:30
Die uitstalling sluit op Saterdag, 25 Augustus 1990

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde bank) Reg. no. 62/00738/06
SBSA 207213 15x3/8W

# Die kassie of die maan?

## VICTOR MUNNIK skryf oor TV

DAAR is mense wat sê jy kan nie sonder die TV lewe nie. Dis bog. En dis nogal 'n gesonde lewe sonder die kassie ook.

Soel aand in Pangaland en die stasie is Radio Port Natal. Dutch Swing College Band. Oorlede Sammy Davis Junior. Dis net die Ingels en die advertensie vir onderdele vir jou kar wat die skemerkelkie-atmosfeer versuur.

Maar dan's daar Radio Vyf, Tannie Joan Armatrading met raad vir almal wie se hart klop, en kompetisies vir Life Savers, die swiets met die gaatjie in die middel. Vir sommige dinge is daar eenvoudig 'n gaatjie in die middel nodig, of hoe?

Kan nie help om te dink nie die mense wat die foon optel vir kompetisies (soos Niknaks, they roar with ...?) is die tentakeltjies van 'n magtige komplot deur Mental Health nie. Dankie anyway, ek en jy is obviously nog oukei.

### Aan die nimfe

So van oukei gepraat, aan die nimfies wie se magies kloek van swartbostee terwyl hulle dans, kan ons net die beste wense stuur: gee terug aan die aarde wat die aarde toekom. Die laat my buurvrou toe wonder, nee nie oor die Liquifruit-meisie se woestyndroom nie, maar oor die Eno's-advertensie. Kwessie van kleding, sy kan nooit uitmaak of die ou meisie wie se maagsuur so wonderlik verdamp, paslik geklee is vir die okkasie of nie.

Sê die buurman vir wat so kyk en kyk as 'n mens dit tog nie kan sien nie? Wonderlik, nè, hoe gretig die mense is om Eno's te verkoop.

### Spelerig

Lê 'n mens op 'n Durbanse Sondagmiddag met Durbanse drome en worstel, kan jy nog altyd die TV aanskakel vir Rubens op Collage. Sy godin van vrede wat 'n kind voed uit haar bors, bv., beskerm deur Minerva, 'n furie en 'n fantoom. Ja, "selfs die luiperd is spelerig. Hy lê op sy rug en klou na die ranke van 'n wilgerstok".

As Rubens nie jou kop genoeg laat draai het nie, is die volgende kykgenot 'n tierwyfie in Indië wat haar tuisgemaak het in die ou Raj's se somerpaleis, waar sy met haar twee kleintjies woon. Net reg om geskilder te word deur David Shephard, so 'n Floyd met 'n kwas.

Dis dieselfde paleis wat ('n duisend jaar gelede) onder beleg was en waar 20 000 vroue hulself lewendig verbrand het eerder as om deur die veroweraars onteer te word. Wat later 'n tronk geword het waar ter dood veroordeeldes vol opium gepro p is en toe bergaf gerol is. Soos die man sê: die beste denkbare habitat vir 'n tier.

### Vol maan

As daar egter klaar te veel geil beelde in jou kop is, skakel oor na Radio 5. Weet julle die trekklavier word deesdae gebruik in rock? Ja, in boikotbreker Paul Simon se "days of miracle and wonder" en Johnny Glegg se "Freedom in the air". Maar wie kan nou radio luister, newwermaaind TV kyk, as die maan vol oor Durban skyn en 'n troep sangers en dansers direk uit Indië in ons Suikerpot kom speel? sorry ou kassie, verskoon ons maar dié week.

'n Nuwe Afrikaanse weergawe deur NERINA FERREIRA
van Henrik Ibsen se meesterstuk

SPOKE

BEGIN MÔREAAND IN DIE NICO-ARENA

Hierdie meesleurende morele gesinsdrama, modern soos môre, onder spelleiding van Marthinus Basson, met Antoinette Kellerman (mev Alving), Paul Malherbe (Ds Manders), Louw Verwey (Engstrand), Gustav Geldenhuys (Osvald) en Isabelle Mostert (Regine)

KRUIK-TONEEL

Die speelvak duur tot 1 September
Bespreek by Computicket of Bel-'n-Sitplek tel 21-7695

# 69 Sirkulêre antwoorde

*Die stokoue dramaturg CHARLES J FOURIE bied u antwoorde op Chris Pretorius se vrae oor People's Culture en sommer 'n klomp antwoorde op vrae oor Popular Culture, Political Culture, en Painful Culture*

DIT het alles begin met verlede Vrydag se uitgawe van hierdie blad waar daar 57 demokratiese vrae deur ene Chris Pretorius gestel is. Ek het lank gesit. Gewonder. Toe skielik draai my lessenaarlamp sy nek om, druk sy warm gesig onder my kennebak in, en vra my wat is People's Culture.

Ek het nie besef dat my lamp ook die vrae gelees het nie. Ek was geskok. Vinnig het ek 'n bottel pienk sjampanje uit die yskas gepluk, 'n handvol kalmeerpille gesluk en die knoppie op my tikmasjien gedruk. Wrrrr...klik..wrrr..oliverrr... (dramaties nè?) Buite het 'n duif se longe toegeslaan van die pollution, aarde toe getuimel en in my agterplaas geval. (heavy nè?)

Ek het die honderd drie en dertigste draft van "diesel and dust", my mislukte play, eenkant toe geskuif en die trivial pursuit begin.

1. "People's Culture" is die groot "Poepôls Culture". Kyk TV, en sien vir jouself.
2. Die "People" is die "Poepôls."
3. Groter "Poepôls" besluit vir die kleiner "Poepôls" dat hulle "Poepôls" is.
4. Die kleintjies gee om wie die grotes is.
5. Hang af hoe lank die gras is, ons kan altyd aan albei kante wegkruipertjie speel.
6. Deur 'n bier te drink omskryf jy kultuur...
7. Die groot "Poepôls" besluit waarvan die kleintjies moet hou.
8. Sommer.
9. Elke indiwidu kan nie vir homself besluit nie, want elke indiwidu besit nie 'n PC nie.
10. Dis die jaar nul, daarom is strukture noodsaaklik broer.
11. Die besluitproses kan nie vry wees nie want hy word nog ge-negotiate.
12. Sensuur is 'n lang uitgerekte puberteit.
13. Natuurlik is dit geregverdig! Ons moet almal ryp word.
14. Selfs onder 'n "state of emergency" is dit ook geregverdig. (Jy maak my seer!)
15. Die maagde van Pretoria besluit op hulle tyd wanneer penetrasie nodig is.
16. Truk se subsidie is nie van Skotse afkoms nie, daarom is die whisky duur.
17. Lank gelede was daar nie 'n kroeg in die Mark nie, nou's daar 'n foyer...
18. Vra "Poepôls" ooit vrae.
19. Grappie, my kredietkaart het my gesig daarop, en joune?
20. Die advertensie-maatskappye gee om.
21. Mens gaan kyk nie na 'n Truk-produksie nie, jy eet dit.
22. Komaan!
23. Daar's nie parkeerplek vir al die "Poepôls" by die Staatsteater nie.
24. Waterworld is in Boksburg, en hulle is gelink met die Staatsteater dmv 'n PC.
25. Nee, die Volk is gelyk aan die "Poepôls".
26. Computicket en die Security Forces kan die Mark-Teater bekostig.
27. Curl up and lie very still on stage, en teater kan kwalifiseer as "Poepôls Culture".
28. Ja-nee, wat het ons hier.
29. My Jas Pas By My Das. (Dis 'n kode "your dônner".)
30. Geluk! Nogmaals! U het die "mainline" produksie van Grahamstad 1990 bygewoon, u wen ook 'n Standard Bank Old Artists Award.
31. Die aanhou van 'n AK of 'n R4 is bepalend by jou liking van etniese kuns, nie jou velkleur nie.
32. Ego! Ego! Ego! Dis Grieks my chiná.
33. Dan is die klein wit kol van Opperman ook Europese beligting. DJ met permissie gesê.
34. O,o...oooo hoor jy die magtige dreuning, dis die verhoog wat so kraak.
35. Nou vergelyk u 'n stripshow met sonneblomme, en ek hou van blomme.
36. Dis dan die Europeërs wat die Muur se konstruksie self afgetakel het, wat konstruktiefs moet ons nou by hulle leer? Boonop was daar nog paintings ook op daai muur.
37. Hopelik is 'n kunstenaar konstant onder die invloed, en kry hy nie die kans om te besluit wie hom moet beïnvloed nie.
38. Inisiatief is nodig om hierdie omgewing te weerspieël, nie sensiwiteit nie.
39. Brecht het sigare gerook, nie sigarette nie. Piscator het homself beïnvloed.
40. André P Brink en Barbara is pêls, dalk dié dat sy sy romans as aanvaarbare kultuur sien.
41. Die Europese kunsvorm is die Europese gevolg van die Europese kunstenaar se Europese sub-egosentriese vrese vir die inevitable samesmelting van die Europese kontinent se kapitalistiese beheer, in opstand teen die Amerikaanse advertensie-veldtogte vir menseregte. Daarom mag ons Europese kunsvorms rape as ons wil.
42. Of 'n Shuttle.
43. Die Streeksrade sal hulle self moet ontwurm.
44. Dis verbruikerskompetisie om meer as een balletgeselskap te besit en te beheer, daarom het ons vyf, en 'n moerse klomp balletskooltjies vir die "Poepôls" se kindertjies.
45. Moenie worry nie, die toekoms is donker.
46. Maar Pierre van "P" is mos 'n ambassadeur, het jy nie geweet nie?
47. Wie by Truk gaan negotiate en wie gaan afdank?
48. Gehoorapparate was in Beethoven se tyd ook peperduur, daarom spandeer ons nog steeds baie geld aan "Fidelio."
49. Ek dog dis eintlik apartheid en armoede wat die ANC dwars in die krop steek, nie "Fidelio" nie.
50. Net emotional diewe kan sensitief wees teenoor die Suid-Afrikaanse okasie.
51. Die einde is in sig, hoera, ry ons lê-lê so, ek bo en jy ônner.
52. "SKOP, SKIET, EN VERKRAG MY SIEL OP DIE SYPAADJIE", vertoon tans op die hoek van Loveday-straat as jy nie van die Staatsteater hou nie.
53. Die mees mindless entertainment waarmee die "Poepôls" hulle tans kan besig hou is telefoon-tapping, en dit kos niks. Wel, nie so baie nie.
54. Clare Stopford hou van "thirtysomething", en u? (Die haan het nou drie keer gekraai, nog een vraag uit my bek en ek vertrek.)
55. Die 1820 Setlaars gee regtig om vir hulle monument, en hulle deel ook pryse daar uit.
56. Die werklikheid van kultuur is jou laaste bier voor jy in die kar klim.
57. Big Bang!
58. Ja, en toe het sjampanje en Calmettes Sameul Beckett glo 82 jaar oud laat word. Nie Ierse of Skotse whisky nie.
59. Nou vra jy my 'n moerse vraag, laat ek dink.
60. Ek weet nie.
61. Ek weet nog steeds nie.
62. Ek weet nie meer nie!
63. Ek wil nie weet nie, okay!
64. Ek.....los my uit!
65. Nee!
66. Jung het visgevang nie ek nie!
67. Jesus help ons!
68. Oppas!
69. Aaaaaaaa! (Nou kan jy kom bo lê, "your dônner".)

DIE EINDE

# Nog 'n paar vrae

*ROBIN HAWKINS maak 'n Kaapse lawaai*

***Base-berigte 1: Richard Nwabi***

DIE week was vir my maar oes. Ek is nie juis een vir die Quick-Quick-tweeling of Bright Blue nie, en die ellendige Goeie Hoop-sentrum is nou net eenvoudig te vaal vir woorde. Die hoofjol van die naweek was dus nie vir my nie.

Maar nou ja, die Base-spyskaart het nogal interessant gelyk. Ene Richard Nwabi: blinde diskotant uit Worcester, met 'n splinternuwe debuut-album, "Reflections", en 'n plek op die Radio Xhosa trefferlyn met Pantsula. Dus, Base toe. Vir disko was ek reg. Die berigte het my min of meer voorberei. Maar vir die vervelige Ray Charles/Stevie Wonder-kruising, met die drie onberispelike diskobokkies voor-doob-do-wap - sou niks op aarde my berei het nie. En hy dra nog wragtie sulke swart, blink "wraparounds" ook. Ek sweer.

As ek nou eers verby die lag kom, was die musiek self eintlik nie te sleg nie. Hoogs professioneel, streng volgens die Hollywood-model, en net genoeg Soweto-jive om uiters bemarkbaar te wees. Met ander woorde, ek was verveeld en het maar in bier genot gaan soek.

***Base-berigte 2: NETTV die naweek***

Die goeie nuus: is dat Not Even the TV weer eerskomende Vrydag en Saterdag by The Base gaan wees. En dis nuus, hoor. Een van my lieflingorkessies dié, nogal uit Oos-Londen... Dave Masters, die sanger en leier, is myns insiens een van die sterkste sangers in die omte.

Sy lewering, half potsierlik, is altyd boeiend. Hy's geen Chippendale nie, maar mens word gedwing om te kyk hoe Dave die talle inhoudslae van sy lirieke met sy ongewone gebare en gesigsuitdrukkings probeer ontrafel. Die orkes is beslis die R10 werd, en boonop word hulle deur Dolly Rockers ondersteun. Ek het al goeie goed van hulle gehoor en was amper Saterdagaand eerder Playground toe, waar hulle die naweek gespeel het. Pleks dat ek nou só gemaak het. Dus wil ek sterk aanbeveel dat diegene wat iets meer wil hê, en die gestel daarvoor het, 'n uitstappie Base toe reël.

***Sports***

Eintlik uitgesels oor die week se dinge, maar vir die sports net nog 'n paar aanmerkings, na aanleiding van Chris Pretorius se 57 Vrae, as ek mag. Ons sal mekaar verstaan en kan die polemiek weerstaan, indien dit mag ontstaan.

Eerstens oor vraag 3: Wie besluit wie die "People" is? ... Ek sou sê Sales House, as ek so teen vyfuur op die stasie so om my kyk. En die advertensie is briljant.

Die vraag ontstaan dus weer, wie besluit wie die "People" is? Uit 'n ekonomiese oogpunt gesien, is dit nogal 'n belangrike vraag.

Na vraag 2: Wie is die "People" ... Ek toon bewysstuk 1: die paragraaf oor Richard Nwabi hierbo.

Hierdie leë dop - nogal 'n namaaksel? - wat so ligtelik oor liefde en sulks sing en vir die gehoor soveel plesier gee. Die mense "dig" dit. Daar was 'n gefluit en 'n gekners van lywe. Lekker. Dis die "People" (ek wil dit altyd verkeerd om spel.)

Die kwelpuntjies sommer net vir die lekker. Hoe lyk dit maats, laat ons van julle hoor. Hoe voel julle oor die raaisels?

# 'n Preek en 'n paar slakke

***'n Hele paar miere, slakke en 'n ongelukkige hond het hierdie lewe verlaat as gevolg van ANDREA VINASSA se gewelddadigheid, maar basies is sy 'n pasifis. Daarom raak sy baie omgekrap as sy geweldpraatjies op teaterverhoë hoor***

EK wil ook nou my straaltjie bygiet oor die verskynsel van epiese teater waaraan teaterliefhebbers die afgelope weke onderwerp is ... dié terugkeer na grootse, dawerende opvoerings wat allerlei verwagtings meebring.

Eers die breër konteks: Evalueer 'n mens Guy Butler se "Demea" en André Brink se "Houd-den-Bek", vind jy dat hulle volgens Barbara Masekela se voorskrifte vir teater in 'n nuwe Suid-Afrika, nie sleg vaar nie.

Altwee die opvoerings - ook stukke soos Pieter Fourie se "Donderdag se Mense" en "Animal Farm" - probeer met inhoud en aanbieding dekades van rassisme en diskriminasie ongedaan maak.

Trouens, Truk maak al 'n ruk lank die regte moves - op die verhoog, altans, nie noodwendig agter die skerms nie - om 'n inheemse karakter aan staatsgesubsidieërde teater te gee. Vat byvoorbeeld die Shakespeare-produksies wat as allegorieë vir die Suid-Afrikaanse politieke milieu aangepas word, asook die Genet-stukke. Maar, sal Masekela sê, al hierdie stukke val in 'n Westerse tradisie.

Nou het Truk "Demea" en "Houd-den-Bek" - laasgenoemde 'n baie beter produksie en teks as die Butler-stuk, moet ek byvoeg - aangepak, en hoewel hulle Westerse modelle gebruik, doen hulle vir my in baie aspekte soos protesteater of struggle-teater aan. Die aanbiedings deel die didaktiek, die simplistiese jukstaponering van goed en kwaad, die episodiese verloop, die beklemtoning van die vertelling bo karakter-ontwikkeling en aksie bo interaksie, en die uitdrukking van 'n hunkering na 'n eenvoudig geïdealiseerde werklikheid ... wat gewoonlik gepaard gaan met die uitwissing van die wortel van alle kwaad, die witmense. Oor hierdie verskaffing van kitsbevrediging behoort Masekela bly te wees.

Oor die stukke se meriete is daar orals redekawel, maar een ding wat my opgeval het, is dat albei uiters gewelddadige oplossings bied. Nòg Brink nòg Butler bevraagteken die bloeddorstige handelinge van hul tragiese "helde", terwyl die produksies hul wraaksugtigheid verheerlik.

"Houd-den-Bek" eindig met 'n herskepping van 'n negentiende eeuse slawe-opstand. Galant skiet sy heerser, Nicolaas (met deemis en diepte gespeel deur Dawid Minnaar) dood en 'n mens kry nogal lekker. Dieselfde gevoel wanneer die walglike klomp Afrikaners in "Demea" hul verdiende loon kry en impi's hulle uitmoor. Almal sing dan Nkosi Sikelel' iAfrika, maar wat gebeur daarna?



*Nomsa Xaba en Peter Se-Puma in 'Demea'*

Dis hierdie onbewuste goedkeuring van geweld as oplossing wat my al lankal in protesteater gepla het.

Binne die veilige mure van 'n teater is dit boeiend om vrye loop te gee aan katarsiese geweld en dramatiese wraaksug, maar as ons wil hê ons teater moet uitstyg bo geromantiseerde vermaak, moet ons ook verder kyk as die glorieryke oorwinning van die verdruktes.

Wie ookal skuld het aan die gruwelike geweld in Edendale, in Sebokeng, in Welkom, in Jeppestraat, neem almal deel en die meerderheid daarvan word aangevuur deur 'n behoefte om wraak te neem.

Wraak is 'n vicious circle en dit blyk moeilik te wees om jouself te onttrek as jy eers jou vyand se bloed geproe het.

Toe Shakespeare "Othello", "Hamlet", "Macbeth", "King Lear" en "Romeo and Juliet" geskryf het, het hy geweet dat in 'n gewelddadige stryd wen niemand eintlik nie. Almal vrek. Fisiek of geestelik. Genet het dit met "The Blacks" geweet. Hoekom weet ons dit nie?

(Hierdie is so 'n pedantiese stuk wat ek nou skryf, en reaksionêr daarby, dat ek myself nou begin naar maak, maar dis 'n teken van die tye.)

Anyway, hier is die punt: Dit is opvallend dat Nelson Mandela se neef, Gibson Kente, 'n ding of twee geweet het toe hy "Sekunjalo" geskryf het. Hy was van die min plaaslike skrywers wat skepties was oor geweld en het uitgevaar teen 'n post-revolusionêre regering wat hulle wil met geweld sou wou afdwing.

(My kommentaar hier word beperk tot die tema en raak nie aan die gehalte nie. "Sekunjalo" was ook een van die verveligste stukke wat ek in my lewe gesien het.)

Almal het vir Kente as reaksionêr en konserwatief afgemaak toe hy nie saam wou speel met geweldpraatjies nie en vanjaar vaar hy teen ouers uit wat toelaat dat hul kinders comrade-comrade speel en nie in die skool sit nie. Dws, die korttermynoplossing versus die langtermynoplossing.

# Soviet drama for the '90s looks to Stanislavsky

***Moscow's Lunacharsky Institute of Dramatic Art is the only Soviet academy of higher education where students are trained in all disciplines of the performing arts. Glasnost has swept through the school bringing with it things which would have seemed preposterous in the '80s. The Novosti Press Agency's NATALIA PIVOVAROVA spoke to the 37-year-old rector, Sergei Isaev***

PIVOVAROVA: Do you think the courses that remained unchanged for decades are hopelessly outdated?

ISAEV: Not in everything. Some were based on Stanislavky's fruitful traditions. These are to be cherished and developed. But the patterns established in the stagnation years must be dealt with. Anyway, more must be expelled from the current system of stage education than preserved.

NP: What are the reform trends?

SI: Firstly, we changed our approach to the teaching of social and theoretical disciplines. The old harsh ways are gone. Now we vary teaching methods and courses according to students' demands. Lecture attendance is optional. Take our traditional course in the history of religion. Now, it can be replaced by optional Scriptural and Talmudic studies, or courses in Oriental religions. Detailed studies of one or several aspects instead of an all-embracing lecture course are very fruitful ... at least, as I see it.

NP: What do professors think about it?

SI: Most of them are up in arms against the reform. Their argument is that we must produce not mere actors, directors or stage managers but, first and foremost, erudite people. But I don't think this can be imposed on you.

NP: What about new teaching practices?

SI: They stem from the current situation on the Soviet stage. The mid-'30s implemented rigid economic and ideological patterns for non-touring repertory companies. Their experiments were doomed to failure. Everything viable was born in stage schools where there was room for experiment.

The renowned Sovremennik Theatre, for one, branched off from the Art Theatre Studio, and Oleg Tabakov's and Anatoli Vasiliev's studios from the Sovremennik. Such studios were rare before, and you had to cross swords with reactionary officials to launch them.

Now every leading professor of acting techniques, singing, dancing and direction has the right to start a studio of his own with senior students. At present, our institute has three - all promising arrangements which allow raw undergraduate youths to feel they are true actors and stage directors.

There is another new arrangement: co-operation with particular companies in Moscow, for which we train actors. Now we have a class to join the Central Children's Theatre after graduation, and are planning another, for the Mossoviet Theatre.

The actual teaching proceeds at the theatre, though the boys and girls are officially considered institute undergraduates. Acting techniques are taught by the company's leading actors, and the students appear on stage from their first year. This pattern supplies theatres with new blood.

NP: How about students from other Soviet republics?

SI: We devised a new commercial arrangement for them. The institute will get tuition fees out of republican budgets and students will have close legal and financial contacts with their Ministries of Culture. Classes will alternate with extramural studies on the basis of individual tuition, with students working for their national companies.

They will appear in Moscow for their end-of-term examinations and our professors will regularly visit them at their theatres. Practice will show how the arrangement works. Now we are selecting freshmen from the Modavian Folk Company.

NP: The institute must be making more contact with other countries than before?

SI: Yes. We have non-stop overseas tours. Our senior students staged their graduate productions in France, Greece, Switzerland, Italy and America. We have close links with stage schools all over the world. Take the recent student exchange experiment with the Odense Drama School, Denmark.


dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
Dorothy Ann Gould in
THE HEIDI CHRONICLES deur Wendy Wasserstein
Regie deur Clare Stopford - 'Nie net 'n snaakse stuk nie, ook 'n wyse een' - NY Daily News

UPSTAIRS
'Hot from the Fringe'
Hoogtepunte van die Grahamstad-fees

DIE LAAGER
Guy de Lancey en Megan Kruskal in
A LOVE STORY - WEIRD SEX IN MAPUTO -
deur CHRIS PRETORIUS
- BEGIN 15 AUGUSTUS -

WAREHOUSE BY DIE MARK
Bruce Cassidy en Barney Rachabane se
CONVERSATIONS - begin 20 Augustus - 832-1641

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Township Fever Band daarna - 832-1646

MARK-GALERYE
Ralf Grunder - 'Graffitti van die Berlynse muur'
Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

# TEATER

## JOHANNESBURG

By die *André Huguenet-Teater* is SINGLE SPIES met Sandra Duncan te sien. Tel: (011) 725-6300.

JESUS CHRIST SUPERSTAR is by die *Victory-Teater* in Louis Bothalaan te sien. Tel: (011) 728-2979.

By die *Trust Bank-Arena, Windybrow* is Michael McCabe in THE EMISSARY te sien. Tel: (011) 724-3301.

THE HEIDI CRONICLES met Fiona Ramsay, Nicky Rebelo en Jonathan Rands speel by die *Markteater*. Tel: (011) 832-1641.

By die *Village Manor-Teater* is JUST TE WAY YOU ARE, met Peter Taylor en Vicky Sampson te sien. Tel: (011) 884-1400.

Guy Butler se DEMEA is by die *Alexander-Teater* in Braamfontein te sien. Met Graham Hopkins en Louis van Niekerk. Tel: (011) 339-3461.

By die *Alhambra-Teater* kan Gordon Mulholland en Rex Garner in MOVE OVER MRS MARKHAM gesien word. Laaste twee weke. Tel: (011) 402-7726.

## KAAPSTAD

*Baxter-Teater*, Mainstraat: *Studio*: Berkoff se EAST. Tot 11 Augustus. Tel: (021) 685-7880.

*Opera*: THE RAPE OF LUCRETIA is tot 5 Augustus op die planke. Tel: (021) 21-5470.

In die *Arena* is THE ZOO STORY tot 4 Augustus. SPOKE begin 11 Augustus. Met Antionette Kellermann. Tot 1 September. Tel: (021) 21-5470.



***Nicky Rebelo, Dorothy Anne Gould en Jonathan Rands in THE HEIDI CRONICLES wat by die Markteater te sien is. Word aanstaande week in VryDag! bespreek.***


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 10-16 AUGUST
* Main Feature starts 15 minutes after advertised times * BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MADAME SOUSATZKA — Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FANTASIA — A Walt Disney Classic (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 HILLBROW 724-2511
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEX, LIES AND VIDEOTAPE — James Spader, Andie MacDowell (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAIR OF THE WHITE WORM — Hugh Grant, Catherine Oxenberg (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO RANDBURG 787-0340
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

7 ARTS NORWOOD 483-1680
CARMEN (Ballet) DAILY 2.00, 6.00 (2-16)
LIFE OF BRIAN DAILY 8.00, 10.00 (2-21)

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HOMEBOY — Mickey Rourke, Christopher Walken (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
DAD — Jack Lemmon, Ted Danson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
THE HUNT FOR RED OCTOBER — Sean Connery, Alec Baldwin (A) DAILY. 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
GONE WITH THE WIND — Clark Gable, Vivien Leigh (A) DAILY: 10.00, 2.30, 7.30

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL MON-FRI: 6.00, 9.00 SAT: 2.00, 6.00, 9.00
150 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL MON-FRI. 6.00, 9.00. SAT. 2.00, 6.00, 9.00

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553
MON-SAT. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19)
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19)
NEXT OF KIN — Patrick Swayze, Helen Hunt (2-16)
NIGHTGAME — Roy Scheider, Karen Young (2-16)

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: John Travolta, Kirstie Alley LOOK WHO'S TALKING Comedy (A)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 10-11 August

NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096
CLEAN AND SOBER — A Powerful Drama (2-18) Michael Keaton, Kathy Baker DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Without A Clue — Crime Thriller (A) Michael Caine, Ben Kingsley DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
The Little Mermaid — A Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROBOCOP II — Action and Thrills (2-16) Peter Weller, Nancy Allen DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL MON-FRI: 6.00, 9.00. SAT: 2.30, 6.00, 9.00
150 FILM SCHOOL FILM FESTIVAL MON-FRI: 6.00, 9.00. SAT: 2.30, 6.00, 9.00

NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767
ROBOCOP II — Action and Thrills (2-16) Peter Weller, Nancy Allen DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg Ryan, Tom Hanks DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
The Delinquents — An Absorbing Teenage Drama (2-14) Kylie Minogue, Charlie Schlatter DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET


# MUSIEK

## JOHANNESBURG

*Jamesons*, Commissionerstraat: Die jol is weer aan met verskeie jazz-groepe wat elke Woensdag, Vrydag en Saterdagaand optree. Tel: (011) 834-2351.
*Piccadilly Bar*, Highstraat, Brixton: Vanaand: Little Sister. Woensdag: Diamond Dogs. Saterdag: Jack Hammer. Tel: (011) 726-6019.
*Roxy Rhythm Bar*, Melville: Maandag: Count Ash, Dinsdag: Little Sister, Woensdag: P J Powers. Donderdag: Tananas, Vrydag: Fat City, Saterdag: Diamond Dogs. Tel: (011) 726-6019.
*Rumours*, Rockeystraat: Woensdag: Louis Levy, Donderdag: Stan Jones (klavier) en Art Kelly (bas). Hulle tree ook Sondae saam met Gil Anderson (tromme) op.
*Radium Beer Hall*, Louis Bothalaan: Sondae: The Fat Sound Big Band tree hier op. Bel om uit te vind watter Sondae: (011) 728-3866.
*Kippies*, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) Fly by Nite tree tans hier op - jazz fusion.
*The Junction*, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die plate-joggie. Vir "denkende" jollers.
*Late Nite Duke's*, Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.
*Club Manzattan*, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomste-groepdisko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.
*Blues*, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

## KAAPSTAD

*Base*: Sondag is Jazz Denn. Tel: (021) 23-3667 vir inligting oor wat in die week daar aangaan.
*La Med*, Victoriastraat, Clifton: Jeff Weiner en Mainstream elke Saterdag van 2 tot 6nm.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 10-16 August

NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROBOCOP II — Action and Thrills (2-16) Peter Weller, Nancy Allen DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY. 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585
THE RAINBOW — A Film from Ken Russell (2-19) Glenda Jackson, Christopher Gable DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569
The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin DAILY: 10.00, 2.15, 5.15, 8.00, 10.30

NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040
We're No Angels — Action (A) Robert DeNiro, Sean Penn PLUS The Hunt For Red October — Super Action and Suspense (A) Sean Connery, Alec Baldwin MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00
ROBOCOP II — Action and Thrills (2-16) Peter Weller, Nancy Allen PLUS SHE-DEVIL — Drama (2-14) Meryl Streep MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN


# GALERYE

## JOHANNESBURG

*Standard Bank Sentrum-Galery*: Die Jong Kunstenaarwenners Bonnie Ntshalintshali en Fee Halsted-Berning stal hier uit. Tot 25 Augustus.
*Gallery on the Market*, Newtown: Uitstalling van werk deur Alastair Findlay, Derek Bauer en Tinus Horn.
*Les Art International*, Rosebank: Uitstalling van etse en kunswerke deur verskeie kunstenaars. Tot einde Augustus.
*East Urquhart-galery*, Melville: Uitstalling van blommeskilderye deur Sharland East-Urquhart. Tel (011) 726-6677.
*Kim Sacks-galery*, Yeoville: Op die laaste Sondag van elke maand hou die galery 'n oop dag wanneer die publiek die geleentheid kry om kunstenaars in aksie te sien. Mandjiemaakdemonstrasies en so aan. Tel: (011) 648-6107.



***'n Tentoonstelling getiteld 'The Land of Righteous Men" - kuns uit Burkina Faso - begin môre by Primitive Art and Antiques, Mutualplein 34, Oxfordlaan 169, Rosebank.***

*Theresa Jo se Workshop*, Bizarre-sentrum, Yeoville: Handgemaakte juweliersware en 'n verskeidenheid van etse deur Theresa Naude.
*African Magic*: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.
*Zona*. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg. Uitstalling deur Samson Mudzunga.

## KAAPSTAD

*Suid Afrikaanse Nasionale kunsmuseum*: Die Japanese Kleurhoutsnee. Tot 7 September.
*Dorpsstraat-galery*, Stellenbosch: Uitstalling deur Johan Smith. Tot 25 Augustus. tel: (02231) 72256.
*Baxter-Galery*: Algemene galery-uitstalling.
*Art Scene*, Seepunt: Gemengde galery-uitstalling.
*Chelsea-galery*, Waterloo-weg 51, Wynberg: Uitstalling deur verskeie plaaslike kunstenaars.
*Gallery 709*, Adderleystraat: Uitstalling getiteld Contemporary Trends II. Galeryversameling wat beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars insluit, onder andere: Judith Mason-Attwood, Philippa Hobbs en André Naude.
*Kunskamer*, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.
*Gallery International*, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

## PIETERMARITZBURG

*New Tatham-galery*: Uitstallings deur Jackson Hlungwane en die People's Park uitstalling.

********Voortreflik***
*******Sterk aanbeveel***
******Sien gerus***
*****So-so***
****Vermy as jy nugter is***
***Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie***

***** *JESUS OF MONTREAL* - 'n Mengelmoes van realiteit en illusie deur regisseur Denys Archand. Glo uitstekend.

***** *SEX, LIES AND VIDEOTAPE* - Andie McDowell speel die rol van 'n ongelukkige huisvrou en James Spader speel 'n soort hippie met seksuele probleme in die wonderlike fliek wat 'n Palm D'Or by die Cannes-filmfees ingepalm het.

**** *PRETTY WOMAN* - Richard Gere is 'n sakeman, kompleet met grys 'saidies', wat perongeluk op 'n prostituut verlief raak. Julia Roberts (van Steel Magnolias-faam) is die vriendelike prostituut. 'n Lokettreffer.

**** *TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES* - Die fliek oor vier baie dapper skilpaaie, 'n pragtige joernalis genaamd April en die boef Shredder is hier en 'n treffer.

*** *MOUNTAINS OF THE MOON* - Die ware verhaal van twee mans en hulle soektog na die oorsprong van die Nyl. Met Patrick Bergen en Iain Glen.

*** *THE HUNT FOR RED OCTOBER* - Sean Connery in sy nuutse spioenasiefliek. Ook met Alec Baldwin.

*** *QUEEN OF HEARTS* - 'n Seun onthou sy jeugjare, verander sy familie se lewe tydens een aand se kaartspeel en verlang na die cuppuchino-masjien. Met Anita Zagaria, Joseph Long en Ian Hawkes.

*** *FANTASIA* - Die 50ste herdenking van Walt Disney se fantasie-film met Leopold Stokowski en die Philadelphia-orkes.

** *I LOVE YOU TO DEATH* - Kevin Kline is die een wat vir sy lewe moet veg in die komedie. Ook met Tracey Ullman, William Hurt en River Phoenix.

** *THAT SUMMER OF WHITE ROSES* - 'n Man probeer wys dat hy nog 'n man is, dis oorlog, 'n mooi vrou raak op hom verlief en op 'n stadium is daar baie spanning. Gebaseer op 'n ware verhaal. Met Tom Conti en Susan George.

** *MADAME SOUSATZKA* - Shirley MacLaine speel die hoofrol en dit alleen regverdig 'n kuiertjie by die fliek.

** *ERIK, THE VIKING* - John Cleese is terug in hierdie baie snaakse fliek oor 'n sensitiewe Wiking (Tim Robbins) wat soek na die antwoord op die groot vraag: waaroor gaan dit eintlik nou alles. Daar is natuurlik vrouens by die saak betrokke. Ook met Mickey Rooney.

** *THE LITTLE MERMAID* - Hans Christian Anderson se verhaal oor 'n meermin wat graag 'n mens wil word. Wenner van twee Academy-toekennings.

** *BACK TO THE FUTURE III* - Wonder waarheen is hulle dié keer. Steven Spielberg het seker 'n plek gekry. Met Michael J. Fox, Christopher Lloyd en Mary Steenburgen.

** *DELINQUENTS* - Kylie Minoque in 'n fliek oor twee tieners wat nie hulle mind kan opmaak of hulle wil of nie wil nie, en dis al. Charlie Schlatter is die tienerseun wat die probleem deel.

* *LISTEN TO ME* - Iemand luister nie vir iemand nie in die drama oor drie vriende met probleme. Met Kirk Cameron, Jami Gertz en Tim Quill.

* *STELLA* - Bette Midler is 'n ma wat 'n dogter alleen grootmaak en sukkel om haar af te staan toe dit tyd is. Ook met Marsha Mason.

* *BAD INFLUENCE* - Rob Lowe probeer baie hard om die slegte invloed te wees maar dit werk nie. James Spader is die een wat beïnvloed word.

Vervolg op bl B8



***Regs: Rob Lowe in die fliek BAD INFLUENCE.***

# Kaapstad

**SK — WORD NOU VERTOON — VRYDAG en SATERDAG 10 en 11 AUGUSTUS 1990**
**ROLPRENTE**
**TEATERS** — VOORUITBESPREKING BY COMPUTICKET (NAVRAE (021) 21-4715)

## Blue Route Tokai
Blouroetesentrum, Tel. 75-3030
DAAGLIKS: 10.00 vm 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
SEAN CONNERY ● ALEC BALDWIN
**THE HUNT FOR RED OCTOBER**
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

SATERDAG ALLEEN: 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

VRYDAG: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: 5 15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
MAAN-DON: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.15 nm ALLEEN
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

SAANS: 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**BAD INFLUENCE**
SPANNINGS RILLER — (Geen 2-19)

## Maynard Mall Wynberg
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
**THE HUNT FOR RED OCTOBER**
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7 45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

SATERDAG ALLEEN: om 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

VRYDAG: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
MAAN-DON: 9 45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

## Monte Carlo
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
VRY/SAT: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10,40 nm
MAAN-DON: 10.30 vm, 2.30, 5.30, 8.30 nm
**MOUNTAINS OF THE MOON**
PATRICK BERGIN ● IAIN GLEN (O.T. 2-12)

MAAN-DON: 10.30 vm, 2.30, 5.30 en 8.00 nm
JOHN CLEESE ● MICKEY ROONEY ● SARAH KITT
**ERIK THE VIKING** (ALMAL)

## Protea Claremont
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
**MOUNTAINS OF THE MOON**
PATRICK BERGIN ● IAIN GLEN (O.T. 2-12)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 9 45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET

## Constantia Rosebank
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.15, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
WEN-REGISEUR CLAUDE ZIDI SE
**RIPOUX-CONTRE-RIPOUX**
Philippe Noiret ● Guy Marchand – Met onderskrifte

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
**QUEEN OF HEARTS**
DIE SEISOEN SE SOETSTE VERRASSING (Almal)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.20, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**JESUS OF MONTREAL** (2-18)

## Goue Akker
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 2.45 en 7.45 nm ALLEEN
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET

DAAGLIKS: 12.30, 5.15 en 10.00 nm ALLEEN
**THE HIDDEN**
Wreed — Wetenskap Fiksie — Avontuurlike Riller! (2-16)

## Tygervallei
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.15, 5.15, 8.00, 10.40 nm
SEAN CONNERY ● ALEC BALDWIN
**THE HUNT FOR RED OCTOBER**
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)

SATERDAG ALLEEN: 10.00 vm, 12.00 en 2.15 nm
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**

VRYDAG: 10.00 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: om 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
MAAN-DON: 10 00, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2 45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

## Kine Parow
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
VRY/SAT: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5 45, 8.15, 10.30 nm
MAAN-DON: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45 en 8.30 nm
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

SATERDAG ALLEEN: om 9 45 vm, 12.00 en 2.15 nm
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**

VRYDAG: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
SATERDAG: om 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
MAAN-DON: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.30 en 8.00 nm
'N NUWE GESLAG KRIMINELE
**THE HIDDEN**
Wreed — Wetenskap Fiksie — Avontuurlike Riller! (2-16)

## Somerset-Wes
TEL. (024) 51-5581
VRY/SAT: 2.00, 4.45, 7.15 en 9.30 nm
MAAN-DON: 3.00, 6.00 en 8.30 nm ALLEEN
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
**ROBOCOP 2**
PETER WEELER ● NANCY ALL!EN (2-16)

VRYDAG: 2 00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
MAAN-DON: 2.30, 5.30 en 8.00 nm ALLEEN
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

## Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
— LET OP SPESIALE TYE —
MAAN-VRY: 1.45, 4.30, 6.45, 9.30 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 1.45, 4.30, 6.45 en 9.30 nm
SEAN CONNERY ● ALEC BALDWIN
**THE HUNT FOR RED OCTOBER**
GELAAI MET SPANNING!! (Almal)

MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

SATERDAG: 11.00 vm, en 2.00 nm ALLEEN
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

VRYDAG: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
SATERDAG: 4.15, 6.30 en 8.45 nm
MAAN-DON: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
★ MAANDAG 13 AUGUSTUS om 9.00 nm ★
**CLOCKWORK ORANGE** (2-19)

MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 vm
**SEX, LIES AND VIDEOTAPE** (2-19)

**IN-RY** ★ SAANS OM 7.30 nm ★
★ R11,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente ★

**Goodwood-Tel 54-4339** – Langs Goodwood Skougrond
**ROBOCOP 2** (2-16) **CASULTIES OF WAR** (2-19)

**Seabreeze - Tel 701-3309** – Pollsmoorweg, TOKAI
**INTERNAL AFFAIRS** (2-19) **BLACK RAIN** (2-16)

**Skyvue - Tel 903-5130** – Hoofweg, KUILSRIVIER
**DELINQUENTS** (2-16) **RETURN TO RIVER KWAI** (2-14)

---

**SK STER-KINEKOR — 10 AUGUSTUS – 16 AUGUSTUS**
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
**ROLPRENTE**
LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE
PRETORIA COMPUTICKET NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Maan-Don. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
Vry Sat 10 00 12.15, 2 30, 5 30, 8.00, 10 30 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
THE HIDDEN (2-16)
STELLA (2-13)
MADHOUSE (2-12)
LISTEN TO ME (2-14)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
INTERNAL AFFAIRS (2-19)
Daagliks 10 00 2 15, 5.15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2-18)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE
NA 4 NM MAAN-VRY, SAT HELE DAG

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134/724-4116**
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
Daagliks 10 00, 12 15, 2.30, 5 15, 7 45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks 10 00, 2 30, 7 45 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
Daagliks. 12 15, 5.30, 10 00 nm
THE HIDDEN (2-16)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

## NOORD

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
Daagliks 10 00 2 15, 5.15 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks. 5 30, 7.45, 10 00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Aug – DIE HARD 2 (2 16)
31 Aug – JOHNNY HANDSOME (2 18)

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks 10 00, 12.15, 2 30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks 5 30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13)
VOLGENDE AANBIEDING
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)

**SK STER-KINEKOR 10 Aug – 16 Aug INRYE**
INRYE
Vertoning begin 7 nm
Hekke & Kafeteria maak 6 nm oop
TOEGANG
Net R12 per Motor, Kombi of Bakkie
Motorfietse net R4
Voetgangers net R2

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
17 Aug MADHOUSE/ I LOVE YOU TO DEATH

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
KYLIE MINOGUE
THE DELINQUENTS (2-14)
RELENTLESS (2-18)
17 Aug REVENGE/ RED SCORPION

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
KEVIN KLINE ( A FISH CALLED WANDA ) IN DIE SUPER KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
17 Aug: THE LITTLE MERMAID

**SANDTON CITY 1-9 783-4430/1**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
Daagliks 10 00, 2 15, 5 15, 8 00, 10 45 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
STELLA (2-13)
BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
LISTEN TO ME (2-14)
KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
THE LITTLE MERMAID (A)
N WALT DISNEY ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT!
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
VOLGENDE AANBIEDINGS
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)

**SK DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS**
Pensioenaris konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10.00 vm, 12 15 & 2 30 nm by Constantia en The Mall
VOLGENDE AANBIEDINGS:
THE PHILOSOPHER
REUNION
THE MAD MONKEY
GIRL IN A SWING
ROSALIE GOES SHOPPING
RIVER'S EDGE
LA PETITE VOLEUSE

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daagliks: 10.00, 12.15 2.30, 5.30, 8.00 10 15 nm
RIPOUX CONTRE RIPOUX (A)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 9 45, 12.15 2 30, 5.30, 8.00, 10 30
JESUS OF MONTREAL (2-18)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10 00, 2 15, 5.15, 8 00, 10.40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
AA-LIFE/M-NET VITA-TOEKENNINGS FINALISTE
SLEGS VIR EEN WEEK!
Daagliks: 10.00, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 nm
QUEEN OF HEARTS (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
THAT SUMMER OF WHITE ROSES (2-16)
FINALE DAE!

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
84 CHARLIE MOPIC (2-10)
Daagliks. 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00, 10.15 nm
ERIK THE VIKING (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5677**
DIE AKSIE BELAAIDE DRAMA MET PETER WELLER!
ROBOCOP 2 (2-16)
STORMY MONDAY (2-16)
10 Aug. PRETTY WOMAN

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
ALWAYS (A)
17 Aug. BAD INFLUENCE TWO MOON JUNCTION

**VEREENIGING 12-3211**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
ALWAYS (A)
17 Aug LISTEN TO ME/ SHE-DEVIL

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
ALWAYS (A)
17 Aug BAD INFLUENCE/ TWO MOON JUNCTION

**KINANDER (EVANDER) 24117**
MICHAEL DOUGLAS, DANNY DE VITO & KATHLEEN TURNER! IN DIE SUPER KOMEDIE!
THE WAR OF THE ROSES (2-17)
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
17 Aug WALT DISNEY SE THE LITTLE MERMAID

## OOS

**EASTGATE 1-8 622-3617/8**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 15 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
LISTEN TO ME (2-14)
Daagliks 10 00 12 15, 2 30 5 30, 8 00, 10 15 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks 5 30, 8 00, 10 15 nm
STELLA (2-13)
VOLGENDE AANBIEDINGS
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Maan-Don: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30 7 45 nm
Vry Sat 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2 16)

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Maan-Don. 10 00 2 15 5 15, 8 00 nm
Vry-Sat 10 00 2 15, 5 15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223**
Maan-Don 10 00, 12 15 2 30 5 30 7 45 nm
Vry-Sat 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Kindervertoning Sat 11 Aug 10 00 & 12 15
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
31 Aug – VITAL SIGNS (2-16)
31 Aug – FAMILY BUSINESS (2 18)

## POTCH

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daagliks 10 00 2 15, 5.15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA!
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 5 30, 7 45, 10 00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)
24 Aug – DIE HARD 2 (2 16)

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
UNCLE BUCK (A)
17 Aug REVENGE

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1305**
WALT DISNEY SE
THE LITTLE MERMAID (A)
JOE VS THE VOLCANO (A)
17 Aug I LOVE YOU TO DEATH

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
LAASTE WEEK!
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
LET IT RIDE (A)
17 Aug ROBOCOP 2

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE AKSIE SPANNING RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
17 Aug MADHOUSE

**KRUGERSDORP 953-1959**
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE AKSIE SPANNING RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
17 Aug INTERNAL AFFAIRS

## WES

**WESTGATE 1-8 764-2530**
Daagliks 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks 10 00, 2 15, 5.15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks 5 30, 7 45, 10 00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
Daagliks. 10 00, 2.30, 7 45 nm
STELLA (2-13)
Daagliks 12 15, 5 30, 10 00 nm
MADHOUSE (2-12)
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks 5 30 7 45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
17 Aug – HEART CONDITION (2 18)

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daagliks 10 00, 2 15, 5 15, 8 00, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
SEAN CONNERY & ALEC BALDWIN!
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
THE VENUS TRAP (2-19)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Kaartjies: Volwassenes R6,50. Skollere R4,50
Daagliks. 10 30 2 15, 5 15, 7 45, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
Daagliks. 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
PRETTY WOMAN (2-14)
THE HIDDEN (2-16)
BAD INFLUENCE (2-19)
VOLGENDE AANBIEDING
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daagliks 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
31 Aug – FAMILY BUSINESS (2-18)

## VAAL △

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
Daagliks. 10 00, 2 30, 7 45 nm
STELLA (2-13)
Daagliks 12.15, 5 30, 10 00 nm
MADHOUSE (2-12)
VOLGENDE AANBIEDING
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM!
Daagliks. 10 30, 2.15, 5.15, 7 45, 10 40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
LAASTE WEEK!
PRETTY WOMAN (2-14)
THE DELINQUENTS (2-14)
17 Aug ROBOCOP 2

**KEMPTON PARK 816-1444/975-4905**
DIE TREFFER AKSIE KOMEDIE!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
17 Aug BAD INFLUENCE

**BRAKPAN 816-1444/918-3907**
DIE AKSIE BELAAIDE FILM MET PETER WELLER!
ROBOCOP 2 (2-16)
BEST OF THE BEST (VV2-8)
17 Aug REVENGE/ SIEGE AT FIREBASE GLORIA

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138**
SUPER AKSIE RILLER MET ROB LOWE EN JAMES SPADER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
Aug 17: BACK TO THE FUTURE 3

**NIGEL 816-1444/739-6616**
WALT DISNEY SE
THE LITTLE MERMAID (A)
HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)
17 Aug BACK TO THE FUTURE 3

## PRETORIA

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
ROBOCOP 2 (2-16)
HY IS TERUG OM DIE ONSKULDIGES TE BESKERM! AKSIE & OPWINDING!
THE HIDDEN (2-16)
N AKSIE-BELAAIDE RILLER MET MICHAEL NOURI!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
MADHOUSE (2-12)
KIRSTIE ' LOOK WHO S TALKING ' ALLEY & JOHN ' NIGHT COURT ' LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
LISTEN TO ME (2-14)
KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
Daagliks: 10 30, 2 15, 5 15, 7.45, 10 40 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
N WARE AVONTUURVERHAAL! MET PATRICK BERGIN & IAIN GLEN!
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
STELLA (2-13)
BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
PRETTY WOMAN (2-14)
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
17 Aug – HEART CONDITION (2-18)

**TRANSVALIA 26-8387**
FILMFEES
Skakel teater vir besonderhede

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Maan-Don: 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat: 10 00 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
Maan-Don: 10 30, 2 15, 5.15, 7 45 nm
Vry-Sat: 10.30, 2.15, 5 15, 7 45, 10.40 nm
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
VOLGENDE AANBIEDING
24 Aug – DIE HARD 2 (2-16)

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10 30 nm

**Sun City Teaters 014651-21174**
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
HEART CONDITION (2-18)
BLIND FURY (2-14)
CINE 1
SPLINTERNUWE VRYSTELLINGS
BLUE ANGEL CAFE (Volwasse)
A LUSTFUL MIND (Volwasse)
CINE 2
THE MISTRESS (Volwasse)
SCREW LOOSE (Volwasse)

**SK STER-KINEKOR PRETORIA INRYE**
Skakel asb. Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

**LYNNWOOD 87-1633**
HY IS TERUG IN AKSIE! VOLOP SPANNING EN OPWINDING!
ROBOCOP 2 (2-16)
THE PACKAGE (2-14)

**SWARTKOPS 374-4902**
AKSIE EN OPWINDING! MET PETER WELLER EN NANCY ALLEN!
ROBOCOP 2 (2-16)
THE PACKAGE (2-14)

**WONDERBOOM 57-1108**
RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE TREFFER ROMANTIESE KOMEDIE!
PRETTY WOMAN (2-14)
JOE VS THE VOLCANO (A)

**UITSPAN 7-2515**
HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! VIR DIE HELE FAMILIE!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
TRY THIS ONE FOR SIZE (A)

**JAKARANDA 54-9115 9**
WALT DISNEY SE NUUTSTE TREFFER AVONTUUR STROKIESPRENT!
THE LITTLE MERMAID (A)
HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**WITBANK 01351-81064**
KIRK CAMERON EN JAMI GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
LISTEN TO ME (2-14)
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)

**RUSTENBURG 01421-23358**
MICHAEL J FOX IS TERUG IN DIE AKSIE AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
AMAZING STORIES (2-12)

# ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

**KAAPSTAD**

LABIA - Oranjestraat 68:

*Vandag:*
Die volgende flieks wys hier. Tye was nie beskikbaar nie. One Deadly Summer, My Sweet Little Village, Chouans!, Salaam Bombay, Eat a Bowl of Tea en La Lectrice. Tel: (021) 24-5927.

**JOHANNESBURG**

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow:

Die Osprey Filmfees

*Vandag:*
3.00: Morgen in Alabama
5.15: Pixote
7.45: Morgén in Alabama
10.00: Pixote

*Saterdag:*
3.00: A Woman in Flames
5.15: Pixote
7.45: A Woman in Flames
10.00: Pixote

*Maandag* tot *Donderdag* om 3, 6 en 9nm: KISS OF THE SPIDERWOMAN met William Hurt en Raul Julia.

Tel: (011) 642-8915.

***Manie van Rensburg se "Fourth Reich" is een van die ses prente wat vir vanjaar se M-Net Vita-Rolprentpryse in aanmerking kom. Regs is Tertius Meintjies, Ian Roberts en Dan Robbertse in 'n toneel uit die prent. Die prente wat benoem is word dié week en volgende week by die Rosebank Mall vertoon. Hulle is "Rutanga Tapes", "Lamberene", "Windprints" en "The Schoolmaster". Die publiek word vanjaar genooi om ook vir die beste Suid-Afrikaanse prent te stem. Bespreek by Computicket.***



# DIE WEEK SE TV

## VRYDAG 10 AUGUSTUS

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Rags to Riches
3.30 The Racoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Peanuts
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.00 The Dirty Dozen
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Rooi Rose/ Antenne voorkoms van die jaar-wedstryd
10.00 Sy Majesteit die Poot
11.20 Patsy Gallant
11.50 Oordenking

### TV2
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

### TV3
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

### TV4
5.00 TopSport
9.04 Easter Rock festival
10.43 Forever James Dean - kyk onder hoogtepunte
11.51 MASH

### M-NET
10.30 Clue
12.00 The Money Programme
3.00 Hallo Spencer
3.30 The Smurfs
3.50 Dino Riders
4.15 Inspector Gadget
4.40 The Flintstone Kids
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Sport
Intekenare
7.00 Better off dead
8.35 60 Minutes
9.00 No Man's Land
10.45 Fietsry
11.15 Dr No
1.00 Purple Rain - kyk onder hoogtepunte

## SATERDAG 11

### TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum
7.00 Goeie Môre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Oskapades
11.10 Die Robinsons
11.35 Oorlewing
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Boeremusiek-kompetisie
7.00 Die waaghals
8.00 News
8.35 LA Law
9.30 Cat Ballou - kyk onder hoogtepunte
11.10 Gholf
12.10 Epilogue

### TV2
11.00 Educational Rendezvous
3.10 TopSport
6.30 Epilogue
6.45 News
7.01 Top 20
8.55 Oordenking

### TV3
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
6.27 Epilogue
6.30 Nuus
6.45 In depth programme
7.00 Top 20
8.55 Oordenking

### TV4
6.02 Mr Belvedere
9.03 Kupid
9.51 Benson
10.18 Our House
11.10 Horror Trilogy
11.35 TopSport

### M-NET
7.00 K-TV
11.00 Billionaire Boys Club
2.00 Motorsport
3.30 Wrestelmania
Oop Tyd
6.00 Diamonds
Intekenare
7.00 Superstars and Classic Cars
8.40 60 Minutes
9.00 Warning Sign
11.00 Bustin' Loose
12.30 Aliens
3.00 Boks

## SONDAG 12

### TV1
12.30 Joy of Music
1.00 Tao Tao
1.30 ZET!
1.40 The Gummi Bears
2.05 Walt Disney-fliek
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.45 Beyond 2000
5.45 Kruis en Kroniek
6.25 Skat in kleipotte
6.40 Met Woord en lied
7.00 50/50
8.00 Nuus
9.00 Bill - kyk onder hoogtepunte
10.40 A Look at the Book
10.50 Gholf

### TV2
1.00 TopSport
5.57 Vulkane
6.30 In depth programme
7.45 Nuus
7.01 Masekhane
7.55 Oordenking

### TV3
12.00 TopSport
5.57 Terasse
6.30 News
6.45 In depth programme
7.01 Imahlasedi a Tumelo
7.55 Oordenking

### TV4
10.00 Impressions
12.00 TopSport
9.04 Lovely to look at
10.50 Muzik a la Carte
11.19 TopSport

### M-NET
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Sylvanian Families
2.00 Mac and Mutley
2.30 Superbook
3.00 The Pick-up artist
5.00 Fietsry
5.50 Perdewedrenne
Oop Tyd
6.00 Beauty and the Beast
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wild World of Animals
8.30 The Golden Child
10.05 Saturday Night
10.30 All of Me

## MAANDAG 13

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleschool
4.05 Santa Barbara
4.30 Just the Ten of Us
5.00 Innovations
5.15 Bionic Six
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 Origins
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 St Eligius
10.50 Oordenking
11.00 TopSport

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Hello Kitty's
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Police File
8.00 Velaphi
8.30 Ziyaduma

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Dikolong
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Police File
8.00 After 8
8.30 Sediba Sa Moya

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Family Ties
9.30 Wiseguy
10.27 Unsolved Mysteries
11.20 Rock 'n Roll Palace

### M-NET
10.30 Oliver's Story
12.00 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Dirty Harry
8.40 60 Minutes
9.00 Monsignor - kyk onder hoogtepunte
11.00 No Man's Land

## DINSDAG 14

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Oscar
3.45 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Slimjanne
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Stoomtrein-Safari
7.30 Orkney snork nie
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 TopSport
12.00 Evening Prayer

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.46 Dealing with Dogs
5.58 Centurions
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.31 Tydskrifprogram

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.45 Dealing with Dogs
5.58 Thakaneng
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Musiek

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Shatered Spirits
10.47 My Two Dads
11.13 Paradise

### M-NET
10.30 News at Eleven
12.00 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Muntant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 The Jewel of the Nile - kyk onder hoogtepunte
8.45 60 Minutes
9.00 The Twilight Zone - kyk onder hoogtepunte
9.30 Hitchhiker - kyk onder hoogtepunte
10.00 Supersport
11.00 Message to my Daughter

## WOENSDAG 15

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleschool
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 ZAPMAG
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Space Experience
7.30 Who's the Boss
8.00 Nuus
9.05 Die Guldenburgs
10.00 Alfred Hitchcock bied aan...
10.30 Feite en fabels
11.00 Oordenking

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and development
5.58 Jeugdrama
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.26 Bathathe

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and Development
5.58 G I Joe
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.26 Crossbow

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Napoleon and Josephine
9.58 Night Court
10.56 Die Fred-konneksie

### M-NET
10.30 Better off Dead
12.10 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Doctor Doctor
Intekenare
7.00 No Man's Land
8.45 60 Minutes
9.00 Hotel Terminus (deel 1) - kyk onder hoogtepunte
10.30 Fietsry
11.00 Warning Sign

## DONDERDAG 16

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Wysheid van die kabouters
4.00 Rustelose jare
5.00 Wetenskap in werking
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Binnekring
8.00 News
9.00 thirtysomething
10.00 City
10.30 Diagonal Street
11.00 Strindberg: A Life
12.00 Face to Face

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Tydskrifprogram
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 526
8.00 Crossbow
8.30 Jazz

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Kickers
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Pick-a-Box
8.00 Nong Seakaladi
8.30 Jazz

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Napoleon and Josephine
10.01 Movie Focus
10.29 The Nutt House
10.56 T.J. Hooker

### M-NET
10.30 Dr No
12.15 60 Minutes
3.00 Hallo Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Dino Riders
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 The Dave Thomas Show
8.30 Evita's Indaba
9.00 Hotel Terminus (deel 2)
11.30 The Golden Child

## Prince en rebelse James

PRINCE speel laatvanaand die rol van 'n sukkelende musikant in die fliek PURPLE RAIN wat op M-net te sien is. Hy het familieprobleme, raak op die verkeerde meisie verlief en so aan. Ook met Appollonia Kotero.

Die minireeks HOTEL TERMINUS, oor die loopbaan van die berugte SS-offisier Klaus Barbie, wys Woensdag- en Donderdagaand op M-Net. As hoof van die Gestapo in Lyons, Frankryk (1942 tot 1944) was hy verantwoordelik vir die marteling en dood van duisende, onder andere die weerstandsleier Jean Moulin.

Kathleen Turner en Michael Douglas is Dinsdagaand in THE JEWEL OF THE NILE op M-Net te sien waarin hulle onmoontlike avonture en dinge deurmaak in hulle soektog na 'n kosbare skat. Hulle red ook so terloops hulle kwynende romanse. Ook met Danny de Vito.

'n Program oor die pragtige James Dean - FOREVER JAMES DEAN - is vanaand op TV4 te sien. 'n Blik op hom as mens, sy verhoudings met sy familie en vriende word in die eksklusiewe beeldmateriaal uitgebeeld.

'n Ambisieuse Amerikaanse priester (Superman Christopher Reeve in 'n ander gewaad) raak betrokke by die politiek en finansies van die Vatikaan en gaan selfs so ver as om op 'n non (Genevieve Bujold) verlief te raak in MONSIGNOR wat Maandagaand op M-Net wys.

CAT BALLOU is 'n fliek oor 'n jong vrou wat 'n nikswerd skerpskutter huur om haar pa teen 'n verskriklike en geweldadige man te beskerm. Jane Fonda, Lee Marvin en Nat King Cole speel die hoofrolle en die film wys Saterdagaand op TV1.

Twee nuwe reekse begin Donderdagaand op M-Net. TWILIGHT ZONE is eerste aan die beurt oor allerhande snaakse onverklaarbare gebeure. Daarna volg die rillerreeks HITCHHIKER.

'n Storie gebaseer op 'n ware verhaal oor 'n verstandelik vertraagde man wat in die samelewing probeer aanpas, BILL, wys Sondagaand op TV1. Die feit dat die samelewing New York is maak sake natuurlik nie maklik nie.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

DIE REGTE SIR RICHARD BURTON - B3